

LIGGAAMLIKE ^{Opvoeding}
ONTSPANNING IN

ENKELE SUID - AFRIKAANSE

NYWERHEDE.

Deur

J. S. K. BOSMAN, B.P.Ed.(P.U: vir C.H.O.)
B.Ed. (S.A.)

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

'n Verhandeling ingelewer vir die
Graad van Magister Educationis van
die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys.

V O O R W O O R D.

Die terrein van ontspanning in die algemeen, en in die nywerhede in besonder, is 'n braakland wat in Suid-Afrika nog onbewerk lê. Dit is inderwaarheid 'n gebied wat nie baie jare gelede eers tot 'n noodsaaklikheid deur die wêreld ontwikkel het nie - veral nie in Suid-Afrika nie. Die geweldige industrialisasie wat ons land in die afgelope paar dekades ondergaan het en wat nog steeds toeneem, het net soos in ander lande sy voordele gebring, maar terselfdertyd nuwe eise gestel en probleme geskep. 'n Toename van vryetyd as gevolg van minder werksure, is een van die belangrikste resultate. Indien hierdie tyd nie nuttig aangewend word nie, kan dit skade aan die moraal en vooruitgang van 'n volk berokken. Opbouende en regbestede ontspanning kan egter as 'n belangrike hulpmiddel dien in die voorkoming van so 'n degenerasie, en veel bydra dat die individu sy vryetyd vrugbaar bestee.

As 'n deurdagte leier op die gebied van die Liggaamlike Opvoeding, het prof. D.P.J. Smith, B.A., M.Ed., D.PHIL. (S.A.), DIPL. TURN-, SPORT- U. GYM.-LEHRER (BERLYN), die gevare in hierdie verband sien deurskemer en die noodsaaklikheid van studie op die gebied van nywerheidsontspanning in Suid-Afrika besef. Deur sy inspirasie en insig het ek my op hierdie terrein begeef, en getrag om deur 'n ondersoek 'n positiewe bydrae vir ontspanning in die Suid-Afrikaanse nywerhede te lewer; om aanvoerwerk vir latere uitbreiding en afronding van hierdie aktuele vraagstuk op hierdie belangrike gebied te doen; om die vakgebied van die Liggaamlike Opvoeding te verryk.

As leier het prof. Smith my deurentyd op 'n wetenskaplike en bekwame wyse voorgegaan en my met raad en daad bygestaan. As leermeester en navorser koester ek vir hom die hoogste respek. My erkentlikheid aan hom ook vir sy persoonlike belangstelling, aanmoediging en opoffering van sy kosbare tyd gedurende die studie.

/Verder....

Verder wil ek graag my dank en waardering teenoor die nyweraars uitspreek wat my tot hul ontspanningsklubs en nywerhede toegang verleen het, en aan alle persone wat my op 'n vriendelike wyse van inligting voorsien en te woord gestaan het. Ook aan alle werknemers wat hul die tyd en moeite getroos het om die betrokke vraelyste so volledig te voltooi. Sonder die hulp en samewerking van al hierdie persone sou die studie onmoontlik gewees het.

Die finansiële steun van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het my in staat gestel om meer onkoste aan te gaan en sodoende die ondersoek na meer nywerhede uit te brei. My innige waardering daarvoor.

Benewens 'n vol werkprogram het mnr. J.C.W. Badenhorst Hon. B.A., B. Ekon; (Univ. S.A.) alle moeite ontsien om hierdie manuskrip taalkundig te versorg. Aan hom sowel as mev. J.M. Nel wat die tikwerk besonder noukeurig en sistematies gedoen het, 'n woord van dank.

Die liefdevolle aanmoediging van my vrou gedurende die studie is vir my 'n riem onder die hart. Benewens verskeie ander persone was my ouers in besonder deur die jare 'n kragbron van inspirasie. As blyk van waardering vir hul opofferings en bemoediging van my eerste studiejare, rig ek hierdie verhandeling aan hul adres.

Desember 1962.
POTCHEFSTROOM.

J.S.K. Bosman

I N H O U D.

Hoofstuk	Bladsy
Voorwoord	ii - iii
Algemene inleiding	1 - 5
<u>AFDELING A.</u>	1 - 72
<u>I. VERKLARING VAN TERME : VRYTYD, ONTSPANNING,</u>	
<u>SPEL EN WERK.</u>	6 - 21
1. Vryetyd.	6-10
(a) Definisie.	6- 7
(b) Slaaptyd, eettyd en vryetyd.	7- 8
(c) Vryetyd en niksdoen.	8
(d) Vryetyd en onproduktiwiteit.	9-10
2. Ontspanning.	10 - 13
(a) Definisie	10-11
(b) Ontspanning en vryetyd.	11-12
(c) Ontspanning en opvoeding.	12-13
(d) Nywerheidsontspanning.	13
3. Spel.	13 - 20
(a) Definisie.	13-15
(b) Teorieë oor spel.	15-18
(c) Kenmerke van spel.	18
(d) Kinderspel en volwasse spel.	18-19
(e) Spel en ontspanning.	19-20
4. Werk.	20 - 21
(a) Definisie.	20-21
(b) Slawewerk. (Drudgery).	21
(c) Werk en spel.	21
<u>II. 'n GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN NYWERHEIDSONTSPANNING.</u>	22 - 35
1. Ontspanning by die ou beskawings.	22-24
(a) Ontspanning by die primitiewe volkere.	22-23
(b) Ontspanning gedurende die Grieks-Romeinse tydperk.	23
(c) Ontspanning gedurende die Middeleeue.	23-24
2. Ontspanning gedurende die Renaissance tot die begin van die twintigste eeu.	24-26
(a) Die Renaissancetydperk.	24-25
(b) Die Hervormingsperiode.	25
(c) Die invloed van die Industriële Rewolusie.	25-26
/3. Die.....	

3.	Die ontwikkeling van Nywerheidsontspanning.	26 - 35
(a)	Die eerste jare van die twintigste eeu tot 1914.	26-28
(b)	Gedurende die Eerste Wereldoorlog (1914-1918)	28
(c)	Die periode van uitbreiding (1918-1930)	28-31
(d)	Die depressiejare tot die Eerste Tweede Wereldoorlog.	31-33
(e)	Die Tweede Wereldoorlog en daarna (1939---).	33-35

III. FAKTORE WAT NYWERHEIDSONTSPANNING BEPAAL. ... 36 - 44

1.	Korter werksdag....	36-37
2.	Die invloed van meganisasie.	37-38
3.	Die invloed van eentonigheid van werk.	38
4.	Minder skeppingsmoontlikhede.	39
5.	Die invloed van speed en spanning...	39-40
6.	Werkloosheid.	40
7.	Groei van stede....	40-41
8.	Veranderde huislike toestande.	41-42
9.	Veranderde ekonomiese toestande.	42
10.	Frustrasie van jeugdige werknemers...	42-43
11.	Fiksheid en ontspanning.	43
12.	Werkgeskiktheid en langlewendheid...	43-44

IV. DIE KENMERKE EN VOORDELE VAN NYWERHEIDSONTSPANNING. 45 - 54

1.	Kenmerke van nywerheidsontspanning...	45 - 48
(a)	Ontspanning beteken aktief wees.	45-46
(b)	Ontspanning is ryk aan verskeidenheid.	46
(c)	In ontspanning is 'n motief.	46
(d)	Ontspanning geskied gedurende vryetyd.	46-47
(e)	Ontspanning is vrywillig.	47
(f)	Ontspanning is universeel.	47-48
(g)	Ontspanning is bruikbaar.	48
(h)	Ontspanning is die resultaat van ervaring.	48
2.	Die voordele (waarde) van nywerheidsontspanning.	48 - 54
(a)	Algemene voordele van ontspanning.	49-51
(i)	Ontspanning verryk die ervaring.	49
(ii)	Ontspanning bied kompensasie.	49
(iii)	Regressiewe waarde van ontspanning...	49-50
(iv)	Ontvlugting van die werklikheid.	50
(v)	Bevrediging van sosiale behoeftes.	50
(vi)	Ontlading van aggressiewe neigings..	50-51
(vii)	Ontwikkeling van individuele vindingrykheid.	51
(b)	Besondere voordele van nywerheidsontspanning.	51 - 54
(i)	Opheffing van frustrasie.	51
(ii)	Beter werknemer-werkgewer-verhouding.	51-52
(iii)	Ontspanning bepaal leierskap.	52
(iv)	Ontspanning verminder ongelukke.	52
(v)	Ontspanning ontwikkel beter spangees.	52
(vi)	Aantreklikheid van werksomstandighede.	53
(vii)	Ontspanning verhoog die gemeenskapsgevoel.	53
(viii)	Ontspanning ontwikkel groter werkgeskiktheid...	53-54
(ix)	Ontspanning verhoog die gesondheid van werkers.	54
(x)	Ekonomiese voordeel van ontspanning..	54

V.	<u>NYWERHEIDSONTSPANNING EN DIE OPVOEDING.</u>	...	55 -- 59
	1. Die betekenis van opvoeding vir ontspanning.	...	55-56
	2. Die eenheid tussen opvoeding en ontspanning.	...	56-57
	3. Die vierde „R” - Rekreasie.	...	57-58
	4. Bydraes van opvoeding vir ontspanning.	...	58-59
VI.	<u>DIE ONTSPANNINGSLEIER.</u>	...	60 -- 72
	1. Die belangrikheid van leierskap.	...	60-61
	2. Teorieë en kenmerke van leierskap.	...	61-66
	3. Die opleiding van ontspanningsleiers.	...	66-71
	4. Hulpleiers.	...	71-72
	<u>AFDELING B.</u>	...	73 -- 199
	<u>EIE ONDERSOEK.</u>		
I.	<u>PROBLEEMSTELLING.</u>	...	73 -- 74
II.	<u>DOEL VAN DIE ONDERSOEK.</u>	...	75 -- 77
III.	<u>METODE VAN ONDERSOEK EN DIE VERSAMELING VAN DIE GEGEWENS.</u>	...	78 -- 102
	1. Beskrywing van gebruikte metodes.	...	78-80
	2. Die proefondersoek.	...	80-82
	3. Die hoofondersoek.	...	82-83
	4. Vraelys wat vir werkgewers gebruik is.	...	84-91
	5. Handleiding vir die vraelys aan werknemers.	...	92-100
	6. Vraelys aan werknemers.	...	100-102
IV.	<u>GEGEWENS VAN DIE ONDERSOEK.</u>	...	103 - 154
	1. Algemene besonderhede.	...	105-106
	2. Die administrasie en organisasie van die ontspanningsprogram.	...	106-113
	(a) Die ontspanningsentrum.	...	106-108
	(b) Programbeplanning.	...	108-109
	(c) Die ontspanningsleier.	...	109-110
	(d) Lidmaatskap.	...	110-111
	(e) Organisasie van subklubs.	...	111-112
	(f) Afrigting.	...	112-113
	3. Aanmoediging en bestendiging van ontspanning.	...	113 - 118
	(a) Ontwikkeling van ontspanning.	...	113-114
	(b) Nuwe klubs.	...	114-115
	(c) Werksure en vryetyd.	...	115-116
	(d) Publisiteit.	...	116-117
	(e) Familie-ontspanning.	...	117-118
	4. Finansiële besteding aan ontspanning.	...	118 - 121
	(a) Ledegelde.	...	119-120
	(b) Drankverkope.	...	120-121
	(c) Ander inkomstes.	...	120-121
	5. Aktiwiteite en fasiliteite.	...	122 - 136
	(a) Aktiwiteite.	...	126-132
	(b) Fasiliteite.	...	132-136
	6. Algemene gegewens.	...	136 - 140
	(a) Higiëniese werksomstandighede.	...	136-137
	(b) Klagtes in verband met ontspanning.	...	137-140
	(c) Menings van woordvoerders.	...	140

VII.

	Bladsy.
7. Ontspanning vir nie-blankes.	140 - 142
8. Gegewens van werknemers verkry.	142 - 154
V. <u>'n KRITIESE BESPREKING VAN DIE GEGEWENS.</u>	155 - 181
1. Die program vir nywerheidsontspanning.	155 - 166
(a) Die behoeftes en belangstelling van werkers	156-157
(b) Die geslag van die werkers.	157-158
(c) Die ouderdom van werkers.	158-159
(d) Die graad van vaardigheid.	159
(e) Ligging van die nywerheid en ontspannings- terrein... ..	159-160
(f) Die noodsaaklikheid van leierskap.	160-161
(g) Die program van aktiwiteite.	161-164
(h) Pouseontspanning in die nywerhede.	164-166
2. Die administrasie en organisasie van die nywerheidsontspanningsvereniging.	166 - 177.
(a) Die doel van die ontspanningsvereniging..	167
(b) Die beginsels van administrasie en orga- nisasie in nywerheidsontspanning.	167-171
(c) Die organiserende bestuur van die ontspanningsvereniging.	171-174
(d) Konstitusie en bywette van die ontspan- ningsvereniging.	174-175
(e) Fasiliteite en apparaat van die ontspanningsvereniging.	175
(f) Die belangrikheid van rekords en rapporte.	-
(g) Die publisiteitskomitee.	175-176
3. Finansiëring van nywerheidsontspanning.	177 - 181
(a) Metodes van finansiëring van die program.	177-180
(b) Koste van nywerheidsontspanning.	180-181
VI. <u>AANBEVELINGE.</u>	182 - 194
1. Opleiding van ontspanningsleiers.	182-188
2. Beroepsekuriteit vir ontspanningsleiers.	188-189
3. Aanmoediging tot groter deelname.	189-191
4. Beter programbeplanning.	191-192
5. Verbetering van algemene administrasie en organisasie.	192
6. Aanvang van pouseontspanning.	192-193
7. Finansiële beleid.	193
8. Verdere studie.	194
<u>BIBLIOGRAFIE.</u>	195 - 199

A F D E L I N G ▲.

ALGEMENE INLEIDING.

Vryetyd en ontspanning het gedurende die vroegste eeue vir die mens geen of baie min betekenis gehad en nog minder 'n bepaalde doel. Sy aandag en tyd is merendeels deur werk in beslag geneem, omdat die stryd vir bestaan dit vereis het. In die loop van die tyd het vryetyd die voorreg van 'n klein groepie geword deurdat van slawearbeid gebruik gemaak is. Die moderne gemeganiseerde en industriële eeu het hierdie bevoorregte groep in getal laat styg en deur die gebruikmaking van die masjien, het vryetyd in die bereik van elke mens gekom. Neumeyer en Neumeyer (58 : 13) reken hierdie gebeurtenis so belangrik dat hulle sê: „Leisure for everybody..... may prove to be the most revolutionary thing that has ever happened.”

Hande-arbeid is merendeels deur die masjien vervang en die werker het meer toeskouer as skepper geword. Nie alleen is inisiatief en die geleentheid vir selfskepping hom hierdeur ontnem nie, maar sy liggaamsbeweging het ook verminder. Verstandelik het hy passief begin word en emosioneel het 'n mate van verstarring by hom ingetree. Kortom, die prikkels vir gebalanseerde liggaamlike en geestelike ontwikkeling het afgeneem. Ontspanning kan egter veel bydra om hiervoor te kompenseer. Om die woorde van Romey (65 : 3) aan te haal: „It is in his time-off - the - job, his free choosing time, his earned leisure, that man must find compensation for the deprivations of his work. It is then that he may discover his potentialities and may venture into chosen pastures at the dictates of his appetites and talents.”

Benewens hierdie voordeel wat nuttige vryetydsbesteding vir die individu inhou, het dit ook groot waarde vir die gemeenskap.....

skap. Om dit te verseker, is beplanning noodsaaklik, andersins kan nuttige tyd vir die samelewing verlore gaan, en kan die misbruike daarvan selfs groot probleme skep. Die gesonde voortbestaan, die gesellige verkeer en die kulturele, selfs die verstandelike, ontwikkeling van 'n volk word dus grootliks deur die vryetydsbesteding van sy indiwidue bepaal.

Die aard en omvang van ontspanning is ook deur die ont-saglike toename en uitbreiding van veral nywerhede in hulle moderne opset en derhalwe die uitbreiding van vryetyd, beïnvloed. 'n Groter eis word aan sport en spele, sosiale en kulturele vorme van ontspanning, gestel. In die nywerheidsweese het dit 'n metamorfose ondergaan en meegebring, en daarom dat nywerheids-ontspanning, tans deur die hele wêreld, soveel aandag geniet en 'n georganiseerde vorm noodsaaklik geword het. In Suid-Afrika het die nywerheidsweese gedurende die afgelope dekades so snel ontwikkel dat georganiseerde ontspanning 'n vereiste geword het en bepaalde aandag nodig het.

Hoewel die omvang van ontspanning hier te lande nie dieselfde is as in ander lande nie, word die belangrikheid daarvan deur verskillende instansies besef. ^{Deur} Munisipaliteite, skole, nywerhede en selfs van regeringskant, is reeds aanvoorwerk in dier voege gemaak. Op 26 Julie 1961 het die destydse adjunk-minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, adv. B.J. Vorster, (79:6) by geleentheid van 'n spesiale vergadering van die Suid-Afrikaanse Natuurunie te Pretoria die nadruk veral op die noodsaaklikheid van ontspanning in Suid-Afrika laat val dat openbare ontspanning op nasionale grondslag, 'n onbetwisbare owerheidsverantwoordelikheid is, wat as openbare diens op belastingsteun geregtig en daarvan afhanklik is. Hy het verder daarop gewys, „dat nie net 'n enkele staatsdepartement of ander organisasie daarmee gemoed is nie, maar 'n groot aantal instansies en dat skakeling, koördinasie en afbakening van verantwoordelikhede nodig is. Binne die raamwerk van hierdie beginsels is dit nodig om 'n besliste aksieprogram aan te pak met sekere doelstellings wat binne 'n gegewe tyd bereik moet word." Hy reken verder, „dat ontspanning fundamen-

teel tot moderne samelewing is."

Uit hierdie toespraak blyk die bekommernis wat by die regering oor die mate van aandag wat aan ontspanning gegee word, bestaan, asook die verwaarloosde toestand waarin dit verkeer. Daarom het hulle 'n advieskomitee wat breë beginsels in verband met openbare ontspanning op nasionale grondslag moet vaslê, benoem. Hieromtrent het prof. C. Frank Brockman (8 : 4) van Amerika wat na Suid-Afrika genooi is om raad te gee oor die nasionale beleid van buitelugontspanning, en wat 'n wêreldkundige op die gebied is, die volgende gesê: „Suid-Afrika moet met die stap gelukkig word. As die komitee reg optree, sal baie van die foute wat in Amerika gemaak word, uitgeskakel word."

Prof. Brockman het voorts veral die opleiding van leiers vir buitelugontspanning in Suid-Afrika beklemtoon, asook aanmoediging tot nagraadse studie oor die onderwerp. Hy meen dat die ontspanningsmoontlikhede wyd versprei in hierdie land is.

Selfs nie-vekkundiges op die gebied van die liggaamlike opvoeding en ontspanning sien die probleme op hierdie terrein raak. Prof. W. du P. Erlank (Eitemal) (22 : 10) het hom soos volg uitgelaat tydens 'n byeenkoms van die Afrikanerklub in Bloemfontein: „Een van die grootste probleme van ons moderne tyd is dat daar te veel voorkeur gegee word aan die meer liggaamlike soort vermaak of ontspanning en dat die meer geestelike bedrywighede afgeskeep word." en „.....dat die gevaarlike skending tussen die liggaamlike en geestelike funksies van die mens veral kenmerkend is van alle industriële lande waarin Suid-Afrika ook vinnig besig is om te ontwikkel. Volgens statistiek is ons reeds een van die mees verstedelike blanke bevolkings ter wêreld." Met reg maak prof. Erlank melding dat die moderne mens in twee wêreldes leef: die werksure, en die tydperk van 5 nm. tot 11 nm.

Ten einde nou 'n ondersoek in te stel na die aspekte wat in die terrein van die liggaamlike opvoeding val, en wat in die uitsprake van Vorster, Brockman en Erlank as probleme gesien is, en wat reeds ontstaan het, of in die toekoms kan ontstaan, moet

/aandag.....

aandag aan die volgende sake gegee word:

In die eerste plek moet nagegaan word wat die huidige stand en omvang van ontspanning aan Suid-Afrikaanse nywerhede is. Tweedens moet die behoefte van ontspanningsleiers aan die nywerhede vasgestel word, asook die moontlike arbeidsveld wat vir akademiesopgeleide leiers hierin bestaan. Aangesien nywerhede in die verlede, en tans nog, so min van studente wat hul opleiding in die liggaamlike opvoeding gekry het, gebruik maak, kan 'n ondersoek in hierdie opsig 'n aanduiding aan die Suid-Afrikaanse universiteite gee of hul opleiding tans geskik is om ontspanningsleiers op te lei, en of daar nie moontlik 'n traagheid van die kant van nyweraars is om sulke persone te gebruik nie.

Derdens kan die verband tussen liggaamlike geskiktheid, of bekwaamheid, en produksievermoëns van werknemers vir nyweraars die noodsaaklikheid van ontspanning aantoon. Nie alleen kan dit vir nywerheidsbase groot ekonomiese voordeel meebring nie, maar ook meehelp om die ekonomiese vermoëns en produksie van die volk te verhoog.

Vierdens moet die opheffingswaarde van nywerheidsontspanning aandag geniet: hoe dit as hulpmiddel kan dien vir voorkoming, wanaanpassing, goeie huisgesineenheid kan bevorder, verligting van spanninge kan meebring en 'n bydrae tot beter menslike verhoudinge kan lewer, om slegs 'n paar te noem.

Vyfdens, en wellicht die allerbelangrikste, kan ontspanning 'n belangrike funksie verrig om die fiksheidspeil van die werker te verhoog. Sodoende kan 'n gesonder en gelukkiger volk opgebou word, en sal die weerstands- en uithouvermoë van die mannekrag taaiër en groter wees in geval van bedreiging van die veiligheid van die Republiek van Suid-Afrika.

Die aanbevelinge wat uit hierdie ondersoek sal voortkom, sal uit genoemde probleme voortspruit. Dit kan egter nie slegs op die uitsprake van persone wat ontwikkelende probleme sien, gebaseer word nie. 'n Intensiewe studie op al die terreine van die nywerheidswese is vooraf nodig, ten einde wetenskaplike beplanning te verseker. Dit is nodig op die ekonomiese terrein,

/op.....

op organisatoriese en administratiewe terrein, op die terrein van dorpsbeplanning, die sosiale en kulturele gebied, en dergelike meer. Op elk van die terreine van die nywerheidsweese sal vakmanne nodig wees om leiding te neem en aanbevelings te doen. Die liggaamsopvoeder as vakman het ook in die industriewese 'n belangrike taak wat alleen vervul kan word, indien hy die kennis van sy vak gaen toepas op die spesifieke probleme wat industrialisasie meebring.

In die volle besef hiervan, sal dit dus nodig wees dat ek ondersoek gaan instel na die toestand op ons terrein ter plaatse, maar ook om ondersoek in te stel na die benadering van die probleem in ouer lande en 'n studie te maak van die literatuur wat betrekking het op wat ons moontlik kan noem Nywerheids-Liggaamlike Opvoeding, of soos Veldkamp (78) dit noem, „Bedryfs Lichamelijke Opvoeding (Belop).”

Die titel van hierdie ondersoek lui: „Liggaamlike Opvoeding in enkele Suid-Afrikaanse Nywerhede.” Vanselfsprekend moes die liggaamlike, maar ook sosiale en kulturele aspekte van ontspanning ook ondersoek word, omdat dit verband met die hele probleem het. Die klem sal egter op die liggaamlike aspek val.

H O O F S T U K I.VERKLARING VAN TERME:VRYETYD, ONTSPANNING SPEL EN WERK.

Die terme vryetyd, ontspanning en spel word heel dikwels verwarrend gebruik en die neiging bestaan om hulle as sinonieme te beskou. Alhoewel hulle 'n verband met mekaar het, moet hulle nie noodwendigerwyse as onafskeidbaar van mekaar gesien word nie.

Kinderspel is byvoorbeeld verskillend van die spel wat 'n volwassene gewoonlik in sy vryetyd vir ontspanning beoefen. Dit is egter nie te sê dat ontspanning slegs in 'n persoon se vryetyd plaasvind nie. Hy kan hom egter so verlustig in sy dagtaak dat dit ookal vir hom ontspanning is. „The late Thomas E. Edison, for example, gave him so completely to creative work in his laboratory that he felt no need for recreation outside his working hours." (11 : 3)

Alhoewel vryetyd, ontspanning en spel dus los van mekaar staan, het hulle tog ook heelwat wat hulle in verband met mekaar bring en waar hierdie terme dikwels in die verloop van die studie gebruik sal word, asook die grondslag daervan sal vorm, is dit gewens om vooraf 'n duidelike verklaring van elk te gee om verwarring te voorkom.

1. Vryetyd.(a) Definisie.

Die Griekse woord vir vryetyd is „skole" en die Latynse „scola" dieselfde as die Engelse „school". Vryetyd beteken dus „skool", wat sodoende in verband met die opvoeding staan. Om hierdie rede vorm 'n persoon se vryetyd 'n integrale deel van sy opvoedingsproses. ✓ Josef Pieper (61 : 26) wat vryetyd as een van die hoekstene van die Westerse beskawing beskou, sê in verband met die betekenis van die woord: „ 'School' does not, properly speaking, mean school, but leisure."

Die vroeëre opvatting heg aan vryetyd dus 'n opvoedkundige betekenis, en dit het werklik 'n hoeksteen in die kultuur van 'n

/volk.....

volk gevorm. Dit beteken nie dat vryetyd tans sy opvoedkundige en kulturele waarde verloor het nie, want in hierdie studie sal aangetoon word dat die opvoedkundige waarde van vryetyd steeds belangrik bly.

Gedurende die afgelope twee duisend jaar het die sosiale struktuur van die wêreld verander en is daarmee ook die besteding van vryetyd beïnvloed. Vryetyd is tans nie uitsluitlik tot die skoolgedagte, soos in die Griekse en Romeinse tyd beperk nie, maar die nadruk val op die tyd na skool, of in die geval van nie-studerendes, op die tyd nadat die dagtaak, waardeur die brood verdien word, voltooi is.

Romney (65 : 5) beskou vryetyd as dié tyd nadat die verpligte dagtaak voltooi is: die tyd-na-die-werk. Gedurende hierdie ure kan elkeen doen wat hom genot en plesier verskaf; dit kan volgens eie vrye keuse bestee word, en indien verkies, kan werk verrig word solank die individu ontspanningsgenot daarin vind. Dit is die tyd wat elkeen, kind en volwassene, verdien na sy dagtaak; dit is die oomblik van ontspanning om van spanninge weg te kom en die skeppingsdrang te bevredig; om die arbeidseise te vergeet. „Leisure is popularly defined as the time we are free from the more obvious and formal duties which a paid job or other obligatory occupation imposes upon us." (45 : 2)

(b) Slaaptyd, eettyd en vryetyd.

Omdat vryetyd, volgens Neumeyer en Neumeyer (58 : 19), „....the free time after the practical necessities of life have been attended to." is, ontstaan die vraag of eet en slaap wat binne dié surplustyd wat na werk gevind word, val. As 'n persoon meer tyd aan slaap afstaan, as wat nodig vir liggaamlike gesondheid en die herstel van gebruikte energie is, is dit vryetydsbesteding? Die antwoord sal bepaal word deur die hoeveelheid slaap en rus wat elkeen nodig het ooreenkomstig sy ouderdom, geestelike en liggaamlike toestand en die hoeveelheid energie wat benodig word vir die uitvoering van geroetineerde pligte. Agt uur slaap kan gemiddeld as voldoende beskou word, maar as 'n persoon meer tyd daaraan afstaan as wat nodig is vir die

/herstelling...

herstelling van die liggaamskragte, word tyd wat aan ontspanning bestee kon word, ingeboet.

Eet word net soos slaap as 'n noodsaaklikheid beskou. Albei is nodig om die verbruikte energie aan te vul, om 'n gladde werking van die liggaamsfunksies te verseker. Dit is essensieel vir die mens se lewe en bestaan. Aangesien albei in die na-die-werk-periode val, vorm dit 'n deel van die individu se vryetyd, maar omdat daardeur geen besondere aktiwiteit in soverre vir ontspanning verrig word nie, kan dit nie hoofsaaklik as vryetydsbesteding gesien word nie. Daar is immers gebondenheid. Tog kan eet in 'n betreklike sin vryetydswaarde hê en wel deur die volgende geval wat deur Neumeyer (58 : 20) genoem word: „The routine eating of meals may not be regarded as leisure; but, when members of the family eat their meals together or entertain friends at dinner, the activities assume a different meaning.”

Vryetyd kan dus gesien word as dié tyd wat oorbly nadat die daaglikse verpligtinge soos werk, slaap, eet, aantrek en was, na en van die werk reis, en dergelyke funksies van ons dag van vier en twintig uur, afgetrek word.

(c) Vryetyd en niksdoen.

Vryetyd word soms as die sinoniem van niksdoen beskou. Hiermee word bedoel dat 'n persoon sy vryetyd nutteloos bestee en geen besondere aktiwiteit het wat hom gedurende dié tyd besig hou nie.

Dikwels word die nuttigheidswaarde van 'n persoon se vryetyd, beoordeel volgens die soort aktiwiteit wat hy beoefen. Die neiging bestaan dat, indien nie aan 'n kragtige liggaamlike aktiwiteit meegedoen word nie, so 'n persoon in die kategorie van niksdoen val. Hierdie is 'n gewaagde opvatting, want indien iemand baie in sy vryetyd lees, kan dit hom net soveel ontspanning gee as dié persoon wat 'n kragtige sportaktiwiteit beoefen, veral as so 'n persoon se werk spierinspannend is. Die ontspanningsaktiwiteit, hetsy sosiaal, kultureel of liggaamlik, wat iemand verkies, word meestal bepaal volgens sy werksomstandighede.

(d) Vryetyd en onproduktiwiteit.

Nou verwant aan voorgenoemde opvatting, is die gedagte dat vryetyd ~~is~~ noodgedwonge produktief en skeppend moet wees, andersins word dit in die sin van niksdoen gesien en verstaan.

Vryetyd moet positiewe waarde hê. Uit die ontwikkeling van die kind is deur opvoedkundiges vasgestel dat sy skeppingsdrang die sterkste na vore tree waar hy met homself besig is. Om hierdie rede dra die besteding van vryetyd net soveel tot die vorming van die kind by as die skool, dit is as 't ware 'n voortsetting van die skoolopvoeding. Dieselfde is ook van toepassing op volwassenes en daarom kan die vryetyd nie onproduktief deurbring word nie, dit moet 'n sterk produktiewe element inhou. Velerlei uitvindinge, patente, tegniese hulpmiddels en ander waardevolle middele, is voorbeelde van die waarde wat aan vryetyd geheg word. Gedurende hierdie tyd kan enige sluimerende talente ontdek en ten volle ontplooi word.

Beleë mense is verder die mening toegedaan dat die pensionaris wat van die werksverpligtinge onthef is en oormatige vryetyd tot sy beskikking het, sy laaste jare onproduktief kan deurbring. Hierteenoor is die afgetredene reeds die persoon van rype ervaring, wat dit vir die skepping en ontwikkeling van nuwe dinge kan aanwend, of 'n verbetering van die reeds bestaende, „...to produce new forms of expression....”, soos Fitzgerald (27 : 35) dit stel. Eintlik moet hierdie jare as die rype produktiewe tyd aan vryetyd beskou word. Kennis wat 'n leeftyd geneem het om te versamel, kan in 'n beter vorm teruggegee word.

Wanneer die beginsel van produktiewe vryetyd deur die individu, gemeenskap of volk gehandhaaf word, sal dit sy beskawing verhoog, sy vooruitgang aanhelp. Die verontagsaming van hierdie belangrike saak, is moontlik een van die oorsake waarom die Suid-Afrikaanse naturel se beskawingspeil nog so laag is.

Om vryetyd saam te vat, word die woorde van Romney (65 : 7 en 5) op grond van sy treffende beskouing aangehaal: „People-all-people-have time which is their own - that time which is left of the twenty four hours after you subtract the time invested in

/work....

work, in sleeping and in eating..... Leisure time does not, however mean luxury time, nor does it refer to the exclusive possession of the opulent minority. Leisure is the time-off-the-job. It is earned choosing time. It belongs to all."

2. Ontspanning.

(a) Definisie.

Daar is tyd vir elke saak. Daar is tyd om die aanleg en krag wat van God ontvang is, skeppend te gebruik, om in die sweet van die aanskyn brood te verdien, om te werk! Daar is ook tyd om te rus, om die liggaamskragte te „herskep", om daarna beter te skep; dis die tyd vir ontspanning.

Ontspanning bied die geleentheid om die verbruikte energie wat gedurende die dagtaak opgebrand is, terug te plaas. Dit is noodsaaklik, anders kan 'n gebrek aan werkvermoë ontstaan. „Recreation, therefore, is a living force in the pattern of life that has creative and therapeutic valves", volgens Stone (73:2).

Ontspanning het deur die jare, nie altyd dieselfde betekenis gehad nie. Vir die Griek en Romein het dit uitsluitlik as spel bestaan; daarom die stigma wat vandag nog daaraan kleef dat ontspanning slegs spel is. Jacks (36 : 101) druk dit as volg uit: „It is the notion that recreation consists only in the playing of games....."

In die verlede was die hele lewenstruktuur anders as tans saamgestel. Slawe wat vrylik gebruik is, het die werk verrig, en die sogenaamde „leisure class" (volgens Simnett), (68 : 9) het onafgebroke vryetyd vir ontspanning gehad, wat hy hoofsaaklik vir spelbeoefening gebruik het. Hierteenoor moes die slawe lang ure werk en is nie die geleentheid vir ontspanning gegun nie. Vryetyd en ontspanning was dus die voorreg van 'n minderheids-groep.

Met die verloop van tyd het verandering gekom, en veral na die Industriële Rewolusie, het 'n duidelike skeidslyn tussen werktyd en vryetyd gekom, wat veralgemeen van aard ontwikkel het en tans 'n ingewikkelde vraagstuk geword het. Dit het studie in hierdie rigting noodsaaklik gemaak en selfs die terrein van die

/Liggaamlike.....

Liggaamlike Opvoeding, sterk betree.

Volgens Hutchinson (34 : 2) is ontspanning eers as 'n genotvolle aktiwiteit (spel), vry, doelloos en vermaaklik beskou. Aktiwiteite is ter wille van die aktiwiteit self sonder enige vooropgestelde doel beoefen: dit is beoefen om die tyd deur te bring. Later het vryetydbesteding 'n middel tot 'n doel geword en is beoefen ter wille van sekere waardes daarvan vir die individu: Ontspanningsdeelname dien as 'n uitlaatklep vir opgekropte gevoelens; dit bevat 'n verfrissings-element; dit is die tyd waarin die skeppingsdrang kan ontplooi, om slegs 'n paar te noem. Vir die kind bied dit in besonder die geleentheid om hom voor te berei vir volwassenheid.

In sy huidige vorm verskil ontspanningsaktiwiteite en die tydsbesteding aan ontspanning, van volk tot volk, selfs van gemeenskap tot gemeenskap, asook van individu tot individu. Hierdie verskil word bepaal deur die behoeftes en fasiliteite van elke groep. Weir (82 : 83) wys daarop dat daar 'n duidelike verskil van opvatting oor ontspanning in Amerika en Europa bestaan: „The recreation movement in Europe began chiefly with the adults whereas in America it began with the children.”

(b) Ontspanning en vryetyd.

Ontspanning en vryetyd is twee onafskeidbare eenhede. Die een is binne die raamwerk van die ander - ontspanning is die konstruktiewe gebruik van vryetyd; vryetyd lê die klem op die tydelement, terwyl ontspanning die middel tot aksie is. „Fullness of life through leisure; this is the problem and opportunity of eternal human nature, this is the field of recreation.”, (73 : 1) of soos Jenny (37 : 17) dit uitdruk: „As man became more and more aware of his need for recreation and as more and more leisure was provided for his use, this term became defined as the program provided for man's leisure.”

Ontspanning word dikwels as vryetydsaktiwiteite benoem.^{sen} Dit laat die vraag ontstaan wat ontspanningsaktiwiteite nou eintlik is. Dobbels, jeugmisdaad, diefstal, moord, en andere sosiale euwels, vind gewoonlik gedurende vryetyd plaas. Hier-

die aktiwiteite of bedrywighede kan nie as ontspanning gesien word nie, omdat dit geen positiewe waarde vir die individu sowel as gemeenskap inhou nie. Geen aktiwiteit wat die vooruitgang van 'n volk strem en geen produktiewe waarde het nie, word in die vryetydsprogram ingesluit nie.

Hierteenoor is dit moeilik om altyd te bepaal of 'n aktiwiteit vir ontspanning verdoem moet word, want alhoewel dobbel afkeurend is, is dit tog een van die gewildste vorme van ontspanning in baie lande, en met die ontstaan en samestelling van die moderne professionele sport, veral in Engeland, het dit 'n tweesnijdende swaard geword, omrede groot getalle mense dit vir ontspanning bywoon. Of dit die korrekte wyse van vrytydsbesteding is, is 'n ander vraag, en hier kan ons slegs volstaan by wat reeds vermeld is, of dit opbouend van aard is of nie.

N.B. Burns (10 : 71) beweer dat dobbel reeds in die afgelepe duisend jaar in China beoefen word en 'n deel van die volkse lewensgewoonte vorm.

(c) Ontspanning en opvoeding.

Ontspanning is ewe so sterk verbind met opvoeding as met vryetyd. Soos reeds in die vorige afdeling aangetoon, moet ontspanningsaktiwiteite tot voordeel, tot verbetering van die individu en gemeenskap wees. Indien dit aan hierdie vereiste voldoen, het dit 'n besliste opvoedkundige waarde. Daarom vorm ontspanning 'n deel van die opvoedingsproses van die mens. Enige aktiwiteit wat in die vryetyd beoefen word, en nie opvoedkundige betekenis dra nie, moet verwerp word. Alle opvoedkundiges is dus genoodsaak om Nash (52 : 125) se standpunt te huldig: „Above all else, leisure time should be an opportunity for men - all men - to make some creative contribution to themselves and their group” en „More and more in the future, civilizations will be known by the quality of recreation they choose for the leisure-time activity.”

Die opvoedkundige waarde van ontspanning is ook nou verwant met die omgewingsmoontlikhede. Die behoeftes van elke gemeenskap sal die koers van ontspanning aandui. Hierteenoor moet

die individu die ontspanningsfasiliteite van sy omgewing aanvaar. 'n Skaetser kan sonder ys nie sy liefhebberij beoefen nie!

(d) Nywerheidsontspanning.

Weens die aandag wat ontspanning in die moderne wêreld geniet, het dit in 'n toenemende mate organisatories ontwikkel omrede verskeie groot instansies hulle verantwoordelikheid teenoor die werknemer ten opsigte van sy vrytydsbesteding besef, en sodoende die nodige ontspanningsfasiliteite beskikbaar stel. Sulke instansies is die landsregering, provinsiale liggame, munisipaliteite, asook private besighede en nywerhede.

In die toename van vryetyd word die verantwoordelikheid van hierdie liggame steeds groter, en daarom word groot bedrae aan ontspanningsfasiliteite bestee. Tans is die stadium bereik, waardeur nywerhede hul volle verpligting teenoor hulle massa werkers se ontspanning moet dra, en daarom die sterk klem wat op nywerheidsontspanning val en wat Anderson (2 : 5) as volg definieer: „Industrial Recreation is the term used to describe those recreation activities which are provided to satisfy the particular needs and desires of employees of business and industrial firms. The terms, industrial recreation and employee recreation, are used synonymously.”

3. Spel.

(a) Definisie.

Met die ontwikkeling van spel deur die eeue, is telkens verskillende betekenisse daaraan gegee. Dit is vroeër hoofsaaklik as kinderaktiwiteit gesien, terwyl dit vandag 'n sterk ontspanningselement inhoud: Spel en ontspanning word soms selfs as sinoniem beskou.

Hierdie beskouinge staan egter nie los van mekaar nie, omdat spel tans 'n belangrike plek in die opvoedingsproses van die kind inneem en terselfdertyd as 'n voortsetting van die volwassene se opvoedkundige ontwikkeling dien - dit gee hom ontspanningsvreugde.

Spel is egter nog nie baie duidelik gedefinieer nie. Die rede hiervoor is, dat die meeste verklarings op filosofiese tee-

teorieë berus en weinig wetenskaplike bevindinge gelewer is.
 „Questions regarding the origin of play activity and its underlying conditions have not as yet fully answered." (58 : 200)

Om die uiteenlopendheid van gedagtes aan te toon, word die beskouinge van 'n aantal geleerdes gedefinieer. Spel was deur die ou skool as 't ware verdoem, omdat dit as 'n instrument van die duiwel en as tydvermorsend beskou is. Franke, (58 : 199) 'n Duitse opvoedkundige van die 18^e eeu, het selfs sover gegaan om te sê dat kinders op die betekenisloosheid van spel gewys en verbied moes word om dit te doen. Hierteenoor was die Puriteinse gedagte dat, indien spel verbied word, ons 'n wêreld vol euwels sal hê.

Mitchell en Mason (51 : 103 - 104) haal die definisies van 'n paar groot figure aan. Schiller sien spel as 'n doellose verkwisting van energie; spel is vir Guths Muths die natuurlike oefening en ontspanning van liggaam en gees; vir Groos beoefening van die instinkte deur aktiwiteite wat later noodsaaklik vir die lewe is; vir Dewey aktiwiteite wat nie terwille van hulself beoefen word nie; vir Pangburn aktiwiteite wat beoefen word, terwille van hulleself - (dit is opvallend dat hy Dewey direk weer spreek); vir Dulles 'n instinktiëwe vorm van selfgeldig en 'n emosionele uitleatklep. Hierdie laaste gedagte geniet groot voorrang by die besteding van vryetyd. Ons volstaan met hierdie paar.

Met soveel uiteenlopende beskouinge oor spel, is dit moeilik om tot 'n omlynde en samevattende definisie daarvan te kom. Dat groot waarde in die moderne tyd aan spel geheg word, hetsy terwille van die aktiwiteit of individu self, kan nie wegrede neer word nie. Nash (52 : 22 en 45) gee vir my 'n duidelike omskrywing van spel waar hy hom as volg uitleat: „Today we use play synonymously with interest, enthusiasm, inner drive we usually define it as any act other than such survival activities as eating and sleeping or any act in which an individual enters of his own volition, without feeling, in any way, outer compulsion." en „It is the attitude toward an act,

/wether.....

whether it be work, recreation or creation the play attitude, making leisure time a time for creative arts rather than for spectatoritis".

(b) Teorieë oor spel.

In die vorige afdeling is reeds kortliks op die meningsverskil oor spel gewys. Omdat spel 'n uiters belangrike plek in ontspanning inneem en 'n belangrike aspek van hierdie studie vorm, is dit noodsaaklik om die bekendste teorieë daaroor te bespreek, om sodoende die woorde van spel beter te begryp.

(i) Die oortollige energieteorie.

Hierdie teorie word ook die Schiller-Spencer-teorie genoem en is een van die oudste, eenvoudigste en bekendste beskouings oor spel. Na aanleiding van hierdie opvatting, is spel „blowing off steam." Die mens is so vol energie dat hy nie sonder aktiwiteit kan klaarkom nie. (Dit is veral van toepassing op die kind.) Schiller (51 : 64) definieer spel op grond hiervan as 'n doellose gebruik van opgehoopte energie. Hy beweer dat spel en kuns heelwat gemeenskapliks het, met dié verskil dat kuns net 'n hoër vorm van spel is. Spelaktiwiteite is volgens hom nie noodsaaklik vir die basiese lewensbehoefte nie, maar wel vir die onontwikkelde liggaamsdele en veral vir uitgeruste liggaamsorgane, met ander woorde, vir opgehoopte energie.

Herbert Spencer (51 : 64) op sy beurt verklaar dat die dier - en veral onbeskermdede diere - verplig is om hul energie vir voedselvoorsiening en beskerming aan te wend. Die mens gebruik nie al sy energie in die voorsiening van die basiese lewensbehoefte nie, en wend spel as middel aan om van die reserves ontslae te maak.

(ii) Die ontspanningsteorie.

Lord Kames, (51 : 68) 'n Engelse filosoof, is die skepper van hierdie teorie, en beskou spel as noodsaaklik om na werk te herstel. Reaney (64 : 7) is dieselfde mening toegedaan in die volgende aanhaling: „The Recreation Theory suggests that when mental and physical powers are fatigued, man turns to play to recuperate."

Guts Muths (51: 68) wat as die vader van spel in Duitsland beskou word, heg groot waarde aan die remediërende waarde van spel, sowel as die waarde daarvan vir oefening en ontwikkeling. Hierdie beskouing van hom het daartoe bygedra dat die ontspanningsteorie sterk veld in Duitsland gewen het. Lazarus (51: 68) was een van die ywerigste navolgers hiervan en het die mense aangemoedig om weg te kom van „empty idleness, to active recreation in play." G.W. Patrick is ook 'n ondersteuner van die ontspanningsteorie.

Hierdie teorie vorm die grondslag van die moderne ontspanningsbeginsel: die werker wat moeg is, kan deur ontspanningsaktiwiteite die tamheid wegwerk en homself weer opknap.

Daar is egter 'n duidelike verskil tussen die ontspanningsteorie en die beginsel van oortollige energie ten opsigte van spel. Vir laasgenoemde is dit 'n uitlaatklep vir oortollige energie, terwyl eersgenoemde spel as 'n middel beskou, waardeur gebruikte energie teruggeplaas word.

(iii) Die Instinkteorie.

Karl Groos (51 : 71) het die eerste formule van die instinkteorie opgestel nadat hy 'n studie van spel by mens en dier gemaak het. Spel is vir hom 'n belangrike element in die menslike en dierlike lewe en hy beskou instinkte as die dryfveer vir spel. Hy is selfs die mening toegedaan dat die natuur voorbedag 'n lang periode van onrypheid aan die kind besorg waardeur hy homself deur spel beter kan ontwikkel. Spencer, Melebranche en Van Hartman is almal ondersteuners van Groos se „voorbereiding-vir-die-lewe-teorie."

Instinkte is aangebore en het oefening nodig om te ontwikkel, wat deur spel verkry kan word. Daarom bestaan die behoefte by die mens om te hardloop, spring, gooi, swem, ensovoorts wat nie slegs verbetering bring nie, maar ook genot verskaf.

Mc Dougall (51 : 72), die bekende Engelse psigoloog, het Groos se teorie gemodifiseer: „He pointed out that in play instincts are modified and are expressed in ways different than if the individual acted with serious interest.The fight-

ing dog attempts to do damage to his opponent, while the playing dog does not - he merely bites and chews without apparent intent to hurt his playmate."

Die instinkteorie kan as volg saamgevat word: spel is gewortel in instinkte; dit is 'n hulpmiddel vir die voorbereiding van die lewe; dit het 'n opvoedingselement; dit verskaf genot - daarom sy groot ontspanningswaarde.

(iv) Die rekapitulasieteorie (herhalingsteorie).

Groos se beskouing en die herhalingsteorie het iets gemeenskapliks en wel in soverre albei klem op die instinkte lê. G. Stanley Hall (16 : 5) was die eerste voorstander van hierdie teorie en beweer dat alle spele oorblyfsels van die vroeëre aktiwiteite van die ras is en by elke geslag in 'n gewysigde vorm verskyn, „....all instincts are activities that have been practiced for unnumbered generations," of om Hall (51 : 74-75) se woorde self aan te haal: „True play never practises what is phyletically new I regard play as the motor habits and spirit of the past of the race, persisting in the present, as rudimentary functions In play every mood and movement is instinct with heredity Thus we rehearse the activities of our ancestors, back we know not how far, and repeat their life work..... This is why the heart of youth goes out into play as into nothing else, as if in it man remembered a lost paradise."

Appleton (51 : 77) het verder as Hall gegaan en 'n byvoeging gemaak wat hy die Sielkundige Groeiteorie noem en beweer dat kinders 'n sielkundige behoefte aan groei het, wat die basiese dryfveer vir spel is: as enige liggaamsdeel ten volle ontwikkel het, verdwyn die behoefte vir spel in daardie besondere streek. Om hierdie rede toon die kind 'n groter affiniteit vir spel as die volwassene.

(v) Die katharsisteorie (suiweringsteorie).

Die suiweringsteorie is eerste voorgestel deur Aristoteles en later ontwikkel deur Groos en Claparède. Hierdie geleerdes (51 : 77) sien spel as 'n veiligheidsklep vir opgekropte gevoel-

/ens.....

ens (emosies). Emosies soos woede, opgewondenheid en spanning, kry die geleentheid om te ontlaai gedurende spel.

In die moderne tyd van spanninge word hierdie teorie sterk ondersteun, en kan vir die doel van hierdie studie as een van die belangrikste teorieë beskou word.

(vi) Die selfgeldigsteorie.

Die selfgeldigsteorie is tans baie populêr, aangesien die individu deur spel die geleentheid kry om sy persoonlikheid, aanleg (talente) en potensialiteite te laat geld: „.....joy.... is to act, to do things, to function." volgens Butler.(11 : 7)

(c) Kenmerke van spel.

Nieteenstaande die feit dat opvoedkundiges nie eenstemmig oor die verklaring van spel is nie, is daar tog 'n paar algemene kenmerke waarmee die meeste eens is, naamlik:-

(i) In spel is aksie. Niksdoen is geen aktiwiteit nie, omdat daar 'n gebrek aan belangstelling is en dus ook geen behoefte vir speel is nie. Die aksie kan liggaemlik, verstandelik of geestelik wees.

(ii) Spel is nie beperk tot 'n besondere vorm van aktiwiteit nie. Dit kan die oefening van die liggaem, verstand of gees, of aldrie wees.

(iii) Die waarde van spel is in die prikkeling tot belangstelling en aksie wat dit aan die deelnemer gee, geleë - dit wek lus en entoesiasme vir beweging.

(iv) Die houding van 'n persoon teenoor 'n aktiwiteit sal bepaal of dit vir hom spel is of nie: wat vir 'n persoon die een oomblik spel is, kan later werk of verveling wees.

(v) 'n Belangrike kenmerk van spel waaroor vroeër groot meningsverskil bestaan het, maar tans sterk aanvaar word, is die selftevredenheid wat dit verskaf. „When the satisfaction inherent in a specific activity suffices to keep it going, it is commonly called play." (51 : 106)

(d) Kinderspel en volwasse spel.

Die meeste beskikbare kennis oor spel het betrekking op

/die....

die kind, omdat die meeste ondersoekers wat hulle hiermee besig gehou het, opvoedkundiges en kindersielkundiges is. Die spelelement is baie sterker by die kind, maar die behoefte daarvoor by die volwassene is nog wel teenwoordig. Die volgende kenmerke van spel word by die volwassene aangetref, wat by die kind ook teenwoordig is: reserwe energie; hernuwings-element gedurende ontspanning; rekapitulاسie vir oordrag aan die volgende geslag; selfgelydingsdrang; die lus om te speel.

Alhoewel die spelinstink by die kind sowel as volwassene teenwoordig is, is daar egter graadverskille. Die volwassene het groter bekwaamhede enersyds, en weer minder andersyds, as die kind wat sy spel verskillend maak van kinderspel; sy doelstellinge is ingewikkelder en uitgebreider; hy het van die impulsiwiteit van die kind verloor; hy het minder moontlikhede vir kragtige, inspannende aktiwiteite en is daardeur verplig om sy spelaktiwiteite te keur wat pas by sy ontwikkeling.

Waer die spel van die volwassene merendeels gerig is op die ontspanningsmotief, neem dit by die kind 'n vorm van vaardighedsbeoefening aan: die volwassene maak van sy vaardighede gedurende ontspanning gebruik, terwyl die kind besig is om sy vaardighede te ontwikkel.

Josef Lee, (51 : 107) een van die belangrikste figure in die ontwikkeling van speelgronde, maak 'n duidelike verskil tussen kinder- en volwasse spel in die volgende woorde: „Play to the child is growth - the gaining of life; to the adult (it) is recreation - the renewal of life.”

(e) Spel en ontspanning.

Die gedagte dat spel en ontspanning dieselfde is, is soms misleidend. Ontspanning het hoofsaaklik betrekking op dié tyd wat vir eie, vrye gebruik aangewend kan word, terwyl spel die aksie, die daad is, wat in die vryetyd plaasvind. Die ontspanningsmotief is om te speel, maar hoef nie uitsluitlik spel te wees nie. „Play is simply a form of recreation, which is relatively spontaneous and happy, It is freer and more spontaneous than some forms of recreation. But as a general term it /has.....

has been regarded as practically synonymous with recreation," soos Neumeyer en Neumeyer (58 : 219) dit saamvat.

4. Werk.

Nywerheidsontspanning staan in verband met werk in soverre dat werknemers in ontspanning die geleentheid kry om frustasie, spanninge en ander steurnisse te elimineer. Weens hierdie verwantskap tussen die begrippe, is dit noodsaaklik om 'n verklaring van werk te gee.

(a) Definisie.

Nieteenstaande die feit dat die verskillende volke en gemeenskappe werk deur die eeue verskillend geïnterpreteer het, bly dit steeds die middel waardeur die mens sy brood moet verdien, waardeur hy sy voortbestaan moet beveilig, hetsy deur middel van jag, of deur die druk van knoppies.

'n Belangrike eienskap van werk is dat daardeur iets produktiefs tot stand kom. Verder kan dit tot verryking of vermoeiing van die gees meewerk, die versterking of verswakking van die liggaam, die opbou of vernietiging van iets materieels.

Werk staan gewoonlik in verband met drie begrippe, n~~am~~lik skeep, genot en beloning wat deur velerlei faktore bepael word. Die werksomstandighede van die mens, sy belangstelling in die werk, sy geaardheid, persoonlikheid, aanleg, en so meer, sal bepaal of hierdie drie aspekte in sy werk uiting vind.

Die fluktuasie in die menslike gees is te groot om werk duidelik te definieer, want wat die een oomblik vir 'n persoon spel en ontspanning is, kan later vir hom werk wees, of wat vir die een persoon werk is, bevat vir 'n ander 'n spelelement. So-lank dit egter skeeping, genot en beloning verseker, is dit werk.

Werk en skeep is dus sinoniem. In die beoefening van die beroep moet 'n persoon se talente ontwikkel word; daar moet skeepingsgenot wees; die selfgeldingsdrang moet bevredig word; deur werk moet die menslike energie skeppend aangewend word en tot verering van die Groot Skepper geskied. „The more one loves his work, gets satisfaction from it, satisfies his own longing for recreation, the less will he really need leisure time, the less

will he have to set up for himself situations in which he can create." (53 : 60)

Werk is ook sinoniem van genot. As werk 'n spel geword het, vul dit die werker met genot, anders word dit 'n eentonige, verpligte slawewerk. Genot in werk word gesteun deur die skeppingsgedagte waardeur hy die vrugte op sy arbeid pluk.

Die koms van die masjien het die skeppingsdrang van die mens gesmoor: hy is nie meer skepper nie, maar het 'n slaaf geword. Hierdie verandering het hom van skeppingsgenot in sy werk ontroof. Daarom is ander kanale buite werksure gesoek om vir die onteiening te kompenseer. Dit word in vryetydsbesteding gevind, en nywerheidsontspanning bied 'n wye skeppingsveld hiervoor.

(b) Slawewerk. (Drudgery).

Indien die prikkel tot skepping en genot teengegaan word, verander werk in slawewerk, 'n las, 'n plig, 'n finansiële beloning. Dit is nie van toepassing op alle mense nie, en die meeste werk omdat dit hulle genot verskaf. Hierdie groep vorm 'n eenheid met sy werk en neem aktief daaraan deel. Vir 'n ander groep het sy werk 'n las geword, en is hy nie 'n deelnemer nie, maar slegs 'n toeskouer. Waar eersgenoemde ryklik beloon word vir sy werk, word laasgenoemde met frustasie en spanning gevul en sy lewe verkort daardeur. „Drudgery comes in when the delicate needle which vibrates between success and failure so nearly approaches failure that there is no hope, no chance of success...." (53 : 54)

(c) Werk en spel.

By 'n analise van spel word die aspekte, naamlik selfgelding, intensiteit en genot gevind. Selfgelding korrespondeer met skepping wat in 'n vorige afdeling genoem is, terwyl genot in werk sowel as spel teenwoordig is. Iemand wie se werk vir hom 'n spel geword het, het ware geluk gevind. Hutchinson (34 : 8) sien die eenheid tussen werk en spel so: „Without work recreation becomes artificial, and without recreation, work becomes unbearable."

H O O F S T U K I I .'N GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN NYWERHEIDSONTSPANNING.

Ontspanning het 'n geskiedkundige ontstaan en ontwikkeling. Dit het nie eensklaps uit die niet te voorskyn gekom en deurentyd dieselfde aard en omvang, dieselfde betekenis en funksie, gehad nie. Dit is 'n proses wat geleidelik uit veranderde tydsomstandighede gegroei het.

Om die huidige vorm van ontspanning duidelik te begryp en die voordele en probleme wat daarmee saamhang te ontleed, is dit noodsaaklik om die verloop daarvan deur die jare na te gaan.

Die mens het nie altyd in dieselfde omstandighede gewerk en ontspan nie. Velerlei faktore het dit mettertyd gemodifiseer en sy lewe verander. 'n Studie hiervan kan meehelp om die hede beter te begryp en beter aan te pas.

Nywerheidsontspanning het uit hierdie veranderde tydsomstandighede sy oorsprong en ontwikkeling gekry. 'n Studie van die geskiedenis hiervan kan veel bydra om die doel van hierdie ondersoek te bereik, beter metodes aan te wend en om huidige probleme daarmee verbind, op te los.

1. Ontspanning by die ou beskawings.

(a) Ontspanning by die primitiewe volkere.

Dikwels word beweer dat die primitiewe volkere geen vryetyd gehad het nie en dat hul volle tyd deur aktiwiteite wat beskerming (beveiliging), voeding en kleding kon verskaf, in beslag geneem is. Hul ontspanning was in hierdie aktiwiteite vervleg en ineengestriemel. Ander skrywers huldig weer die gedagte dat die mens gedurende hierdie tyd wel vryetyd gehad het nadat die noodsaaklike pligte afgehandel was. Hulle vryetyd was nie aan 'n bepaalde tyd gebonde nie, of dieselfde afgebakende, geroetineerde vorm aangeneem as wat dit tans die geval is, en daarom is dit reeds moeilik om hul werk en vryetyd te onderskei. Jenny (37 : 1) stel dit so: „The change from daily pursuits of
/survival.....

survival to activities which added to the comfort of life, was in itself recreational in nature When the adults were not stalking game, they were mending weapons; when not tilling soil, they were repairing implements." Die kinders het met die gereedskap en wapens van die volwassenes gespeel en aan hulle aktiwiteite deelgeneem.

(b) Ontspanning gedurende die Grieks-Romeinse tydperk.

Gedurende hierdie periode het die sogenaamde „vryetyd-klas" sy ontstaan gehad, wat meer betekenis aan spel en ontspanning gegee het en ewe skielik 'n belangrike plek ingeneem het, veral vir hierdie uitgesoekte groepie. Teenoor die vryetydklas het die slawe gestaan aan wie geen vryetyd gegun is nie en wat al die werk moes verrig. Neumeyer (58 : 37) sien die twee groepe so teenoor mekaar staan: „Leisure was for the aristocrats, the citizens, and not for the slaves and aliens." As gevolg van hierdie toestand het slegs een tiende van die tweehonderdduisend inwoners van Athene die voorreg van ontspanning geniet.

Hoewel slegs die aristokratiese klas vryetyd en ontspanning gehad het, het hulle nogtans opbouende waardes aan hul volk nagelaat. Volgens Jenny (37 : 3) „At no time in history was man more thought of in terms of total being than during the Golden Age of Greece. Man's mind, body and spirit, as he then divided himself, each received its full share of attention. The mind was trained through dialectics, the body through gymnastics, and the spirit through music and rythm." Dit is 'n goeie weer-gawe van die waarde van ontspanningsaktiwiteite.

Liggaemlike aktiwiteite het gedurende hierdie tyd veral by die Grieke 'n belangrike plek ingeneem - die Olimpiese, Nemeense, Istmiese en ander spele is voorbeelde daarvan. Die Romeine het hulle spele veral in die Circus Maximus beoefen. (Die Romeinse spele het nie dieselfde hoogtes as die Griekse spele bereik nie).

(c) Ontspanning gedurende die Middeleeue.

Die val van die Romeinse Ryk het die begin van die mid-

/deleeuse.....

deleuse tydperk wat ongeveer 'n duisend jaar geduur het, aangekondig. Na die ineenstorting van die ryk, kry ons die Donker Eeue, en soos die naam aandui, het hierdie tyd sonder veel „lig" verbygegaan, ook wat spel en ontspanning betref. Die opkoms van die universiteite was 'n opflikkering in hierdie tyd, maar die studente het hul vryetyd dikwels met uitspattige drink- en dobbelbyeenkomste deurgebring.

Die koms van die ridderwese het 'n „wedergeboorte" in vryetyd en ontspanningsaktiwiteite gebring. Drie groepe mense word in hierdie tyd aangetref, naamlik geestelikes, ridders en werkers (slawe). Die geestelikes het hul meer met sosiale en kulturele ontspanning besig gehou, terwyl die ridders aan liggaamlike aktiwiteite deelgeneem het. Die slawe het geen vryetyd en ontspanning gehad nie.

2. Ontspanning gedurende die Renaissance tot die begin van die twintigste eeu.

(a) Die Renaissancetydperk.

Die koms van die Renaissance het 'n algemene herlewing by die mens teweeggebring. Hierdie hernuwing was in die meeste opsigte verskillend teenoor die outyd en kan as die begin van die moderne tyd beskou word. Hoewel verskillend van die twintigste eeu, is die eerste spore van die moderne denk- en leefwese reeds daar gevind. Die klem het nou op die individu geval, die verheerliking van die mens self in plaas van God, het die belangrikste geword.

Ontspanning het gedurende hierdie nuwe periode opnuut belangstelling getrek. Pietro Vergerio en de Feltre beklemtoon dit in hul geskrifte, en wys daarop dat elke mens na sy dagtaak verandering nodig het, en ontspanning is noodsaaklik vir 'n gebalenseerde lewe. Vergerio (37 : 8) stel dit as volg: „But we are not constituted that we are able to bestow ourselves all day long upon our ordered tasks. I will now set forth the true place of recreation."

Gedurende die Renaissance het sport en spele meer 'n verdere vorm aangeneem, veral omdat die militêre stigma wat daar-

/aan.....

aan gekleef het, verdwyn het. Nuwe belangstelling in die kunste soos, skilderkuns, beeldhouwerk en argitektuur het ontstaan.

(b) Die Hervormingsperiode.

Die Hervorming het die mens van godsdienstige, politieke en ekonomiese ewels losgemaak. Die gehate feodale stelsel het verdwyn, en terselfdertyd het vryheid van godsdiens gekom. Deurdad die mens vryheid gekry het, het ook vryheid in ontspanning ontstaan; die slaaf kon nou werk en ontspan en nie net werk alleen nie.

Hervormers soos Luther (58 : 33) het groot waarde aan ontspanning geheg. In sy geskryfte wys hy op die morele en ontspanningswaarde van atletiek en spele. Hy was self 'n liefhebber van musiek en gimnastiek. Volgens hom is nuttige gebruik van vryetyd die beste middel teen misdaad.

Die Hervorming het voortgegaan en voortgebou op wat die Renaissance begin het en die klem sterk op die ontspanningswaarde van spele laat val. Neumeyer (58 : 43) gaan selfs sover om te sê: „The rich play traditions of the modern world were made possible by this newer emphasis.” Die Hervormers en Humaniste het in hul geskryfte bewys, dat die eerste spore van ontspanning soos dit in die moderne tyd bestaan, reeds in daardie jare sy oorsprong het. Hierdie gedagte is later deur mense soos Rousseau, Guts-Muths, Pestalozzi en Froebel, asook deur die Industriële Rewolusie (58 : 44), bevestig.

(c) Die invloed van die Industriële Rewolusie.

Die agtiende eeu het die Industriële Rewolusie in Engeland aangekondig. Meganiese uitvindings het 'n skielike verandering in die sosiale en maatskaplike lewe van Engeland teweeggebring. Ou metodes van masjienproduksie is verwerp en die moderne nywerheidsstelsel is ingelyf. Hierdie uitvindings het ook 'n rewolusie in die sosiale struktuur van die volk veroorsaak. Duisende mense het van die platteland in die nywerheidsstede saamgetrek waar hulle onder ongunstige toestande moes werk en woon. Die werksure was lank, en kinderarbeid is skromelik

/misbruik....

misbruik. Alles het egter in verband met die koms van die masjieneeu, wat sy hoogtepunt in die 20ste eeu sou bereik, gestaan. Dit was 'n langsame proses wat sy invloed geleidelik op die mens se vryetyd nagelaat het.

Die werker het aanvanklik, as gevolg van die lang werksure, min vryetyd tot sy beskikking gehad, maar is later deur wetgewing verander. Die vasgestelde ure was in 1563 van 5 vm. tot 7 of 8 nm., met 'n twee-uurbreek vasgestel; kinders kon in 1802 nie langer as 12 uur werk nie; tot 1891 is verskillende wette deurgeloods waardeur kinder- en vrouearbeid verminder is; in 1831 het 'n agitasie vir 'n tien-uur-werksdag ontstaan; tussen die jare 1799 - 1824 het vakunies ontstaan en die toestande van die werker help verbeter het. Dit was egter eers gedurende die twintigste eeu dat die werksure drasties verminder is, en die werker meer vryetyd gehad het. Terselfdertyd het hierdie verandering tot georganiseerde ontspanning - veral in die nywerhede - aanleiding gegee.

3. Die ontwikkeling van nywerheidsontspanning.

Nywerheidsontspanning het sy beslag eintlik eers in die twintigste eeu gevind. Voor die tyd was nywerhede meestal klein en het die werkers as 't ware op intieme wyse 'n klein „familiekring" gevorm. Hierdie „nywerheidsfamilie" het baie gemeenskapliks gehad, en hul ontspanning het in dieselfde gees geskied. Hulle het saamgewerk, maar ook gelukkig saam ontspan. Omdat die groepies klein was, kan eintlik nie van ware nywerheidsontspanning gepraat word nie, alhoewel die eerste spore daarvan toe reeds gevind word. Fabrieksbase het gedurende hierdie tyd ook baie min ontspanningsgeriewe voorsien en wou slegs voordeel uit die werkers trek.

(a) Die eerste jare van die twintigste eeu tot 1914.

Met die aanvang van die twintigste eeu het toestande op nywerheidsgebied drasties verander, en die vryetyd kon die werker beïnvloed. Beter masjiene is ontwikkel en om hulle betalend te maak, moes massaproduksie plaasvind. Die hele bedryfsfeer

is hierdeur verander, en volgens Frankl (29 : 1) wel soos volg: „Small factories were replaced by huge plants with thousands working at huge machines. Owners lost personal contact with their workers and human relationships were all but lost in the whirr of machines.”

Groter en beter toegeruste masjiene het vinniger as hul voorgangers geproduseer. Hulle het minder energie van die werker geverg, maar terselfdertyd 'n groter spanning op hom geplaas. Fabrieksbase het egter gou besef dat met die lang werksure en onder werkspanninge die werker nie sy beste kon lewer nie. Die werksure is geleidelik ingekort en meer en beter ontspanningsgeriewe is voorsien. Volgens Steiner (72 : 10) het die leuse geword: meer vryetyd en beter ontspanning, en „It has been within this new world of leisure that modern recreation has developed.”

In 1912 het die Internasionale Arbeidskantoor in samewerking met die Volkebond daarna gestrewe om 'n agtuurwerksdag vir alle werkers oor die wêreld te verkry. Terselfdertyd is organisasies gevorm wat die werker met beter ontspanningsgeriewe wou voorsien. In 1906 is die „Playground Association” in Amerika gestig, wat in 1911 na „Playground and Recreation Association of America” en in 1930 na „The National Recreation Association” verander het, tans een van die grootste en bekendste organisasies in verband met ontspanning, en in besonder nywerheidsontspanning in die wêreld is. Die resultate van die besondere aandag wat hierdie organisasie vir die ontspanning van die werker gedoen het, stel Anderson (2 : 51) as volg: „Industrial workers and their families in community were provided with play areas as a result of the association's fine work.” 'n Tweede private organisasie wat baie gedoen het vir ontspanning, is die Y.M.C.A. wat reeds vanaf 1907 funksioneer. Later het munisipaliteite, provinsiale liggame en sentrale regeringsbaie gedoen in die opbou van nywerheidsontspanning. Die uitgangspunt van hierdie organisasies kan in die woorde van Pack (59 : 16-17) saamgevat word: „.....neither brains nor bodies can work all

/the.....

the time and still retain full vigor and efficiency. The corollary was plain - one must play more in order to work better."

(b) Gedurende die Eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918).

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, het nywerheidsontspanning tot volle ontplooiing laat kom. Produksie is veelvuldig opgeskuif en die werknemergetalle van baie nywerhede is daardeur omtrent verdubbel. Veranderinge het in die lewensomstandighede wat dikwels tot 'n lae moreel gelei het, gekom. Soldate is in baie opsigte in swak woongebiede gehuisves. In hierdie chaos het nywerheidsbestuurders 'n oplossing vir die probleem by hul onderskeie regerings gesoek.

Terselfdertyd het nyweraars besef dat beplande ontspanningsprogramme, wat afleiding aan die werker gedurende sy vryetyd gee, 'n middel tot die oplossing van hierdie probleem kan wees. Programme is inderhaas met groot sukses opgestel. Liggaamsopvoeders en ander persone wat met die organisasie en aanbieding van die programme kon help, is onmiddellik ingespan. Die programme was so suksesvol dat, „.....following the war, many industrial leaders adopted industrial recreation as permanent management policy." (60 : 2). Nywerheidsontspanning het nou 'n werklikheid geword en wat terselfdertyd die begin van georganiseerde volwasse ontspanning was. Waar dit vroeër hoofsaaklik vir die kind alleen opvoedkundig gebruik is, het dit nou ook in die opvoedingsplan van die volwasse geval.

(c) Die periode van uitbreiding (1918 - 1930).

Die opkomende en groeiende nywerhede, korter werksure, ontwikkeling van stede en die hunkering na tevredenheid en geluk gedurende vryetyd deur middel van ontspanning, het na die oorlog 'n ontwaking op die gebied van nywerheidsontspanning gebring, en die voordele daarvan is terdeë besef deur werker sowel as nyweraar. Veral gedurende die periode kort na die oorlog, het ontspanning geweldig toegeneem en het dit baie aandag geniet. Terselfdertyd het 'n wêreldneiging ontstaan, om die werkstyd te verkort. Kort na 1918 het lande

soos Rusland, Engeland, Frankryk, Duitsland, Oostenryk, Italië, België, Switserland - feitlik al die Europese lande - en Amerika die agtuur-werksdag of 48-uur-werksweek ingestel. Terselfdertyd het roepstemme vir 'n vyf-en-halfdagwerksweek opgegaan, en die verskillende lande het belangstellend na die welsyn van hulle werkers omgesien. Dit het op die stigting van Die Internasionale Arbeidsorganisasie, met lidmaatskap van al die bogenoemde lande, behalwe Duitsland en Engeland (wat later ook ingeskakel het), uitgeloop. Hierdie organisasie het tot 1928 kragdadig opgetree toe 'n verslapping in die ekonomiese toestand van die wêreld - wat 'n depressie ten gevolg gehad het - sy invloed laat afneem het.

Gedurende 1924 het Die Internasionale Organisasie 'n konferensie in Genève belê waar die volgende belangrike sake in verband met die vryetyd van werkers bespreek is (46 : 11-17):

- (i) Elke werker moes voldoende vryetyd vir afwisseling hê.
- (ii) Tweedens is besluit dat werkers gedurende hul vryetyd die geleentheid moet hê om hul liggaamlike, geestelike en verstandelike vermoëns te ontwikkel, wat op sy beurt 'n verhoogde beskawingspeil sou meebring.
- (iii) As elke werker voldoende vryetyd tot sy beskikking het, sal dit meehelp om spanninge te verminder en terselfdertyd produktiwiteit verhoog.
- (iv) Ledelande moes gedurig kontak met mekaar hou om gedagtes oor beter vryetydsbesteding te wissel.

Gedurende die konferensie is ook besluit dat lede van die organisasie die volgende beginsels moes nastrewe:

- (i) Die behoud van vryetyd. Om dit te verseker, moes die onderskeie regerings genader word om beter fasiliteite vir ontspanning beskikbaar te stel. Werkgewers moes versoek word om werknemers so naby moontlik aan hul werk te plaas, sodat hulle volle gebruik van hul vryetyd vir ontspanning kon maak...
- (ii) Vryetyd moes as middel gebruik word om die sosiale welvaart te verbeter. Eiwels soos drankmisbruik, dobbel, misdaad en so meer, moes gedurende vryetyd streng bekamp word,

/terwyl.....

terwyl die positiewe gebruik van vryetyd moes aangemoedig word.

(iii) Beter behuising, wat op sy beurt die familie-eenheid sou stimuleer.

(iv) Die oprigting van ontspanningsverenigings waardeur beter ontspanning gedurende vryetyd moontlik is. Deur middel van hierdie verenigings moes lande trag om die gesinslewe op te hef, liggaamlike ontwikkeling en gesondheid deur sport en spele te verseker en die opvoedingspeil deur die oprigting van biblioteke en ander sosiale en kulturele fasiliteite te verhoog.

(v) Werknemers moet volle vryheid gedurende hulle vryetyd geniet en nie deur addisionele pligte na werk belas word nie.

Hierdie konferensie was nie net 'n teoretiese begrip nie, maar die besluite is deur ledelande uitgevoer. Regerings en nywerers is genader en baie het groot bedrae spandeer om beter ontspanningstoestande vir die werkers te skep. Meer fasiliteite is ook beskikbaar gestel. In die voorsittersverslag van 1927 word melding gemaak van die goeie vooruitgang wat gemaak en resultate wat bereik is.

By ontleding van die konferensiebesluite, is dit opvallend dat die meeste aspekte van nywerheidsontspanning, soos dit tans aangetref word, reeds gedurende jare aandag geniet het. Slegs 'n proses van verbetering en afronding het daarna gekom. Hierdie konferensie kan dus as 'n unieke gebeurtenis in die ontwikkeling van wêreldwye nywerheidsontspanning beskou word. In Europa het dit volgens Mey en Petgen (46 : 10-11) die volgende uitwerking gehad: „Thus, in Europe the problem of leisure has been brought into public and official consciousness....”

Nie alleen het die werker gedurende die twintigerjare meer vryetyd gekry nie, maar die ontspanningsmoontlikhede het ook toegeneem as gevolg van die uitbreiding van ontspanningsaktiwiteite. Dieselfde jare het 'n verbetering van die radio, bioskoop, motorkarre en derglike ontspanningsmiddels meegebring. Terselfdertyd was die werkers finansiëel beter daaraan toe en kon die voordeel van hierdie middels benut. Massa toeskouers het by sportbyeenkomste saamgetrek, en volgens Meyer en Bright-

bill (47 : 16) het deelname aan sport ongekeerde belangstelling gewek. Sportsoorte soos tennis, golf, sagtebal, atletiek en watersport het baie gewild geword. Die dramatiese kunste het besondere aandag geniet.

Die waarde en betekenis van ontspanning vir die individu, sowel as gemeenskap en volk, is deeglik besef en daarom die geweldigste uitbreiding hiervan gedurende die twintigerjare. Meyer en Brightbill (47 : 15) stel die uitwerking van ontspanning gedurende hierdie tyd as volg: „The statistics from the draft boards showing the nation's physical and mental fitness, the significance of recreation as a morale builder and its growth as a preventive and cure of social ills brought a finer appreciation of the arts of leisure and helped establish recreation as a force for molding character, developing physical and mental health, and giving man a finer environment in which to dwell.”

Die weskroep het nou geword: vryetyd is tyd om te speel!

(d) Die depressiejare tot die eerste wêreldoorlog.

Die tydperk van ekonomiese welstand en vooruitgang van die twintigerjare is skielik beëindig, deur die depressie wat reeds in 1929 nadelige invloed op die algemene welvaart van volkere uitgeoefen het. Ook die vryetyd en ontspanning is hierdeur geraak. Baie mense het werkloos geword, sommige het bankrot gespeel, terwyl die meeste 'n sukkelbestaan moes voer. Gedurende 1932 was daar oor die vyftien miljoen mense in Amerika werkloos. Die helfte was teen 1940 nog sonder werk of 'n tydelike verdienste.

Ontspanning het gedurende hierdie depressiejare 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Die meeste mense se vryetyd het uit rondloop en werksoek bestaan, of hul bekommer hoe om liggaam en siel aanmekaar te hou. Hoewel ontspanning aan die nywerhede nie dieselfde omvang as gedurende die twintigerjare gehad het nie, het dit egter nie verdwyn nie. Anderson (2 : 60) meen die rede is: „The survival of industrial recreation programs during the depression, notwithstanding the necessity of severe financial

/retrenchment,.....

retrenchment, is a proof of their value" Weens finansiële tekorte kon nywerers nie soveel geld as voorheen vir ontspanning beskikbaar stel nie. Dit wat wel bestee is, is vir aktiwiteite wat nie 'n groot finansiële las meebring het nie, aangewend.

Volgens ondersoeke wat gedurende hierdie moeilike jare in Amerika gedoen is, het interessante en waardevolle gegewens in verband met ontspanning aan die lig gebring. 'n Studie deur die „National Recreation Association" (59 : 21) het aangetoon dat werkers gedurende hierdie periode nog steeds aan ontspanning deelgeneem het, maar meestal aan aktiwiteite wat geen of min finansiële laste meebring het, byvoorbeeld lees, stap, inluister na radio, en so meer. 'n Onderzoek deur die „National Industrial Conference Board" (2 : 61) in die verband, waar 4,409 klein nywerhede besoek is, het getoon dat werkers verkies het om hulle vryetyd meer geïsoleerd deur te bring, en aktiwiteite soos atletiek, dramatiese kunste, wat groot getalle getrek het, was nie gewild nie.

'n Ander belangrike ondersoek in 1929 in Indiana (2 : 61) het getoon dat slegs 'n paar van die 159 nywerhede wat gedurende die ondersoek nagegaan is, geen ontspanning aangebied het nie. Liggaamlike aktiwiteite, soos die speel van bofbal, netbal, rolbal en golf het 'n groot aantrekkingskrag gehad.

'n Nasionale ondersoek (2 : 62-63) in 1936 gee 'n samevatende beeld van die omvang van nywerheidsontspanning gedurende die depressiejare. Hierdie ondersoek het die groot behoefte vir ontspanning duidelik bewys. Hoewel daar 'n daling aan deelname was, het die mense nogtans aan ontspanning deelgeneem. Sportaktiwiteite en dramatiese kunste het met 33 $\frac{1}{3}$ %, musiekuitvoerings met 42% en aktiwiteite wat in die somer beoefen is, met 32% afgeneem.

'n Kenmerkende eienskap van die depressiejare, is die aandag wat ontspanningsleiers geniet het, en hul onmisbaarheid by die ontspanningsprogram en -organisasie. Selfs organisasies is gestig om die opleiding van ontspanningsleiers waar te neem. In

1935 het „The Central Council of Recreation Physical Training” (58 : 83) in Engeland ontstaan. Hierdie organisasie het hom ten doel gestel om opgeleide persone deur die land vir die organisasie van nywerheidsontspanning te pleas. Dit het 'n waardevolle uitwerking op die uitbreiding en stigting van ontspanningsverenigings in nywerhede gehad.

As gevolg van die wêreldwye omvang van die depressie, het dit die verskillende volke neder saamtekaar gebring om gemeenskaplik tot voordeel van die werker op te tree. Die Olimpiese Spele in 1932 te Los Angeles en in 1936 in Berlyn, spreek as voorbeeld hiervan. Die spele het 'n heilsame invloed op die volke gehad, en is daar in 1932 saam met die Olimpiese Spele die eerste Wêreldkongres van Ontspanning in Los Angeles gehou. Dit het deur die inisiatief van die „National Recreation Association” in Amerika plaasgevind en is deur vyf-en-twintig lande en duisende belangstellendes bygewoon. Neumeyer en Neumeyer (58 : 111) lewer die volgende kommentaar oor hierdie samekoms: „It provided an international exchange of information and experience on play and the recreational uses of leisure.----- The address and reports of this Congress illustrated the vast amount of information that is accumulating in the various countries, and they indicated the broad extent of interest in the subject of recreation.” 'n Tweede kongres is in 1936 te Berlyn gehou. Die Tweede Wêreldoorlog het daartoe aanleiding gegee dat die goeie werk van die kongres tydelik gestaak is, maar dit is in 1954 weer in St. Louis voortgesit.

(e) Die Tweede Wêreldoorlog en daarna. (1939 --)

Terwyl die wêreld vinnig besig was om die druk van die depressie af te skud, het 'n tweede wêreldoorlog in 1939 losgebars. Dit het daartoe bygedra dat sekere laste van die moeilike jare afgeskud is. Baie mense wat werkloos was, het 'n verdienste gevind. Mense was oor die algemeen beter finansiëel daaraan toe, en kon hul ontspanningsaktiwiteite andermaal vrylik kies. Vryetyd en ontspanning is weens verskeie oorsake

/verander.....

verander, byvoorbeeld spesiale ontspanningsprogramme en -geriewe vir die soldate. Gedurende hierdie tyd het die mense oor die algemeen meer ontspanningsbewus geword. Mason en Mitchell (51 : 33) druk dit as volg uit: „They came to realize that leisure is an inevitable part of the new social and economic order, a permanent part of their lives..... They no longer conceived of it as merely time for rest and entertainment." Nog nooit in die geskiedenis van ontspanning is dit as so 'n noodsaaklike deel van die gehele lewenspatroon aanvaar nie.

Nywerheidsontspanning spesifiek, het gedurende die oorlogsjare snel ontwikkel en uitgebrei. Veral die jare 1938 - 1941 was van groot belang, aangesien die eerste selfstandige nywerheidsverenigings gedurende hierdie tyd ontstaan het. In 1938 het die Purdue Universiteit onder leiding van dr. Floyd R. Eastwood (2 : 65) - een van die leidende figure van nywerheidsontspanning in Amerika - 'n professionele kursus vir leiers in hierdie rigting ingestel. In 1939 is die Amerikaanse Ontspanningsvereniging, met 'n selfstandige afdeling vir nywerheidsontspanning, gestig. In 1914 het die „Industrial Recreation Association" (2 : 65) in Amerika - die eerste van sy soort in die wêreld - tot stand gekom, met prof. F.R. Eastwood as die eerste voorsitter. Die doelstellinge (2 : 66) van hierdie vereniging het die fondament waarop nywerheidsontspanning ontwikkel het, gelê. Die belangrikste van hierdie doelstellinge is die volgende:

- (i) nywerheidsontspanning moet beter gesindhede by die werker ontwikkel;
- (ii) nywerheidsontspanning moet tot voordeel van die gemeenskap wees;
- (iii) dit moet meehelp om die moraal, vaardigheid en produksievermoë van die werker te verbeter;
- (iv) dit moet die werkers help tot beter besteding van hul vryetyd;
- (v) nywerheidsontspanning moet aangemoedig word deur middel van navorsing en die verspreiding van die resultate en kennis deur tydskrifte.

Hierdie vereniging het wêreldwye belangstelling en na-

/volging.....

volging geniet en kan as die eerste monument van nywerheidsontspanning in die wêreld beskou word.

Die invloed van die oorlog op ontspanning in die algemeen was sodanig dat Neumeier en Neumeier (58 : 125) selfs van 'n „redefinition of recreation" praat. Ontspanning het 'n wyer betekenis as ooit te vore vir die individu ingehou, en 'n groter waardering daarvoor gehad. Selfs regerings- en private liggame het hierna groter bedrae vir ontspanning gestem en die opvoedkundige waarde meer besef. Ontspanning is nou vir alle ouderdomsgroepe georganiseer, waar dit eers net die voorreg van die kind was. Vryetydsaktiwiteite het vermeerder. Nog groter nywerhede wat 'n vrugbare veld vir navorsing gebied het, het ontwikkel en die klem sterk op hierdie aspek van die algemene ontspanning laat val. Pack (59 : 11) druk dit as volg uit:

„.....the more machines that work for civilization, the greater the sum total of leisure available for society as a whole."

HOOFSTUK IV.

FAKTORE WAT NYWERHEIDSONTSPANNING BEPAAL.

Verskeie probleme bedreig tans die nywerheidswese en sy gemeenskap. Verskeie oorsake is daarvoor verantwoordelik. Indien hierdie probleme wat wêreldwyd is, nie bestudeer en uit die weg geruim word nie, kan dit verreikende gevolge hê.

Die doel van hierdie studie is reeds onmoontlike gevare wat die nywerhede en hul werkers - en sodoende ook die volk van Suid-Afrika - vas te stel en die aandag betyds daarop vestig, indien dit reeds nie te laat is nie. Hiervoor is dit noodsaaklik om faktore wat tot hierdie probleme bygedra het, te ontleed en te poog om dit uit te skakel, of andersins betyds daarby aan te pas.

Ouer lande het reeds die aandag aan die omstandighede geskenk, wat tot die noodsaaklikheid van nywerheidsontspanning bygedra en dit beïnvloed het. Uit die geskiedenis het dit geblyk dat die faktore wat ander lande se nywerheidsontspanning beïnvloed het, ook op Suid-Afrika van toepassing is. Veral waar industrialisasie in Suid-Afrika stadig besig is om sy hoogtepunt te bereik, is 'n studie van hierdie faktore vir die ondersoek nodig. Dit kan selfs bydra dat foute wat ander lande op hierdie terrein gemaak het, uitgeskakel word.

Die volgende faktore sal vervolgens bespreek word:-

1. Korter werksdag.

In die vorige hoofstuk (pp. ²⁸/₂₉) is verwys na gedurige agitasies vir minder werksure. Van 84 uur per week in 1840, is dit na 48 uur in 1921 verminder. Tans is dit reeds 40 uur en in sekere gevalle selfs minder.

Hierdie verkorte werksure het aan die werker meer vrytyd besorg en sodoende ook sy ontspanning beïnvloed. 'n Per-

/soon.....

soon wat 40 uur per week werk, 56 uur aan slaap afstaan, het ongeveer 72 uur tot sy eie beskikking oor, met ander woorde, drie dae per week, volgens ure bereken.

Die moontlikheid dat die werksure nog verder gaan krimp, is nie uitgesluit nie, en in 1949 is reeds versoeke vir 30 uur per week gerig. Sekere skrywers reken dat 'n twee-uurwerksdag in die toekoms nie uitgesluit is nie. Dr. Robert Hutchins (2 : 15) se voorspelling mag heelmoontlik nog bewaarheid word, toe hy gesê het: „If man does not destroy himself with the atomic bomb, he will destroy himself with the leisure time which the atomic age will bring.”

Omdat feitlik die helfte van die mens se tyd vryetyd is, is die bekommernis groot dat hierdie tyd verkeerd aangewend kan word, en sodoende meer nedele as voordele kan skep. Om hierdie rede is georganiseerde ontspanning noodsaaklik.

2. Die invloed van meganisasie.

Voor die koms van die masjien, is slawearbeid vryelik gebruik. Toestande het egter verander en Nash (53 : 3) laat hom as volg hieroor uit: „We have acquired leisure through slaves. We have this advantage: our slaves are not human;... Our slaves - the machines - have liberated just as the Grecian slaves liberated. They light our buildings, start our cars, run our machines, shine our shoes..... The average man... turns out to be a spectator, a watcher of somebody else.....”

Die koms van die masjien het hande arbeid grootliks uitgeskakel. Daarby kan dit die werk vinniger doen, baie tyd bespaar word en die werksdag verkort word. Dit bring aan die werker al hoe meer vryetyd.

Die masjien verrig verder die werk ook baie makliker, gevolglik gebruik die werker minder liggaamskragte en -energie. Sy werk word egter meer geroetineerd en dit gee op sy beurt aanleiding tot frustasie en spanninge. Hiervoor dien ontspanning as goeie kompensasie en daarom die noodsaaklikheid daarvan in die nywerhede.

Met die ontwikkeling van die nywerhede het 'n koue gees /onder.....

onder die werkers ontstaan, 'n gees baie individualisties en af-sydig van aard. Ontspanning kan hierdie toestand herstel, omdat werkers op hierdie terrein die geleentheid kry om sosiaal saam te verkeer en 'n beter ken-mekear-verhouding op te bou.

Meganisasie het 'n geweldige invloed op die vrou uitgeoefen. Die uitvinding van die tikmasjien, optel-en-aftrek-masjiene, sowel as die reken- en geldmasjiene, het die beroepsveld van die vrou uitgebrei. Nie alleen is die huislike en werksomstandighede van die vrou verander nie, maar ook haar vryetyd, met die gevolg dat die soort en omvang van haar ontspanning, verander het.

Uit voorafgenoemde invloede van die masjien op die werk van die werkers, is dit nou duidelik dat dit tog 'n groot bydrae tot ontspanning gelewer het, maar ook die noodsaaklikheid daarvan verhoog het. Dit het grootliks daartoe bygedre dat die standverskille in ontspanning uitgeskakel is, en die voorreg van elke mens geword het. Frankl (29 : 79) druk dit so uit: „The machine is the steam roller of present day civilization. It is levelling classes as it does to masses; it knows no national boundaries and respects neither individuality nor personality; it democratize tastes and broadens them as it flattens them out.”

3. Die invloed van eentonigheid van werk.

Gedurende die vroeëre jare was daar nie spesialisering van werk nie. Die werker het afwisselende werk verrig; dit het hom tevredenheid gegee; hy het genoeg spieroefening gedoen wat hom gesond en fiks gehou het. Om hierdie redes was daar nie behoefte tot georganiseerde ontspanning nie. Met industrialisasie het hierdie eienskappe mettertyd verdwyn of verander, en in die plek daarvan het die eentonige draai van ratte gekom. Die werk het vir die werker eentonigheid gebring, waardeur frustasie opgelaa is, en die behoefte vir ontspanning wat verandering kon gee, het ontstaan. Frankl (29 : 16) vat dit soos volg saam: „Against the repeated charge that the machine age and mass production have ruined the life of the common man, deadened and routined his labor, and taken away the joy of craftsmanship....”

4. Minder skeppingsmoontlikhede.

Die begeertes en drange is een van die sterkste dryfvere in die mens. Elke mens het die begeerte tot aktiwiteit, kompensasië, selfgelding en skepping. Indien daar nie geleenthede bestaan om hierdie drange en gawes tot uiting te bring nie, sal die persoon tot 'n non-identiteit (~~entiteit~~) ontwikkel.

Vroeër jare was elke ambagsman 'n meester van sy vak, en in sy werk het hy skeppend opgetree, wat hom selfvoldaanheid en geluk verskaf het - sy werk was vir hom as 't ware ontspanning en het aan hom afleiding verskaf. Deur industrialisasie het hierdie toestand verdwyn, die mens het 'n „masjienwese" wat hanteerders en nie meer formeerders is nie, geword. Die mens se begeertes het egter nie verander nie en botsing het in sy sielelewe ontstaan, wat frustasies en uitbarstings ten gevolge gehad het.

Moderne ontspanning kan veel bydrae om genoemde leemtes aan te vul. Georganiseerde ontspanning bied tans 'n wye veld van aktiwiteite waaruit die deelnemer sy keuse kan maak, en waar hy die drang na skepping kan bevredig. Elke werker kan daardeur saam met Stone (73 : 7) sê: „Recreation is a satisfaction of human hungers; self expression, belonging to a group, being wanted, for recognition, for competition and for adventure."

5. Die invloed van spoed en spanning.

Die gebruik van moderne masjinerie laat produksie teen 'n baie hoër tempo geskied. Willekeurig verhoog die arbeidstempo van die werker en verg groter inspanning, maar plaas terselfdertyd meer stremming op die werker. Hy raak gouer vermoeid en raak gouer gespanne. Hierdie werkstoestande dra oor na die vryetyd van die werker en bring dieselfde omstandighede mee wat Mitchell en Mason (51 : 203-4) as volg opsom: „The speeding-up process together with that of specialization have combined to make our daily life one of minutely co-operative affairs, one with many appointments that must be kept to the minute. We are always hurrying with a timepiece as the automatic driver."

Die tempo en gejaagdheid van die moderne tyd het die gesondheid.....

sondheid van die mens nadelig beïnvloed. Die oorsake van baie kwale is in gespanne senuwees te vinde. Daarom reken medici dat 75%, of meer, siektes se oorsprong geestelik van aard is.

Ontspanning het 'n magtige middel geword om hierdie toestand te verlig. Daarom die besondere aandag en belangstelling wat ontspanning tens geniet.

6. Werkloosheid.

Meganisasie het ook spesialisasie meegebring. werkers is verplig om hul vir een spesifieke werk te bekwaam. Gevolglik raak die werker werkloos indien hy nie werk in daardie besondere rigting waarvoor hy opgelei is, kry nie. Werkstoestande fluk-tueer soms baie en dit gebeur dikwels dat vakmanne werkloos raak. Dit lê finansiële bekommernis op die werker en gee aanleiding tot emosionele versteuring wat selfs misdaad en diefstal ten gevolge kan hê.

Deelname aan ontspanningsaktiwiteite gedurende hierdie onsekere toestand, kan meehelp om die emosionele balans en selfvertroue te behou deurdat dit afleiding verskaf en as wig teen bekommernis kan dien. In Amerika laat sommige nywerhede sulke persone toe om selfs kosteloos aan hul programme deel te neem. In baie lande bestaan ontspanningsfondse wat werkloos tot konstruktiewe ontspanning aanmoedig. Hierdie opheffingsgedagte het reeds rype vrugte afgewerp.

7. Groei van stede het ontspanning beïnvloed.

Groot nywerhede het baie werkers nodig, wat noodwendig 'n samedromming van groot getalle mense meebring. Bestaende dorpe en stede is daardeur verplig om uit te brei, of nuwe stede moet aangelê word.

Verstedeliking veroorsaak nie alleen 'n ontvolking van die platteland nie, maar duisende mense word in 'n klein gebied saamgehoek. Die gevolg is ewels, soos drankmisbruik, dobbel, misdaad (veral jeugmisdaad), wanaanpassing en derglike skadelike invloede, vier hoogty, omdat die individu sy vryetyd nie positief aanwend, of daardeur dat geriewe nie beskikbaar

is om dit opbouend te gebruik nie.

Indien ontspanningsfasiliteite voorsien word, kan dit ter bekamping van hierdie euwels wees, en veral waar nyweraars dikwels vir hierdie samehoping van mense verantwoordelik is, is hulle verplig om die fasiliteite te voorsien.

8. Veranderde huislike toestande.

Industrialisasie het sy invloed ook op die huisgesin uitgeoefen. Vroeër jare het die mens meer in 'n landelike omgewing groot geword: die vrou moes vir 'n groot familie sorg, terwyl die kinders hul verpligtinge gehad het en die familie hul ontspanning tuis saam deurgebring het.

Toestande het egter verander. Die huisgesinne is kleiner; die kind bring dikwels sy vryetyd ledig deur en dit gee aanleiding tot jeugmisdaad; moeders koop klaar vervaardigde artikels soos klere, blikkieskos en ander huislike benodigdhede. Die huishouding het heeltemal gemegeniseerd geword as gevolg van elektriese apparaat soos poleerders, wasmasjiene, skottelgoedwassers, stofsuiers en dergelike sake wat die huishouding makliker en gouer doen. Hierdie geriewe het aan die vrou meer vryetyd gegee, en dit het selfs tot 'n aktuele probleem ontwikkel.

Die beroepsmoontlikhede het terselfdertyd vir die vrou toegeneem. Duisende vrouens werk in sakeondernemings en nywerhede waar hulle net soos die mans met inspanning en spanning te doen kry, en dus gelykmatig op die remediërende vorme of wyse van ontspanning aanspraak kan maak. Die vrou beklee vandag heeltemal 'n nuwe posisie in die gemeenskap.

Familie-eenheid is ook deur die veranderde toestande beïnvloed, en in 'n groot mate geskaad. Elke lid is met sy persoonlike sake besig en die gemeenskaplike element van die huisgesin is versteur.

Ontspanning kan ter bestryding van al hierdie probleme veel bydra. Om hierdie rede belê nywerhede en ander instansies groot bedrae omdat: „They feel that a happy family life makes a better worker. Accordingly, their employee recreation pro-

/grams.....

grams include a number of family activities."

9. Veranderde ekonomiese toestande.

In die vorige hoofstuk (II) is reeds daarop gewys hoedat meganisasie gelykmaking van stande in ontspanning meegebring het. Beter ekonomiese toestande het 'n belangrike funksie hiertoe vervul. Die gewone fabriekswerker het hierdeur toegang tot ontspanningsvorme waarby hy vroeër uitgesluit is, gekry. Ontspanningsprogramme moes by hierdie toestand aangepas word.

Die ekonomiese toestande en geleentheid van die werker is deur velerlei faktore verbeter. Die ontstaan van assurancesmaatskappye, siekefondse, werkloosheidsfondse en pensioenfondse het aan die werker groter finansiële sekuriteit besorg. Vry onderwys en ander voorregte wat van regeringskant voorsien is, het fondse vir persoonlike gebruik verder verhoog. Verder het die kleiner huisgesinne die finansiële verantwoordelikhede van die man verder verminder. (In 1891 en 1921 was die verhouding van kinders onder vier jaar in Engeland 13 : 9, en volwassenes 45 : 64). Al hierdie faktore het die werker finansiëel in staat gestel om meer aan vryetyd te bestee.

Verbeterde ekonomiese toestande wat met nuwe uitvindinge gepaard gegaan het, het meegebring dat die aard van ontspanning beïnvloed is. Weeldeartikels soos motorkarre, radio's, motorbote, karavane en derglike middels het in die bereik van die meeste werkers gekom. Terselfdertyd het nywerars groter ekonomiese welvaart ondervind en is groot bedrae aan ontspanning vir werknemers bestee.

10. Frustasies van jeugdige werknemers.

Uit 'n ondersoek van Nash (2 : 20) het geblyk dat jeugdige werknemers tussen 17 en 22 jaar heelwat aanpassingsprobleme in hulle werk ondervind, en gevolglik nadelig op hulle inwerk. Heel dikwels aanvaar hulle werke wat min toekomstighede bied of geskoolde arbeid vereis, met die gevolg dat hulle nie eintlik vir 'n spesifieke beroep voorberei is nie. Hierdeur is hul besoldiging laag en dit strem hul vooruitgang.

As gevolg van hierdie hindernisse word hulle gefrustreerd en verloor maklik moed, sodat hul inisiatief afneem en gedemp word.

Tot hede is baie min aandag aan hierdie tienerjerges as 'n spesifieke groep gegee, en dit is moontlik die rede waarom hul tot groot las en ergernis vir die samelewing, soos byvoorbeeld die geval met die eendsterte, ontwikkel. Gebrek aan georganiseerde ontspanning, waardeur hul vryetyd nuttig beplan kan word, kan veel bydra om hierdie probleem die hoof te bied en op te los.

11. Fiksheid en ontspanning.

'n Sterk neiging by die moderne mens is om eerder toeskouer as deelnemer te wees. Nash (53) het selfs 'n boek hieroor geskrywe wat hy „Spectatoritis" getitel het! Die mens het lui geword om gedurende sy ontspanning aktief te wees. Hy verkies om na bioskope, sportbyeenkomste te gaan, of om voor die radio te sit en luister. Hierdie passiewe gebruik van ontspanning is 'n gevaarlike neiging, en dit kan tot 'n onfikse volk lei omdat nie voldoende liggaamlike oefening gekry word nie. Moderne werksomstandighede het reeds liggaamsbeweging verminder, en indien gedurende ontspanning nie daarvoor gekompenseer word nie, is 'n verswakte liggaam die gevolg. Passiewe ontspanning hou dus 'n groot bedreiging vir die fiksheid van 'n volk in.

Hierdie probleme kan uitgeskakel word, indien die mens tot aktiewe ontspanningsdeelname aangemoedig word. Die kern van die ontspanningsprogram moet volgens Anderson (2 : 23) as volg wees: „.....the balanced program must offer a sufficient variety of big-muscle activities to encourage the worker to participate actively in at least one of them, especially if his work is of a sedentary nature."

12. Werkgeskiktheid en langlewendheid.

Die uitbreiding van die mediese wetenskap het die gevare van baie siektes waaraan mense vroeër jare makliker gesterf het, verminder. Menslikerwys gesproke, het dit die lewe van baie mense verleng, of 'n beter gesondheid tot 'n hoër ouderdom versker. Terselfdertyd ontstaan die neiging om die aftree-ouder-

dom te verhoog. Hierdie faktore bring mee dat mense uit diens moet tree, op 'n ouderdom wat hulle nog goeie gesondheid geniet en aktief kan wees.

Indien afgetredenes wat onder hierdie kategorie val, hul vryetyd nie nuttig gebruik nie, kan hulle groot probleme skep, daarom dat georganiseerde ontspanning reeds in baie lande spesiaal vir hulle voorsiening maak.

Uit die bespreking van voorafgaande invloede, is dit duidelik dat ontspanning, en in besonder nywerheidsontspanning, noodsaaklik is. Industrialisasie het grootliks tot hierdie invloede bygedra, en waar die nywerheidswese nog steeds besig is om verder te ontwikkel - veral in Suid-Afrika - word die verantwoordelikheid van georganiseerde ontspanning groter, en kan Stone (73 : 22) tereg beweer: „Leisure has increased, is increasing, and will increase." Ook Frankl (29 : 169) sê: „More and more leisure the machine has showered upon us."

H O O F S T U K I V.

DIE KENMERKE EN VOORDELE VAN NYWERHEIDSONTSPANNING.

Die algemene tendens in moderne navorsing is om praktiese bruikbaarheid te hê. Dit is gevolglik ook in hierdie ondersoek nodig om aan te toon waarom nywerheidsontspanning voordele vir die individu, gemeenskap en 'n volk het. Sodoende sal die noodsaaklikheid daarvan beter beseef word.

Ten nouste met die voordele of waarde is die kenmerke van nywerheidsontspanning gevleg. So byvoorbeeld kan ontspanning 'n weinig voordeel inhou, indien dit nie verskeidenheid vir die verskillende behoeftes, begeertes en belangstellinge van die mens bied nie, of as daaraan deelgeneem word sonder 'n doel nie. 'n Persoon wat aan sport deelneem, wil tog graag sy gesondheid bevorder of hom fisies fikser deur voorbereiding maak.

Vooraf sal enkele kenmerke bespreek word om sodoende die voordele in 'n beter perspektief te sien.

1. Kenmerke van nywerheidsontspanning.

(a) Ontspanning beteken aktief wees.

Ontspanning is 'n vorm van individuele of groepsaktiwiteit wat gedurende 'n persoon se vryetyd plaasvind. Dit is dus 'n gedragsvorm ten opsigte van sekere handeling, en dit is aksie. Hierdie aksie kan liggaamlik, geestelik of verstandelik wees, na gelang die behoeftes en belangstellinge van die individu. Aktiwiteit veronderstel dus nie uitsluitlik liggaamlike aksie, soos die veronderstelling so dikwels is nie. 'n Persoon wat byvoorbeeld na 'n program oor die radio luister, neem verstandelik en geestelik daaraan deel, omdat die musiek emosionaliteit meebring. Pieper (61 : 52) beskou die saek as volg: „.....leisurely implies an attitude of non-activity, of

/inward.....

inward calm, of silence, it means not being 'busy', but letting things happen." Hierdie eienskappe is sinoniem aan vryetyd, maar vir ontspanning is dit onbekend: Kalmte en stilte kom na die ontspanning. In hierdie geval vorm dit 'n deel van vryetyd en nie ontspanning nie.

(b) Ontspanning is ryk aan verskeidenheid.

Elke mens het sy eie behoeftes, begeertes, belangstellinge en vermoëns. Om hierdie rede is die benadering van ontspanning deur mense ook verskillend, en verkies elkeen om aan 'n sekere aktiwiteit deel te neem - volgens eie keuse.

Dieselfde persoon verskil ook heel dikwels ten opsigte van sy keuse van aktiwiteite, of sy instelling daarteenoor: wat een oomblik vir 'n persoon ontspanning is, kan die volgende oomblik vir hom weinig ontspanningswaarde hê. Sy gemoedsterminge, eard van werksomstandige en velerlei ander faktore, sal dit bepaal.

Om aan te pas by al hierdie fluktuierende omstandighede van die mens, is dit noodsaaklik dat ontspanning ryk aan verskeidenheid moet wees - verskeidenheid van aktiwiteite.

(c) In ontspanning is 'n motief.

Geen persoon maak 'n aktiwiteitskeuse indien dit nie volgens 'n motief geskied nie. Sekere dryfvere is verantwoordelik vir hierdie keuse: sy keuse sal in verband staan met sy belangstellinge, aanleg en doel wat hy met deelname aan 'n sekere aktiwiteit wil bereik. Indien 'n persoon aan 'n aktiwiteit deelneem om genot daaruit te put, is dit gemotiveerd.

(d) Ontspanning geskied gedurende vryetyd.

Tyd wat aangewend word om in die basiese behoeftes van die mens te voorsien, of waar 'n verpligting op die uitvoering daarvan gelê word, is werkstyd. Daar is egter ook tyd-na-die-werk, wat geen verpligtinge en eise aan die individu stel nie; tyd wat hy na willekeur kan gebruik; tyd om gebruikte energie aan te vul; tyd om te ontspan en „.....of escaping from the defects of everyday life.", volgens Burns (10 : 76). Ontspanning /geskied.....

geskied dus gedurende vryetyd.

(e) Ontspanning is vrywillig.

Ontspanning kan nie op 'n persoon afgedwing word nie. Die wyse hoe hy sy ontspanning wil geniet en aan watter aktiwiteitsvorme hy deelneem, is 'n persoonlike saak wat in die persoon se eie vryetyd plaasvind. Ontspanning bied selfuitlewing, selfontdekking, genot, geluk en derglike voordele wat nie onder dwang bevredig kan word nie. Die enigste grense wat die vryheid van ontspanning verhoed, is wat deur die gemeenskap gestel word, gewoonlik met die doel om euwels te verhoed en agteruitgang van die beskawing teen te gaan. Daarom moet ontspanning sosiaal aanneembaar wees. Die gemeenskap is op sy beurt weer gebonde aan die voorskrifte van God, en moet Sy wet deur die ontspanning van die mens gehoorsaam word.

(f) Ontspanning is universeel.

Gedurende die vroeëre eeue was ontspanning slegs die voorreg van enkelinge. Vandag geld die teenoorgestelde en staan dit oop vir alle volkere en nasies. 'n Volk word tans selfs geken aan die ontspanningsvorme wat deur sy inwoners beoefen word: die Italianer is lief vir opere en sang; die Skandinawiese lande is bekend vir hul ski en volksdanse; die Australianer is goed in spele en watersport; die Suid-Afrikaner speel graag sy voetbal.

Naas die politiek bring ontspanningsaktiwiteite (sport) seker die grootste internasionale kontak en goeie verhoudinge. In die jongste tyd het negatiewe elemente hierdie verhoudinge egter verswak, en sport moes dit ontgeld om die „politieke sterkte" van 'n volk te bepaal. Is dit nie 'n sterk motief tussen die Verenigde State van Amerika en Rusland by die Olimpiese Spele nie? Afgesien van hierdie afkeurenswaardige element, bly ontspanning die voorreg van elke mens. Ons haal die woorde van Hutchinson (34 : 16) in die verband aan: „The Negro, the White; the Italian, the Swede; the Catholic, the Protestant; the professional, the labourer - all have equal sta-

tus and equitable roles to perform in such activities as sports, dramatics, discussions or musicals."

(g) Ontspanning is bruikbaar.

Die belangrikste eienskap van ontspanning is die positiewe waarde - die bruikbaarheid (nuttigheidswaarde) - wat daarin opgesluit lê. Alles wat sleg en afbrekend is, word deur ontspanning verdoem. Die doel daarvan is verbetering, hernuwing, genot, geluk, tevredenheid en dergelyke elemente; daarom die opheffingswaarde van ontspanning in die moderne samelewing.

(h) Ontspanning is die resultaat van ervaring.

Hoewel 'n persoon se ontspanningsdeelname deur sy belangstelling en behoeftes gelei word, kan dit gebeur dat hy nie daarin volle bevrediging kry nie. Gebrek aan ervaring ten opsigte van die aktiwiteit kan die gevolg wees. 'n Persoon wat nie die reëls van 'n spel ken nie, kan dit nie beoefen en genot daaruit verkry nie. Kennis en ervaring daarvan is nodig.

'n Persoon se ervaringsveld word grootliks deur sy omgewing waarin hy opgegroeï het, bepaal. Indien hy deur sy omgewing min ontspanningsmoontlikhede gebied is, sal hy nie 'n wye ervaring hê nie. Dit is dus nodig dat sy ervaringsveld uitgebrei moet word alvorens hy sy aanleg en belangstelling in ontspanningsaktiwiteite kan ontdek. Hiervoor is goeie leiding op hierdie gebied 'n vereiste, en is beginnersklasse aan ontspanningsentra vir ouer en jonk noodsaaklik.

Hoewel genoemde kenmerke op ontspanning in die algemeen betrekking het, is dit ook op nywerheidsontspanning van toepassing, omdat dit slegs 'n onderdeel van die geheel vorm, en dieselfde doel beoog, naamlik die verbetering van die individu en volk.

2. Die voordele (waarde) van nywerheidsontspanning.

Nywerheidsontspanning vorm 'n deel van algemene ontspanning. Die voordele van ontspanning oor die algemeen sal dus ook op ontspanning in die nywerhede grotendeels betrekking hê. So

/byvoorbeeld....

byvoorbeeld het swem 'n besondere ontspanningswaarde, of dit nou deur die professionele man, ambagsman, arbeider, kreupele, huisvrou, of wie ookal, beoefen word, bly sy waarde dieselfde, omdat vir almal dieselfde spiere en vaardigheid vereis word om swem moontlik te maak.

Sekere voordele van ontspanning sal egter nie op almal van toepassing wees nie. Sekere aktiviteite wat vir die nywerheidswerker noodsaaklik is, sal vir die huisvrou nie veel betekenis hê nie. Daarom het ontspanning sekere voordele wat algemeen van aard is en andere wat in spesifieke gevalle, of op sekere persone, van toepassing sal wees. Hulle sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

(a) Algemene voordele van ontspanning.

Slavson (69 : 10-15) het die algemene voordele van ontspanning onder sewe hoofde saamgevat. Die menslike behoeftes en begeertes vorm die uitgangspunt van sy indeling wat as volg is:

(i) Ontspanning verryk die ervaring.

Die mens is geneig, indien hy 'n aktiwiteitskeuse vir ontspanning moet maak, om die klem op daardie aktiviteit te plaas wat hom tevredenheid gee, wat nie deur sy werk verskaf word nie en wat verder met sy ervaringsveld in verband staan.

(ii) Ontspanning bied kompensasië.

'n Belangrike dryfveer vir aktiwiteitsdeelname gedurende vryetyd, is om tekortkominge in die persoon te verbloem deur prestasie gedurende deelname. Die prestasie moet kompenseer vir die gevoel van minderwaardigheid. Daarom is kompensasië 'n middel tot selfvertoon en selfgelding. 'n Werker wat gedurende werksure onder die bevel van 'n baas staan, sal hierdie eienskappe in sy spel vertoon.

(iii) Regressiewe waarde van ontspanning.

Deelname aan regressiewe spele dien as middel om dwang wat op die persoon deur die dagtaak gelê word, te vergeet en te ontvlug. Spele wat soms as uitbundig beskou word, is goeie

/voorbeelde.....

voorbeelde van aggressiewe aktiwiteite: 'n bal word doelloos rondgeslinger, 'n persoon hardloop doelloos rond, gil of skreeu om 'n gevoel van vryheid te hê.

(iv) Ontvlugting van die werklikheid.

Ontvlugting is 'n belangrike voordeel wat ontspanning bied. Die fabriekswerker ondervind heelwat eentonigheid in sy werk, en daarom is afwisseling (ontvlugting) en andersheid noodsaaklik. Gepaard met eentonigheid gaan herhaling wat groot senuweespanninge meebring. Slavson (69 : 14) stel dit as volg: „Frustration, monotony and anxiety are more or less characteristic of presentday life, and one needs to have some escapes from these pressures.”

(v) Bevrediging van sosiale behoeftes.

Romney (65 : 3) lê besondere klem op hierdie voordeel van ontspanning. Die algemene sielkunde het reeds belangrike navorsing in hierdie verband gedoen en die belangrikheid wat die kuddeïnstink in die menslike lewe vervul, aangetoon. Omdat hierdie behoefte gedurende werk nie veel prikkeling ontvang nie, ontstaan die behoefte tot „kudde-samesyn” (sosiale verkeer) na werk. Romney (65 : 3) stel dit so: „He hungers to belong. Deeply rooted in his nature is a desire for this recognition. He covets the badge of eligibility to the group.”

Groepsaktiwiteite (spele) het besondere waarde ter bevrediging van hierdie behoefte.

(vi) Ontlading van aggressiewe neigings.

Aggressiwiteit is op een of ander stadium by alle mense teenwoordig. Dit ontstaan as sy verlangens, begeertes en ideale nie bevredig word nie. Daarom is dit noodsaaklik om „uitlaatkleppe” hiervoor te vind. Sekere ontspanningsaktiwiteite, soos boks, stoel, gooiaksies en derglike beweginge, dien as goeie middel hiervoor.

Mense wat onder groot spanning hul dagtaak verrig, toon 'n groter neiging tot aggressiwiteit, en indien dit nie in ander rigtings gekanaliseer word nie, kan dit tot uitbarstings

aanleiding gee.

(vii) Ontwikkeling van individuele vindingrykheid.

Hoewel die kudde-instink 'n sterk faktor in die mens se lewe is, is die behoefte ook om soms alleen en afgesonderd te wees - met homself besig wees.

In die praktyk gebeur dit dikwels dat 'n persoon homself moet laat geld (kompeteer). Om suksesvol te wees, moet hy oor sterk wilskrag en selfvertroue beskik. Hierdie eienskappe word veral versterk deur aktiwiteite wat individuele deelname vereis.

(b) Besondere voordele van nywerheidsontspanning.

Nywerheidsontspanning het ook besondere voordele vir die werkgewer en sy werknemer, indien die nywerhede daarvan gebruik maak. By 'n bespreking van enkele belangrike voordele, sal die noodsaaklikheid daarvan terdeë besef word.

(i) Opheffing van frustrasie.

Frustrasie is 'n eienskap wat by die moderne mens vry algemeen aangetref word, omdat verveling en reëlmaat van werk die mens min selftevreedenheid gee. Dit gee aanleiding tot wan-aanpassing, ontevredenheid, afsondering en ander negatiewe neigings. Heelmiddels is nou nodig om hom van hierdie frustrasie en sy invloed (of emosionele onstabiliteit) te „ontlaai“; om siel en liggaam ewewigtig te hou; normaliteit te herstel; om spanninge te verbreek, of soos Burnham (52 : 120) dit stel „all thereness“ te verkry.

Ontspanningsaktiwiteite leen hulle baie goed om die mens in die „ontlaaiingsproses“ van genoemde neigings te help en hom beter vir werkgeskiktheid voor te berei: Volgens Pieper (61 : 56): „....a man is not only refreshed from work but for work.“ en „....renew and quicken us for our everyday tasks.“

(ii) Beter werknemer-werkgewer-verhouding.

Vroeër jare was die nywerhede klein. Die baas het elke /werknemer.....

werknemer geken, en werknemers het mekaar onderling by die naam geken. Hierdie verhouding het gedurende die moderne tyd met die groot nywerhede verdwyn, en dikwels ken die werkers nie eens hul baas se naam nie.

Ontspanning kan 'n belangrike funksie in hierdie toestand verrig. Daardeur kan 'n beter ken-mekaar-verhouding - baas teenoor werker en werkers onderling - ontstaan. Verder kan dit meehelp om statusverskille uit te skakel en samewerking en respek verhoog om mekaar se probleme beter te verstaan.

Sportaktiwiteite leen hul besonder gunstig vir beter verhoudinge omdat aanleg, vaardigheid en prestasie mense op gelyke vlak plaas. Spanspele is veral geskik hiervoor.

(iii) Ontspanning bepaal leierskap.

As gevolg van groot getalle werkers in nywerhede is dit moeilik om die leierskapmoontlikhede van elkeen vas te stel. Werknemers vind dit soms moeilik om die regte persone vir verantwoordelike werke aan te stel, omdat hul geen maatstaf het om die beste leiers te keur nie.

Gedurende sport en ander ontspanningsaktiwiteite kom 'n persoon se leierskappotensiaal na vore, en sodoende kan dit die werkgewer, (indien hy ook deelneem), 'n aanduiding gee aan wie leiding toevertrou kan word. Nie alleen is leiding binne die werkskring nodig nie, maar ook in die nywerheidsontspanningsprogram is hulpleiers onontbeerlik. Op die ontspanningsterrein kan hierdie persone ontdek word.

(iv) Ontspanning verminder ongelukke.

Ontspanningsdeelname verhoog die werkgeskiktheid, spierkoördinasie en ander liggaamlike en geestelike funksies. Dit word oorgedra na die werk, want die goed gekoördineerde werker maak minder ongelukke.

'n Onderzoek deur Ghiselli en Brown (2 : 32) in Amerika, het getoon dat die verstandelike en emosionele toestand van 'n werker sterk met ongelukke in sy werk korreleer. Omdat met ontspanning hierdie toestand verbeter, is dit waardevol in nywerhede.

(v) Ontspanning ontwikkel beter spangees.

Spangees weerspieël die goeie gesindheid in verhouding van 'n groep mense. Veral in die werkskring is dit noodsaaklik. As 'n groep werkers kan saam speel, kan hulle ook saam werk. Indien hulle in ontspanningsdeelname gesellig saam verkeer, sal hulle hefter vriendskapsbande en verhoudinge opbou, en dit sal na hul werk oorgedra word en 'n beter spangees sal daar gevind word.

(vi) Aantreklikheid van werksomstandighede.

Indien 'n persoon se werksomstandighede vir hom nie aantreklik is nie, sal hy min voldoening en tevredenheid vind. Hierdie aantreklikheid geld nie alleen vir die werk op sigself nie, maar ook die na-die-werk-omstandighede. Nywerhede wat goeie behuising, ontspannings- en ander geriewe beskikbaar stel, sal nie alleen 'n beter klas werker trek nie, maar sal ook 'n beter gesindheid tussen sy werknemers vind en die vrugte van beter produksie pluk.

(vii) Ontspanning verhoog die gemeenskapsgevoel.

Groot nywerhede skeep heel dikwels 'n gemeenskap op hul eie. Die mynwese in Suid-Afrika is veelal hiervoor verantwoordelik. Lede van hierdie gemeenskap werk, ontspan en leef saam. Hoe beter die werks- en ontspanningsfasiliteite is, hoe gelukkiger sal die werker en sy familie en hefter die gemeenskapslewe wees. Daarom is die verantwoordelikhede van die nyweraar in so 'n afgesonderde gemeenskap teenoor sy werknemers groter - ook wat die ontspanningsmoontlikhede betref.

(viii) Ontspanning ontwikkel groter werkgeskiktheid.

Creed (25 : 40-43) het ondersoek ingestel na die moontlike verwantskap wat daar tussen deelname aan ontspanning en geskiktheid vir werk aan nywerhede bestaan. Hy het tot die volgende gevolgtrekkings na die ondersoek gekom: daar bestaan in 'n groot mate 'n verhouding tussen deelname aan ontspanning en nywerheidsgeskiktheid; hoewel die swakker werker nie aan soveel verskillende aktiwiteite deelneem as die beste werker

/nie.....

nie, bestee hy per aktiwiteit net soveel tyd as die beste werker.

Van hierdie ondersoek kan afgelei word dat die aantal ure wat aan ontspanning bestee word, 'n faktor is wat by die beste werkers aangetref word. Dit kan beteken dat die beste werkers aktief, lewenslustig en ondernemend is, terwyl die swakker werkers onaktief, traag en onwillig is.

(ix) Ontspanning verhoog die gesondheid van werkers.

Meestal het werk slegs betrekking op 'n sekere groepie spiere of liggaamsdeel van die liggaam. Terselfdertyd het werk so gemeganiseerd geword dat verstandelike inspanning ook nie meer so hoog is nie - om knoppies aanhoudend te druk, gee nie veel verstandelike prikkeling nie. Selfs die gees bly arm aan ontwikkeling, omdat die skeppingsdrang nie veel geleentheid tot aksie kry nie.

Deelname aan ontspanningsaktiwiteite kan veel help om hierdie leemtes aan te vul, om liggaam, gees en verstand ontwikkeling te bied.

(x) Ekonomiese voordeel van ontspanning.

Indien nywerhede ontspanningsfasiliteite aan hul werkers beskikbaar stel, kan dit vir hul groot ekonomiese voordeel inhoud. Behalwe die feit dat hulle in so 'n geval 'n klein ontspanningsfooi aan die nywerheid moet betaal - in vergelyking met private ontspanning is dit veel hoër - is die fasiliteite meestal maklik bereikbaar, en dit vergemaklik en moedig deelname aan.

Vir die nyweraar bied dit die voordeel dat ontspanning die werkgeskiktheid van die werker verhoog en sodoende sy produksievermoë ooreenkomstig verbeter.

H O O F S T U K V.

NYWERHEIDSONTSPANNING EN DIE OPVOEDING.

Industrialisasie het nie alleen die werksdag en werkswEEK van die mens verkort nie, maar terselfdertyd sy vryetyd verleng. Dit het tens reeds so 'n stadium bereik dat dit problematies van aard is. Persone wat nie hul vryetyd nuttig bestee nie, maak hulle aan wanpraktyke skuldig, wat tot nadeel vir die gemeenskap en selfs 'n volk kan wees. Sosiale euwels soos drankmisbruik, jeugmisdaad, moord en ander misdade is almal uitvloeisels hiervan, en die oorsake word meestal aan ledigheid en verkwiste vryetyd toegeskryf.

Om die balans te behou, het dit noodsaaklik geword dat hulpmiddels gebruik moet word om die vryetyd vir die individu so in te rig dat dit nuttigheidswaardig is. Die opvoedkunde is 'n waardevolle middel om in hierdie doel te slaag. Neumeyer en Neumeyer (58 : 175) is selfs van gedagte dat een van die fundamentele doeleindes van die opvoedkunde moet wees: „.....preparing for life situations notably occupation, leisure, and social living.”

Bruikbare vryetydsbesteding is dus in der waarheid 'n opvoedkundige probleem, omdat dit hierdie tyd wil gebruik om die mens te verbeter en op te hef. Hierdie studie gaan in hoofsaak oor die doen en late van die individu in sy vryetyd en op watter wyse dit die nuttigste aangewend kan word. Daarom is dit opvoedkundig van aard en is dit nodig om aandag aan die verband tussen opvoeding en ontspanning (gedurende vryetyd) te gee.

1. Die betekenis van opvoeding vir ontspanning.

Dit is uiters moeilik om 'n duidelike definisie van opvoeding vir ontspanning te gee, aangesien dit 'n terrein van

/die.....

die opvoedkunde is, wat in die afgelope dekades eers aandag geniet het en as 'n probleem na vore gekom het. Eintlik is opvoeding vir ontspanning nou eers besig om tot rypheid te ontwikkel.

Dit is egter nie alleen die opvoedkunde wat in ontspanning belangstel en daarmee gemoeid is nie. Die sosioloog, psigoloog, geestelike en liggaamsopvoeder stel ewe veel belang, omdat hul een gemeenskaplike doel saam met die opvoedkundige het, naamlik om die individu op te hef en van hom 'n beter mens te maak. Elkeen lê die klem net op 'n ander aspek daarvan: die opvoedkundige besien ontspanning in terme van buitemuurse aktiwiteite, (hoofsaaklik vir die kind) wat na die volwasse se lewe oorgedra kan word; die teoloog laat die klem op die geestelike en morele waardes daarvan val; die sielkundige stel belang in die karaktervormende waarde, terwyl die liggaamsopvoeder die verbetering van liggaemlike fiksheid, organiese krag en gesondheid, oordragswaarde, as die doel van opvoeding vir ontspanning beskou. Neumeier en Neumeier (58 : 176) voeg die oogmerke van elk van hierdie beskouinge in die volgende definisie goed saam: „Training for leisure includes the enrichment of personal lives, the creation of interests, and the philosophy of life as well as the development of skills.”

2. Die eenheid tussen opvoeding en ontspanning.

Net soos die lewe in geheel 'n eenheid in al sy fragmente vorm, so moet opvoeding en ontspanning as twee komponente gesien word, wat nie van mekaar losgemaak kan word nie. Die een kan nie sonder die ander volmaak wees nie en stel Jacks (36 : 1) dit so: „A master in the art of living draws no sharp distinction between his work and his play, his labour and his leisure, his mind and his body, his education and his recreation.”, en verder: „The education which is not also recreation, is a maimed, incomplete, half-done thing. The recreation which is not also education has no re-creation value.”

Eenheid van opvoeding en ontspanning beteken die ko-educasie van liggaem en gees. Die Grieke het hierdie gedagte baie sterk uitgedra, maar met verloop van tyd, het dit verander as

gevolg van die superioriteit wat aan die gees toegeken is. Die gevolg daarvan is die sterk liberale opvoedingstelsel (of verstandsoopvoeding) aan die begin van hierdie eeu, wat die klem op kennis alleen geplaas het. Die liggaam moes 'n ondergeskikte plek inneem en dit is 'n plek in die vryetyd toegesê. Kortom, die opvoeding was vir die gees, en vryetyd (ontspanning) vir die liggaam.

Laasgenoemde toestand is egter ook besig om te verander. Veral deur die geweldige toename van vryetyd, het die opvoeding ook in die vryetydsterrein belanggestel, gevolglik word die eenheidsgedagte van opvoeding en ontspanning tans in moderne vryetydsbesteding aangetref.

Andersom het dieselfde plaasgevind. Vir die liggaam word meer en meer plek in die opvoeding ingerig, en besef opvoedkundiges die groot waarde van spel en ontspanning. Kerschensteiner van Duitsland, Dewey van Amerika, Montessori van Italië, om slegs 'n paar te noem, het almal bygedra om spel en werk, liggaam en gees, opvoeding en ontspanning bymekaar te bring. Die weskroep het opnuut geword: „Mens sana ⁱⁿ corpore sano." In skool, maar ook na skool, by kind sowel as volwassene, vorm opvoeding en ontspanning 'n kragtige eenheid. Solank dit bewaar word, sal dit groot positiewe waarde vir die individu, gemeenskap en volk in die toekoms hê.

3. Die vierde „R" - Rekreasie.

Vryetyd en ontspanning vervul net so 'n belangrike funksie in die lewe as skoolgaan vir die kind en werk vir die volwassene. Die voordele van ontspanning wat in Hoofstuk IV (Afd.a.) bespreek is, is die bewys hiervoor. Daarom is dit belangrik dat kind sowel as volwassene vir nuttige vryetyd en ontspanning opgevoed moet word. Indien hulle nie op die opvoedkundige belangrikheid daarvan gewys word en geleer word hoe om dit bruikbaar aan te wend nie, kan dit gebeur dat dit verkeerd aangewend word en eerder probleme as voordele meebring.

Naskoolse bedrywighede geniet tans wel aandag, maar het eintlik 'n „na-die-werk-strekking" op slegs 'n klein persentasie

van die skoolgaande jeug, waarby die motief soms verwronge is, en dit die doel mis. Die skoolself moet die kind opvoed vir vryetyd waar hy die belangrikheid, noodsaaklikheid en regte perspektief geleer word. Nie die prestasie in deelname moet beklemtoon word nie, maar die persentasie van deelname. Die dwanggedagte moet op die agtergrond geskuif word en die vryheidselement moet eerder beklemtoon word. Die kind moet leer dat ontspanning nie 'n plig, maar 'n voorreg is; om eerder deelnemer as toeskouer te wees. Die kind moet met 'n opvoedkundige grondslag sy vryetyd gedurende die skooljare deurbring sodat hy dit kan oordra na die skooltydperk. Ter bereiking van hierdie doel, moet die kind die waarde van ontspanning binne die skoolure bygebring word, net soos hy daar leer om te lees, skryf en reken - die vierde „R” moet bygevoeg word.

4. Bydraes van opvoeding vir ontspanning.

Die belangrikste bydrae van opvoeding vir die mens is om hom te help om sy kragte en vermoëns vas te stel en te ontwikkel. Dieselfde geld ook in opvoeding vir ontspanning. Die persoon se aanleg en talente moet in ontspanningsaktiwiteite gevind en daarna ontwikkel word sodat dit vir hom opvoedkundige waarde kan hê: sy persoonlikheid, karakter, gesindheid, verhoudinge, selfvertroue, wilskrag en algemene optrede, om slegs enkele eienskappe te noem, te verbeter en versterk.

Om in genoemde doel te slaag, moet die individu se belangstellinge geprikkel en ervaring in die ontspanningsveld verbreed word. Daarom is dit nodig dat die program van opvoeding vir ontspanning, liggaemlike, intellektuele, estetiese, sosiale en ander vorme van aktiwiteite voorsien.

Kenmerkend van iemand wat vir ontspanning „opgevoed” is, is dat hy graag en met sukses leiding kan neem en hom nuttig kan besighou. Hy is self-aktief; en dit is reeds wat ontspanning vereis. Daar is egter groot gebrek aan hierdie eienskap en daarom is die persentasie deelname aan ontspanningsaktiwiteite so laag, en die toeskouertal so hoog. Die mens wat leer om vir hom-sélf te dink, sélf te oordeel, sélf te doen, is dan opgevoed

vir ontspanning. Dit is die taak en verantwoordelikheid van die skool om hom in die eerste beginsels hiervan in te lei, maar ook van die staat, munisipaliteite en private instansies om toe te sien dat dit opgevolg word, dan sal die mens tot in sy volwasse- heid voorberei wees om sy tyd bruikbaar aan te wend. Om hierdie ideaal te bereik, word volstaan met die woorde van Nash (52 : 204): „Education must be planned in the light of recreational needs.”

H O O F S T U K VI.

DIE ONTSPANNING-SLEIER.

Leiding is 'n onmisbare middel vir die vooruitgang op alle lewensterreine, omdat leiers nodig is om die koers aan te dui. Dit is die leier wat die vrugbare gedantes van individue organiseer, verbind met sy eie visie, en help om dit tot voordeel van volkere aan te wend.

Ontspanning is een van die lewensrigtinge wat bekwame leiding vereis. Veral waar 'n groot belangstelling en uitbreiding van georganiseerde ontspanning in die jongste tyd ontwikkel het, is geskikte en opgeleide leiers noodsaaklik. Nie alleen besef staatsregerings in baie lende van die wêreld hul verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie aspek met sy voordele (pp.48 - 54) nie, maar ook instansies soos munisipaliteite, nywerhede en kerke skenk heelwat aandag hieraan.

Om reg aan hierdie belangrike lewensaspek te laat geskied, moet bekwame leiers voorsien word. Hierdie leiding kan weens die huidige samestelling van ontspanning nie meer willekeurig soos vroeër geskied nie, maar is spesifieke leiereienskappe en beplande opleiding 'n vereiste om die doel van ontspanning na te kom.

Navorsers op die terrein van die sielkunde, sosiologie, ekonomie en opvoedkunde het hierdie behoeftes besef en reeds veel bygedra deur ondersoek en eksperiment om die regte leiers te keur en vir hul taak voor te berei deur doelgerigte opleiding. Vervolgens sal 'n ontleding en bespreking hiervan gemaak word.

1. Die belangrikheid van leierskap.

Leierskap het nie grense van aktiwiteite nie. Dit word in al die vertakkinge van die lewe aangetref, naamlik maatskap-

lik, sosiaal, staatkundig, religieus, en so ook in die ontspanningsrigting waaroor Anderson (2 : 147) hom as volg uitlaat:

„The leader is one who guides, conducts, influences, and helps others to achieve through recreation their maximum development as individuals, and as members of a group." Hieruit is dit duidelik dat 'n leier iemand is na wie sy medemens opsien, en hom graag sal volg.

'n Leier moet betroubaar wees, inspireer, 'n sterk persoonlikheid en goeie karakter hê, edel van inbors wees, wilskrag toon, bedeed wees met 'n goeie intellek. Hierdie eienskappe is ook noodsaaklik op die terrein van die ontspanning, waarop Neumeyer en Neumeyer (58 : 359) verder as volg uitbrei. „Omdat die ontspanningsleier koers aan die aktiwiteitsprogram moet gee, moet hy oor die nodige kennis beskik in dié verband, want daardeur kan hy die entoesiasme van die deelnemer makliker opwek deur die program by hul behoeftes aan te pas. Die leier moet goed onderlê wees in die administrasie en organisasie van die ontspanningsentrum. Hy moet die doeltreffendheid en gladde verloop van bestuur verseker en oor die vermoë beskik om maklik en dissiplinêr met individue te werk. Hy moet verder 'n goeie onderwyser wees - iemand wat met bekwaamheid ken onderrig. Hiervoor is nodig demonstrasie en beheer van die basiese vaardighede."

Hierdie vereistes is genoegsame bewys om aan te toon wat ter belangrike faktor die leier in ontspanning is. Butler (11 : 82) gaan sover om hom selfs as belangriker as die fasiliteite, uitrusting en selfs die spel, te ag - dit is die leier wat hierdie dinge organiseer tot 'n integrale eenheid. Petrill (60 : 36) sluit hom by Butler aan en sê: „Whatever his title, position, or salary, the recreation director is not only the most important single element in any program - he is the program. The recreation program reflects the personality of its director. He guides it through difficulties, nurses its troubles and moves it in spirit. With the right man as director, recreation clicks; without him, there is neither recreation nor a program."

2. Teorieë en kenmerke van leierskap.

Wanneer die vraag oor goeie leierskap van nader beskou word, ontstaan die vraag watter hoedanighede 'n goeie leier moet besit? Watter verskil in persoonlikheidseienskappe is byvoorbeeld tussen die leier van 'n volk en sy onderdaan, of watter eienskappe onderskei 'n individu as leier van sy medemens? Die verskillende teorieë oor hierdie begrip kan as hulpmiddel dien, om hierdie probleme op te klaar.

(a) Die teorie van persoonlike eienskappe.

Aanhangers van hierdie teorie het 'n studie van groot leiers gemaak en sekere persoonlikheidseienskappe by hulle gevind. Nie alleen manne soos Caeser, Bismarck, Napoleon, Lincoln en ander groot figure, is onder die soeklig geplaas nie, maar ook mense wat op ander gebiede leiding geneem het.

Zimmerman (38 : 365) het heelwat literatuur in hierdie verband nagegaan om vas te stel, wat algemeen as vereistes vir goeie leierskap beskou word. Hy het meer as twee honderd eienskappe gevind, waaronder die volgende as die belangrikste voorkom: moed, 30%; intelligensie, 28%; vergesig 26%; inisiatief, 16%; insig, 14%; kennis, 12%; selfvertroue, 10%; simpatie, 10%; energie, 10%; opregtheid, 10%.

George Dearborn (81 : 35) het in sy ondersoek die volgende agt eienskappe uitgesonder: intelligensie, inisiatief, moed, selfvertroue, insig, egte vriendelikheid, humor en kennis van menslike natuur. Thorndike (81 : 40) noem op sy beurt sekere eienskappe wat 'n persoon gewoonlik in hoër aansien by sy medemens bring en dus voordelig vir leierskap is, naamlik, lengte, sterk stem, forse voorkoms, gesondheid, moed en fisiese prestasies.

Laastens word volstaan by Ordway Tead (74 : 72-83) wat beskou word as 'n outoriteit op die gebied van leierskap se indeling van persoonlikheidseienskappe. Dit is: liggaamlike of geestelike dryfkrag; 'n sin vir doel en rigting; vriendelikheid en vriendskap; integriteit; tegniese meesterskap; besliste optrede; intelligensie; vermoë om andere te leer; geloof.

Ander navorsers oor die onderwerp is Ganders, Cox, en

/Kraine....

Kraïne. Hoewel hulle nie almal ooreenstem wat betref die rangorde en samestelling van leiereienskappe nie, is hulle dit eens dat leiers in 'n sekere sin gebore word, met ander woorde, dat hulle sekere eienskappe van hul voorouers oorerf.

(b) Die situasie- of geleentheidsteorie. (4)

Die voorstanders van hierdie teorie plaas die klem op die geleentheid. Davis (81 : 49) stel dit duidelik as hy sê: „Efficient executive leadership depends upon executive ability and courage to face facts in the situation, interpret the facts properly in the light of the situational requirements and follow the course of action they decide.”

Volgens hierdie teorie is die karakter van die leier in sekere geleenthede van belang. Die groep en situasie moet bestudeer word. Indien dit nie gedoen word nie, beteken die som van al die eienskappe niks nie. 'n Persoon wat die eienskappe wat deur 'n spesifieke situasie vereis word, besit, sal die gewenste leier wees.

Sanford (81 : 60) het na 'n ondersoek waarby 963 persone betrokke was, bevind dat drie faktore van belang is by die studie van die begrip leierskap, naamlik, die leier self, die situasie en die volgelinge. Sy ondersoek het getoon dat die situasie die belangrikste is, dat 'n persoon met spesifieke kwalifikasies vir die spesifieke situasie eerder as leier sal te voorskyn tree as die persoon wat algemene leiereienskappe besit.

(c) Die nuwere opvatting van leierskap.

Hoewel voorafgaende teorieë onmisbaar vir leierskapbepaling is, is hulle in sekere opsigte feilbaar. / So sien die situasie-teorie persoonlike eienskappe as 't ware oor die hoof, terwyl laasgenoemde nie veel aandag gee aan die feit dat leiereienskappe aangekweek kan word nie, 'n beskouing wat in sterk teenstelling met die Dale Carnegie-skool staan.

Die moderne beskouing neig om albei teorieë in 'n sekere mate te aanvaar en saam te voeg. Weber, Tead en Sanford, om slegs 'n paar te noem, meen dat die drie faktore, naamlik karak-

ter-persoonlikheidsienskappe, die situasie en die volgeling, so nou met mekaar verbonde is dat hulle kwalik as aparte entiteite gesien kan word. Die leier word in die meeste gevalle deur al drie gemaak.

'n Leier moet sekere eienskappe besit om leier te bly. Baie mense kom as gevolg van spesifieke vermoëns vir 'n spesifieke situasie op die voorgrond as leier, maar weens die afwesigheid van die sogenaamde leierskapeienskappe beklee hulle nie die posisie nie.

Die kenmerke van leierskap.

Die basiese eienskappe wat leierskap raak, is reeds in die teorieë aangeraak. 'n Breedvoeriger bespreking van sommige kenmerke, in besonder van die ontspanningsleier, sal meer lig op die saak werp.

Crossan (15 : 9) beweer dat op 'n paar uitsonderings na leierskap in direkte verband met opvoeding staan. Die ou gedagte dat leiers gebore word (teorie oor persoonlike eienskappe), kan op sig self nie meer in die moderne wêreld aanvaar word nie, omdat dit nodig is dat leiers in verskeie opsigte onderrig en voorbereiding nodig het, om hul as leiers op 'n sekere gebied beter te kan onderskei.

Die belangrikste eienskappe wat vir die leier in die algemeen, waarby die ontspanningsleier ingesluit is, noodsaeklik is, word deur die meeste kenners soos Tead, Corbin, Neumeyer en Neumeyer, Butler, Meyer en Brightbill as volg gestel:

(a) Vaardigheid en ervaring.

Ervaring is nodig om die regte weg aan te wys. Daarby moet die leier bekwaam genoeg wees om sy doel te bereik. Hiervoor is kennis van die spesifieke veld waar leiding gegee word, nodig. 'n Leier in ontspanning kan nie 'n geslaagde program aanbied, indien hy nie kennis dra van die verskillende aktiwiteite wat in die program opgeneem is nie.

(b) Intelligensie. ✓

Intelligensie, verstandelike wakkerheid en opmerkzaamheid, 'n goeie geheue en 'n breë kennisveld is vir produktiewe denke

en oordeelkundige beslissings nodig. 'n Goeie visie en verbeeldingskrag wat die situasie in die verskiet korrek kan opsom, en met selfversekering daarna kan lei, sluit hierby aan. Crossan (15 : 9) som dit so op: „One of the chief requirements of good leadership is mental stamina - the ability to think and act clearly in an emergency.”

(c) Selfdiscipline.

Self-discipline is een van die duidelikste tekens van 'n goeie leier. Crossan (15 : 10) beskou dit van so groot belang dat hy sê: „It is, in fact, the mechanics of the whole business of leadership - no matter what other quality may be lacking in a leader. Self-discipline must be of the highest order.”

Voordat 'n leier dissiplinêr kan optree, moet hy homself eers kan dissiplineer. Wie hom kan beheer sal heers! Selfdiscipline is nodig vir oordeelkundige optrede, vir onderskeiding tussen reg en verkeerd, goed en kwaad.

(d) Goeie karakter.

'n Sterk karakter word saam met hoë intelligensie as die belangrikste kwalifikasies vir goeie leierskap vereis. Veral in ontspanning speel dit 'n belangrike rol weens die intieme verkeer tussen die leier en die groep. Die samevatting van Neumeyer en Neumeyer (58 : 367) oor karakter wys veral op die integrerende aspek daarvan: „By character is meant the integration and organisation of attitudes and habits, also interests and sentiments, as they are oriented with reference to moral values and standards. Character is a vital part of personality, involving, as it does, the moral aspect.”

Die meeste goeie eienskappe wat 'n goeie leier moet besit, kom in sy karakter voor. Bogardus (58 : 367) noem die volgende: opregtheid, selfstandigheid, simpatie, erkenning, lojaliteit, geloof, konsensieusheid, integriteit, moed, verstandelike balans en selfvertroue. Verantwoordelikeheidsin, inisiatief en onselfsugtigheid kan nie nagelaat word om hierby gevoeg te word nie.

(e) Kwalifikasies vir ontspanningsleierskap.

Hoewel die persoonlikheidstrekke wat van 'n goeie leier

in die algemeen verwag word, en so ook vir die ontspanningsleier volledig bespreek is, is daar tog sekere kwalifikasies wat 'n leier in die ontspanningsrigting moet besit wat essensieel is. Butler (11 : 94) vat hulle saam onder ses hoofde, naamlik:

(i) Hy moet vertrouwd wees met sosiale verhoudings en 'n sterk aanpassingsvermoë in hierdie opsig hê, menslike waarde in ag neem, en die kuns om gelukkig te lewe, verstaan.

(ii) Die tweede saak van belang is sy skeppingshouding. Hierin moet hy belangstel in die ontwikkeling van die individu, 'n begeerte toon om die skeppingsdrang van die volgelinge te prikkel.

(iii) Sy wetenskaplike houding. Hy moet belangstel in ondersoekwerk en eksperimentering.

(iv) Intellektualiteit. 'n Goeie verstand, wakker denke, en nuuskierigheid om sosiale probleme te ondersoek en op te los, is noodsaaklik.

(v) Sy demokratiese houding. Dit sluit in; entoesiasme vir selfregering; insig in 'n koöperatiewe ontspanningstelsel; vaardighede in die tegnieke van groepwerk; organisasieaanleg; energieke optrede; skeppend en nie dominerend van karakter nie.

(vi) Tegniese vaardigheid; veral in die rigting waarin leiding verskaf word, moet die leier oor die nodige vaardighede beskik.

'n Belangrike vereiste wat bygevoeg moet word is: „The successful leaders are those in whom the spirit of play has never died and whom retain through life an active interest in wholesome forms of play. The nature of the work requires that a person be in excellent physical and mental health.” (12 : 55).

3. Die opleiding van ontspanningsleiers.

Weens die besondere belangstelling wat ontspanning, in besonder nywerheidsontspanning, in die afgelope dekade geniet, maar ook weens die gespesialiseerde vorm waarin dit tans voorkom, het dit noodsaaklik geword dat die ontspanningsleier vir sy taak goed voorberei word. Daar word selfs gedifferensieer vir die soort van ontspanning, naamlik, munisipaliteite, nywerhede en

ander privaat instansies soos die Y.M.C.A. en Kerkorganisasies. Die tyd dat „anyone with talent in recreational activities wascapable of setting up a recreational program," soos Corbin (14 : 10-11) dit uitdruk, is nie meer moontlik nie, en hy meen „It is essential that the recreation leader be specially prepared for this field;....the field is so extensive that it is utterly impracticable to prepare students for all specialities... At best the training for ‚general' practice plus specialization in one or two phases can be achieved."

Amerika het hierdie probleem reeds jare gelede besef, want in 1929 was daar altesaam veertien inrigtings wat sertifikate in sosiale werk met spesialisering in ontspanning uitgereik het. Die helfte was vir graadstudente ingesluit. In agt inrigtings was die leerplan by die departement van sosiologie ingesluit, terwyl in twee gevalle dit deur liggaamlike opvoeding aangebied is. Verskeie ander inrigtings het grepe in verband met ontspanning in hulle leerplanne voorsien.

Geringe aandag is na 1929 aan uitbreiding van die opleiding van ontspanningsleiers gegee tot 1938, toe 'n bespreking oor die opleiding vir ontspanning by 'n kongres in Minnesota plaasgevind het.

In dieselfde jaar is aan die Purdue-Universiteit 'n graadkursus in die opleiding van nywerheidsontspanningspersoneel ingestel. Na die aanvang van die Tweede Wereldoorlog het verskeie ander inrigtings kursusse in nywerheidsontspanning aangebied.

In Suid-Afrika lê hierdie veld nog braak en word geen spesifieke opleiding vir ontspanning aangebied nie. Die enigste persone wat in hierdie rigting gebruik kan word, is studente wat 'n graad met liggaamlike opvoeding as hoofvak gevolg het. Opleiding in hierdie vak lê die klem sterk op die opvoedkunde aspek - die opleiding van onderwysers - omdat die aanvraag na ontspanningsleiers, veral vir nywerhede, tot onlangs nog nie bestaan het nie. Die rede moet gesoek word in die feit dat nywerheidsontwikkeling eers na die oorlogsjare snel toege-

neem het, en 'n stadium bereik het dat 'n aanvraag ontstaan het. Hierdie ondersoek is reeds onderneem om die veld te inspekteer en vas te stel hoedanig die behoefte in hierdie opsig is, en indien nodig, of universiteite in die toekoms nie aandag aan die opleiding van ontspanningsleiers moet skenk nie.¹⁾

Kennis en opleiding vir ontspanning is egter nie voldoende om as 'n goeie leier op te tree nie, en indien 'n persoon nie oor die nodige leiereienskappe beskik nie, (pp. ⁶⁴⁻66) kan die program nie suksesvol aangebied word nie. Daarom is dit uiters belangrik dat keuring vir leiers moet plaesvind. As 'n persoon nie oor die basiese eienskappe wat vir goeie leierskap noodsaaklik is, beskik nie, moet hy afgewys word.

(a) Die omvang van die opleiding.

Daar bestaan meningsverskil of die opleiding van ontspanningsleiers, hetsy vir 'n graad of diploma, 'n afsonderlike departement op sy eie moet wees, en of dit geïnkorporeer moet word by ander departemente, byvoorbeeld liggaamlike opvoeding, musiek, opvoedkunde, sosiologie of ander departemente waarby dit inpas. Laasgenoemde metode het die nadeel dat die opleiding nie so intensief kan plaesvind nie, en as gevolg van die feit dat dit slegs 'n klein onderdeel van die geheel van die besondere vak vorm, nie so volledig kan geskied nie, en moontlik ook afgeskeep kan word. Indien opleiding in 'n aparte departement geskied, is beter koördinering van die werk moontlik, die vakgebied is afgebaken, en intensiewe onderrig en kontrolering is moontlik.

Ongeag watter een van die genoemde weë gevolg word, moet die leerplan, in besonder vir die opleiding van ontspanningsleiers vir nywerhede, 'n sekere omvang van leerstof bevat. In 'n studie van Jones (2 : 153-54) waar vraelyste van een honderd ontspanningsleiers in verskillende nywerhede gestuur is om vas te stel watter standarde aan so 'n leier gestel word, het dit aan die lig gekom, dat ooreenkomstig die aard en omvang van hul werk, voorbereiding in die volgende vakke nodig is, naamlik nywerheids-
/ontspanning.....

1) Sien onder „Aanbeveling“, p.

ontspanning, liggaamlike opvoeding, nywerheidsverhoudings, sielkunde, sosiologie, Engels,¹⁾ voordrag, sport en natuurstudie. Sy bevinding onderskei verder tussen die opleiding van die direkteur van ontspanning (dit is die persoon wat volle verantwoordelikheid ten opsigte van alle aspekte van die ontspanningsprogram dra) en opsiener van ontspanning (wat ook die sportleier genoem kan word, en slegs verantwoordelik is vir toesig oor sekere aktiwiteite). Eersgenoemde se hoofstudie moet nywerheidsontspanning wees, met liggaamlike opvoeding as die belangrikste aanvullende vak. In die ander geval geld slegs die teenoorgestelde. Die bykomstige vakke is verder min of meer dieselfde. Hierdie ondersoek toon dus baie duidelik aan dat 'n persoon wat hom as leier in nywerheidsontspanning wil bekwaam, goed onderlê moet wees in al die aspekte hiervan, sowel as in liggaamlike opvoeding, en dat hierdie twee vakke die aangewese hoofvakke vir voorgraadse studie is. Hierdie belangrike beginsel moet essensieel in gedagte gehou word indien leiers vir ontspanning moontlik in die toekoms in Suid-Afrika opgelei word.

Wat die kurrikulum van nywerheidsontspanning betref, meen Anderson (2 : 159) dat die volgende afdelings ingesluit moet word: filosofie van nywerheidsontspanning; die ontwikkeling van basiese motoriese vaardighede en leierskaptegnieke van verskillende ontspanningsaktiwiteite; die ontwikkeling van sosiale vaardighede; die opbou van 'n kulturele agtergrond. Die student moet dus breed onderlê wees in die drie belangrikste rigtings van ontspanning, naamlik, **liggaamlik**, sosiaal en kultureel.

Die grondbeginsels wat Corbin (15 : 14) voorstel, is meer volledig en beslaan die veld van ontspanning baie goed. Hy stel die volgende onderwerpe voor:

(i) Filosofie van ontspanning. Hierin moet die rol van vryetydbesteding en ontspanning in die moderne tyd goed bestuurdeer word. Die student moet geleer word om 'n eie filosofie op te bou, wat tog verband hou met die algemene filosofie van die /professie.....

1) In Suid-Afrika sal Afrikaans bygevoeg moet word.

professie.

(ii) Navorsingstegnieke. Deur navorsing moet die student leer om verskillende probleme in sy werk na te spoor en op te los, soos byvoorbeeld die ontwikkeling van beter ontspanningsstelsels, verbetering van administrasie en organisasie, en so meer.

(iii) Inleiding tot die administrasie van ontspanning. Dit sluit sake soos die organisasie van ontspanningsprogramme, beplanning, uitleg, konstruksie en onderhouding van ontspanningsfasiliteite en -uitrusting, opstel van rapporte, personeelbestuur, begroting en kosteberekening in.

(iv) Gesondheidsopvoeding.

(v) Noodhulp en veiligheid in ontspanning.

(vi) Grondbeginsels van die groei, ontwikkeling en gedraginge van die mens. Veral van belang is die groei van die kind, sielkunde van die adolessent, geesteshigiëne, persoonlikheidsontwikkeling en sosiale verhoudinge.

(vii) Kommunikasie-middele soos openbare optrede en visuele hulpmiddele moet bestudeer word.

(viii) Buitelugopvoeding.

(ix) Die samestelling van die skoolstelsels.

(x) Metodes in sekere aspekte wat verder met betrekking tot ontspanning staan, soos die kuns van leierskap, die beginsels van groepwerk, beginsels van die demokrasie, sake wat in verband met enige fase van ontspanning staan.

(b) Professionele opleiding.

Die student moet gedurende sy opleiding professioneel goed voorberei word. Hiervoor is nodig dat hy praktiese ervaring moet opdoen. Dit kan verkry word indien opleidingsentrums met naburige nywerhede saamwerk en waarheen studente vir proefperiodes gaan. Petrill (60 : 37) gee 'n goeie samevatting waarom hierdie besoeke noodsaaklik is, as hy sê: „The student should be given the opportunity of studying plant operation from within the plant itself, so that he might gain an insight of the problems of management and the workers in actual practice. Provision might be made for the student to spend stated periods in the

/plant.....

plant, first in one department, then in another, in both administration and production, so that he obtains a good, workable knowledge of all phases of plant operation and their relation to one another. Unless he possesses this knowledge, it will be impossible for him to function adequately as an industrial recreation director. It is easier to make a recreation director of some one in the plant by teaching him the principles of recreation than it is to make a director of an experienced recreation leader who has no plant knowledge."

Veral gedurende die somermaande is geleentheid beter omdat die behoefte tot deelname dan baie groter is, as gevolg van die aangenamer klimaatomstandighede; dan sal nywerhede proefhulp verwelkom. Daarby kry die nyweraars die geleentheid om die studente te sien optree en waardevolle hulp te verleen waar tekortkominge weergeneem word. Terselfdertyd reak die student vertrouwd met die probleme in verband met ontspanning in die nywerhede, maar ook met die funksionering daarvan. Indien hy later self die beroepsveld betree, behoort hy saam met die akademiese agtergrond bekwame leiding op hierdie gebied te gee.

4. Hulpleiers. (Vrywillige leiers).

Die veld van ontspanning aan die nywerhede is so uitgebreid dat dit feitlik onmoontlik vir die hoofleier is om verantwoordelikheid in alle opsigte te dra. Al sou die stadium bereik word dat nywerhede hul personeel so saamstel dat meer as een leier met die ontspanningsadministrasie en -organisasie te doen het, kan nogtans nie reg aan al die aktiwiteite geskied nie, omdat die liggaamlike, sosiale, kulturele en buitelugaktiwiteite te veel is. Hierdie leemte kan aangevul word deur hulpleiers te gebruik wat hulle dienste vrywillig aanbied. Dit geskied gewoonlik sonder enige finansiële verdienste.

Vrywillige leiers kan van die werknemers van die nywerheid wees, of persone wat nie daaraan verbonde is nie. Indien moontlik, moet hulle egter uit eie kring benoem word, omdat hulle daardeur die belange van die ontspanningsentrum meer op die hart sal dra en ook 'n groter belangstelling sal hê.

Hoewel baie persone hulle dienste vrywillig sal aanbied, is dit noodsaaklik dat hulle versigtig gekeur moet word, en wel op so 'n wyse dat geen aanstoot gegee word nie. Indien persone behulpsaam is, sonder dat hulle oor die nodige leierskapeienskappe beskik, kan dit selfs 'n nadelige uitwerking op die program hê en vir die hoofleiers meer probleme skep, in plaas van hul taak te verlig. Meestal wys die beste leiers hulle self uit, en veral as hulle deur medewerkers verkies word, kan hulle nie slegs as betroubaer vir leiding beskou word nie, maar sal die samewerking tussen hul en hul groep verseker wees.

Na die keuse van die vrywillige leiers, moet hulle toegelig word oor hul verantwoordelikhede en pligte. Daarom sal daar 'n noue samewerking tussen hulle en die ontspanningsleier moet wees. Omdat hierdie persone meestal min, of geen ervaring in verband met nywerheidsontspanning sal hê nie, is dit nodig dat hulle vir hul taak onderrig ontvang, sodat hulle presies sal weet wat van hulle verwag word om moontlike oorvleueling later uit te skakel.

A F D E L I N G B.(E T E O N D E R S O E K .)H O O F S T U K I.PROBLEEMSTELLING.

Nywerars in verskillende lande, soos veral Amerika, Duitsland, Frankryk, Swede, Noorweë, België en Nederland het gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1914-1918) en kort daarna besef dat die uitgebreide en ingewikkelde industrialisasie meer spanninge op die werkers plaas en tot verlaging van hul werkvermoë aanleiding kan gee. Daarom het hulle mettertyd die beoefening van sport deur die werknemers aangemoedig. Hulle het besef dat die liggaamlike geskiktheid van die werknemers vir hul verlore arbeidsure kon bespaar, aangesien afwesigheid van werk daardeur grootliks uitgeskakel sou word. Terselfdertyd word die bedryfsfeer verbeter en spangees bevorder deurdat in die sport die geleentheid geskep word vir individue en groepe om buite werksure vriendskaplik met mekaar te verkeer en mee te ding; dit kan help om 'n gesonde gees op te bou.

In die moderne produksie neem die werker as gevolg van die spesialisasie in die verskillende prosesse van vervaardiging slegs aan 'n deeltjie van 'n proses deel en ondervind hy nie die voldoening wat verkry word deur 'n produk deur al die stadia van produksie te voer en die eindproduk af te rond nie. Daar is geen skeppingsatisfaksie nie, en die werker word slegs 'n faktor in 'n sielododende roetine. Hoewel hy dus agt uur per dag werk, is hy meer gefrustreerd as gevolg hiervan, as sy beroepsmaat van die vroeë industriële omwenteling.

Daar word ook aanvaar dat die doeltreffende aanwending van mannekrag dikwels afhanklik is van die persoonlike ontwik-

keling van die arbeider, asook van 'n deeglike kennis van die arbeider oor die algemeen. Derhalwe sluit die moderne programme in die vak, doelstellings in wat daarop gemik is om die grootste moontlike ontwikkeling van die arbeider se persoonlikheid te bewerkstellig.

Een van die middele wat deur die nyweraar as van groot belang beskou word in die liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die werker se werkskragte, is ontspanning. In gevalle waar die verskillende afdelings van sy fabriek so ver van mekaar geleë is dat sy werkers mekaar nie eens ken nie, is dit vir hom van groot belang dat hulle op 'n terrein wat hy self verskaf, saam moet optree en sodoende 'n spangees aankweek. Die leierskap wat op die speelvelde ontwikkel word, werp al te dikwels ook sy vrugte in die fabriek af.

In baie bedrywe vereis die arbeid aan masjiene min beweging en meestal selfs 'n eensydige beweging. So oefen die arbeid dikwels ook slegte invloed op die houding van die werker uit. Daarby kom nog dat daar gedurende die dienstyl 'n toeneemende vermoeidheid ontstaan en die prestasiekurwe daal. Ontspanning het nou hier die doel om korrigerend in te werk, om die liggaamlike geskiktheid op peil te bring, en selfs te verhoog. (kyk pp.53-54).

Uit die bespreking dusver is dit nou duidelik met watter probleme die nyweraar aan die een kant en die nywerheidswerker daarteenoor in die algemeen te doen het, en hoe ontspanning kan meehelp om baie van hierdie probleme uit te skakel en as heelmiddel kan dien. Dieselfde geld ook vir die nyweraar en sy werknemer in Suid-Afrika. Om hierdie rede is hierdie ondersoek onderneem, om daardeur vas te stel wat die omstandighede ter plaatse is.

H O O F S T U K I I .

DOEL VAN DIE ONDERSOEK.

Die doel van hierdie ondersoek moet teen die agtergrond van die probleemstelling gesien word waarin 'n uiteensetting gegee is waarom 'n studie in die rigting van ontspanning, en in besonder nywerheidsontspanning, noodsaaklik is. Om hierdie rede is die volgende oogmerke in hierdie ondersoek ten doel gestel:

1. Die hoofdoel is om vas te stel wat die stand van ontspanning, in besonder liggaamlike ontspanning, in die Suid-Afrikaanse nywerhede is.

Veral wil nagegaan word of die nyweraar in Suid-Afrika reeds die behoefte, voordele en waarde van ontspanning (vergeelyk hoofstuk IV- Afdeling A) vir sy werker insien, en of hy hom slegs as fabriseerder beskou van wie net ontvang word, en aan wie niks teruggegee word nie.

2. Aansluitend by die vorige is die doel om die omvang van ontspanning in die nywerhede na te gaan. Daar is verskeie aspekte wat by die omvang ingesluit word, naamlik:

- (a) omvang van die aantal nywerhede wat reeds ontspanning aanbied;
- (b) omvang ten opsigte van die verskillende soorte van nywerhede, soos primêre en sekondêre nywerhede, staats- en private nywerhede;
- (c) omvang by verskillende grootte nywerhede. Is dit slegs nyweraars wat groot getalle werknemers akkomodeer, ('n groot nywerheid moet gereken word as een wat meer as 1,000 werknemers in diens het) wat ontspanningsgeriewe voorsien? Of dra die kleiner nywerhede ook hul verpligting.....

verpligting teenoor hul werknemers wat ontspanning betref?

(d) omvang rakende die verskillende afdelings van ontspanning, naamlik liggaamlike, sosiale, kulturele en buiteligontspanning.¹⁾

(e) die omvang van ontspanning aan blankes en nie-blankes.

Hoewel die ondersoek oor blankes sal handel, is dit tog noodsaaklik om gegewens oor albei te versamel, om ten minste in sekere gevalle 'n vergelykende beeld van ontspanning te kry soos dit vir albei groepe voorsien word.

3. Ewe noodsaaklik is die rol wat leierskap (vergelyk Afdeling A, hoofstuk VI) in die aanbieding van ontspanning speel. Sonder goeie leiding het enige onderneming min kans op sukses, en daarom sal dit een van die hoofdoeleindes wees om hierdie aspek van ontspanning breedvoerig te ondersoek.

Aangesien in Suid-Afrika nie voorsiening vir die opleiding van ontspanningleiers in besonder gemaak word nie, is een van die belangrikste oogmerke van hierdie studie, om die behoefte van akademies-gekwalfiseerde ontspanningsleiers na te gaan in die nywerhede en vas te stel of die behoefte in die toekoms opleiding sal regverdig.

4. Dit is ook noodsaaklik om aandag aan die administrasie en organisasie van ontspanning aan die nywerhede te gee, en daarom word ten doel gestel om hierdie veld ook te inspekteer, en indien leemtes sou bestaan, dit in verband te bring soos reeds in ander lande suksesvol deurgevoer is. Aandag sal veral aan die program gegee word, aangesien dit in hierdie verband die belangrikste aspek is, en omdat die inhoud daarvan die weg van ontspanning aan nywerhede sal aandui.

5. Hoewel die omvang van fasiliteite eintlik onder voorge-noemde afdeling inskakel, word dit afsonderlik as doel gestel,

/aangesien.....

1) Hoewel die doel van hierdie ondersoek hoofsaaklik op die liggaamlike ontspanning toegespits is, is dit tog noodsaaklik om die ander daarby te betrek, om sodoende die geheelverband te verkry, maar verder ook om 'n waardebeplanning te maak van die aandag en omvang wat liggaamlike ontspanning geniet.

aangesien geen ontspanning inderdaad aangebied kan word indien daar nie terreine, geboue en apparaat beskikbaar is nie.

6. Om ontspanning aan te bied en goed te laat funksioneer, is die nodige fondse nodig. Dit is dus noodsaaklik dat die finansiële potensiaal van die nywerhede nagegaan word, om daardeur vas te stel of ontspanning deurgaans aangebied kan word, al dan nie.

7. 'n Belangrike oogmerk is die deelname van werknemers aan ontspanning, hetsy by die nywerheidsontspanningsklubs of deur deelname by private klubs. Aandag sal in besonder gegee word aan die oorsake van moontlike passiwiteit. Dit sal egter slegs vir gevalle geld waar ontspanningsklubs wel mag bestaan.

8. Besondere aanmoediging ten opsigte van ontspanningsdeelname deur die nyweraars, sal ook ondersoek word.

9. Laastens, en wel die belangrikste, sal gepoog word om op grond van die gegewens wat versamel word, en die kennis oor nywerheidsontspanning wat gedurende die studie opgedoen word, aanbevelinge te maak, wat tot moontlike voordeel van die nywerhede in Suid-Afrika kan wees en tot uitbreiding van ontspanning in hierdie rigting kan lei.

Samevattend kan die doel van die ondersoek in die volgende drie punte saamgevat word:

- (a) Die vasstelling van wat tans deur nywerhede in Suid-Afrika vir ontspanning gedoen word en hoedanig die aanbieding is.
- (b) 'n Opname te maak van die behoeftes in hierdie rigting.
- (c) Aanbevelinge te maak wat gerig sal wees op huidige aanbieding en behoeftes.

H O O F S T U K III.

METODE VAN ONDERSOEK EN VERSAMELING VAN GEGEWENS.

1. Beskrywing van gebruikte metodes.

Vir die versameling van die gegewens vir die ondersoek, is hoofsaaklik van drie metodes gebruik gemaak. Vraelyste is gebruik, benewens persoonlike onderhoude wat geteël is, en persoonlike waarneming wat tydens die besoeke aan die verskillende nywerhede gedoen is.

Verskeie hulpmiddels is ook gebruik om as aanvulling te dien vir die basiese metodes. Benewens 'n literatuurstudie wat as handleiding vir die opstel van vraelyste kon dien, is primêre bronne wat by elke nywerheid beskikbaar was, geraadpleeg. Pamflette, prospektusse, jaarverslae, konstitusies, kaarte en dergelike literatuur is versamel. In gevalle waar afskrifte nie in voorraad was nie, of die inhoud as konfidensieel beskou en verwydering nie toegelaat is nie, was insae en die bestudering daarvan genoegsaam gewees om die verlangde gegewens te bekom.

Om die doel van die ondersoek te bereik, moes persoonlike besoeke gereël word. Hiervoor is vraelyste gebruik, waarop die nodige inligting aangeteken is. Dit is uitgebrei deur onderhoude met verskillende lede van elke nywerheid te voer. Dit het veral hierdie voordeel ingehou dat in gevalle waar persoonlike menings van toepassing was, 'n duideliker beeld verkry is, nadat die verskeie menings aangehoor en informasie ingewin is. Deur persoonlike waarneming tydens die besoeke is die veld van ondersoek breër gedek, en in gevalle van twyfel kon die ondersoeker meestal self inspekteer.

Waarneming oor 'n lang periode wat kon meehelp om 'n geheelbeeld te vorm, en die betroubaarheid van die gegewens kon verhoog, is om verskeie redes nie toegepas nie. Eerstens

sou dit te veel tyd in beslag neem, en moontlik die organisasie van ontspanning aan die nywerhede strem. Omdat ontspanning meestal na werksure plaasvind, dit wil sê, van ongeveer 4 namiddag, sou 'n paar besoeke gedurende hierdie tyd genoegsame resultate lewer. By twee nywerhede waar die proefondersoek gedoen is, is verskeie besoeke by verskillende sportklubs afgeleë, waardeur persoonlike waarneming wel deeglik toegepas is. Dit kon terselfdertyd as maatstaf vir die ander nywerhede dien, veral omdat die aard van ontspanning baie dieselfde is.

Die waarnemingsmetode is nie as enkele metode gebruik nie, aangesien daardeur verskeie belangrike sake die aandag kon ontsnap. Dit is noodsaaklik dat in baie gevalle 'n deeglike agtergrond van ontwikkeling verkry moes word, om sekere inligting te bekom. Deur onderhoude met persone wat op hoogte met die toestande is en die nodige kennis besit, is dit minder tydrowend en meer betroubaar om die gegewens van sodaniges te kry.

Indien vraelyste alleenlik gebruik is, sou dit nie betroubaar genoeg wees nie, aangesien 'n verduideliking nodig is - altans vir sekere vrae. Die ondersoeker weet presies watter gegewens hy met elke vraag wil bekom, en wat sy doel daarmee is. Sonder die nodige toeligting kan die informant dit uit 'n ander oogpunt benader, soos ook heel dikwels aangetref, voordat 'n uiteensetting van die inhoud van sekere vrae gegee is.

Dit blyk dus dat vraelyste alleen nie betroubaar genoeg sou wees nie, en daarom is dit gesamentlik met die persoonlike onderhoudsmetode toegepas. Laasgenoemde metode hou veral dié voordeel in, dat sekere gegewens aan die lig kom, wat nie deur die vraelyste gedek word nie, of soos in baie gevalle 'n uitbreiding op die oorspronklike vraag verkry word. Hierdie gegewens sou verlore wees sonder persoonlike kontak.

Maar persoonlike waarneming dien as aanvulling van die vraelys - en die onderhoudsmetode omdat die ondersoeker deur 'n wakker opmerkzaamheid, belangrike waarnemings kan doen, waardeur die betroubaarheid van gegewens verhoog word.

/Aangesien.....

Aangesien die drie metodes mekaar goed aanvul en min gapings laat vir foutiewe gegewens, is hulle vir hierdie ondersoek gebruik.

2. Die proefondersoek.

Voordat die nywerhede besoek is, is 'n deeglike voorstudie van die belangrike aspekte van nywerheidsontspanning, soos reeds in ander lande toegepas, gemaak. Aandag is veral aan Amerika gegee, wat dusver 'n leidende rol in hierdie verband geneem het. Hierna is twee vraelyste - een vir werknemers en een vir werkgewers - opgestel, met in agneming van Suid-Afrikaanse toestande.

Die vrae aan die werkgewers is onder die volgende hoofde ingedeel:

- (A) Algemene Inligting;
- (B) Organisasie en Administrasie van die Ontspanningsprogram;
- (C) Aanmoediging van Ontspanning in die Nywerheid;
- (D) Finansiële besteding van ontspanning;
- (E) Algemene Inligting;
- (F) Aktiwiteite en Fasiliteite.

Tesame met die vraelys aan werknemers wat uit vyftien vrae bestaan het, is gepoog om ten minste die belangrikste aspekte van ontspanning aan die Suid-Afrikaanse nywerhede te dek. Die twee lyste dek wel 'n wye veld in hierdie verband.

Verder is 'n handleiding vir die vraelys aan die werknemers opgestel, om te verseker dat alle vrae ewe belangrik en op dieselfde wyse aan alle nywerhede gestel word en waardeur uniformiteit verseker is. Geen handleiding is vir die lys aan werknemers voorsien nie, aangesien dit by elke vraag in die vraelys aangebring is.¹⁾

Om die betroubaarheid, geldigheid en bruikbaarheid van die vraelyste vas te stel, is persoonlike onderhoude met twee nywerhede gereël. 'n Bespreking is met die bestuurders gevoer, waarin 'n verduideliking van die doel van die ondersoek gegee is, asook die voordele wat so 'n ondersoek moontlik vir

/Suid-.....

1) Voorbeelde van albei vraelyste, asook van die handleiding word hierby aangeheg. (pp. 84 - 102).

Suid-Afrikaanse nywerhede in die toekoms kan hê, aangetoon.
Dit kon egter alleenlik in samewerking met fabrieksbase geskied.

In albei gevalle was die belangstelling groot, en in die kort gesprek het dit reeds duidelik geword dat hierdie leidende figure die waarde van so 'n ondersoek terdeë besef en verwelkom. Terselfdertyd het selfkritiek gevolg, en is op die tekortkominge van ontspanning aan hulle nywerhede - maar ook algemeen - gewys. Deur die ondersoek het duidelik geblyk dat die nywerhede gretig is om verbeteringe aan te bring en om aanbevelinge en bevindinge in aanmerking te neem.

'n Gewaardeerde samewerking is in albei gevalle verkry, en afsprake is gereël met persone wat die nodige inligting, ooreenkomstig die vraelyste, kon verskaf.

Deur die proefondersoek is gevind dat sekere vrae mekaar oorvleuel, andere minder belangrik was, terwyl sekere belangrike vrae bygevoeg moes word, veral wat die vraelys aan die werkgewers betref. Dit het as leidraad gedien tot die samestelling van 'n veranderde en verbeterde vraelys.

Om die bruikbaarheid van die vraelys aan werknemers te toets, is die volgende prosedure gevolg: Eerstens is 'n proefgroep van drie persone geneem, wat uit dagloners sowel as kantoorpersoneel bestaan het. 'n Verduideliking van die doel van die ondersoek, asook elke individuele vraag is aan hulle gegee. Aangesien die inligting as konfidensieel beskou word, en die werkgewers geen insae daarin het nie, is verseker dat die gewens openhartig sou wees.¹⁾

'n Tweede proefgroep, ook van drie persone, is geneem en hulle moes die vraelyste beantwoord, op grond van die instruksies wat daarop aangeteken is - daar is dus geen verduideliking op die vrae gegee nie. Na voltooiing van die lysie het 'n bespreking gevolg om die helderheid van vrae vas te stel,

/en.....

1) Verskeie vrae aan die werknemers is van so 'n aard dat hulle kritiserend teenoor die fabrieksbase is in soverre die tekortkominge en klagtes in verband met fasiliteite wat deur die werkslui aangetoon moet word.

en die openhartigheid by die voltooiing daarvan na te gaan. Deurgaans is gevind dat geen huiwering bestaan het nie, en wel om die volgende redes soos deur die proefpersone gestel: Eerstens, omdat hulle naam nêrens op die lys verskyn nie; tweedens, omdat direk aan die ondersoeker geadresseer kan word; derdens, indien dit nie direk aangestuur word nie, dit verseël kan word en dan gekollekteer kan word.

Alhoewel albei gevalle as betroubaar gevind is, is voorkeur aan laasgenoemde metode gegee, aangesien dit meer prakties sou wees omdat die probleem van onderhoude met werknemers gedurende werksure uitgeskakel word, en omdat nie inbreuk op die normale funksionering van die nywerhede gemaak word nie. Tweedens bied dit die werknemers die geleentheid om tuis rustig en aandagtig die vrae deur te lees en gekonsentreerd te beantwoord. Dertens is dit minder tydrowend vir die ondersoeker.

3. Die hoofondersoek.

Na voltooiing van die proefondersoek is die vraelyste opnuut aangepas en daarna is met die hoofondersoek begin. Op enkele uitsonderinge na, is dieselfde weg as die van die proefondersoek gevolg, en is deur middel van bestuurders of sekretarisse na belanghebbende en ondergeskikte persone gewerk.

Meestal is met ontspanningsbeampes wat aan die hoof van ontspanningsklubs gestaan het - indien dit wel bestaan het - onderhandel, en die meeste gegewens is dan ook van hom en sy personeel bekom.

Om die betroubaarheid van die gegewens te verseker, is met seksiehoofde of met bestuurders, sekretarisse en personeelbeampes verdere onderhoude gereël. Met klubleiers van verskillende aktiwiteite moes dikwels noodgedwonge geskakel word om sekere gegewens te verskaf, of om in baie gevalle vaagheid op te klaar. Dit is ook heel dikwels aangetref dat sekere vrae omseil is - veral in gevalle waar tekortkominge bestaan het - om sodoende die aktiwiteitsprogram nie in 'n slegte lig te stel nie. Dit was veral opmerklik in gevalle waar dit van toepassing was op ontspanningsbeampes self, asook by werkgewers


/waar.....

waar ontspanning nie op 'n hoë vlak gestaan het nie.

Vraelyste aan werknemers is met behulp van werksbestuurders versprei, wat ook die insameling daarvan behartig het, en by wie dit later afgehaal is.

Alhoewel die ondersoek op blankes van toepassing is, is alle nywerhede wat ontspanning vir nie-blankes reël, ook besoek om die aard en omvang daarvan kortliks vas te stel. Die gegewens kon in alle gevalle van die kampongbestuurder verkry word.

Die volgende skematiese voorstelling toon die prosedure van die versameling van die gegewens aan.



(VERSKILLENDE AKTIWITEITE)

L.W. Die vraelyste aan werknemers en werkgewers, sowel as die handleiding wat by laasgenoemde gebruik is, word hierby aangeheg. (Nommers 4, 5 en 6).

(B) ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE ONTSPANNINGSPROGRAM.

1. 1) Het die nywerheid 'n beplande dag-, week-, maand-, jaar-ontspanningsprogram vir die verskillende aktiwiteite?
 ii) Wanneer vind die beplanning plaas, en hoe word dit bekendgestel?
2. Het u nywerheid 'n ontspanningsentrum? Indien wel, hoe vind die bestuur en beheer daarvan plaas?
3. 1) Het die nywerheid 'n opgeleide ontspanningsleier wat deeglike kennis van al die aspekte van ontspanning het?
 ii) Watter ervaring ten opsigte van ontspanning het die persoon aan die leiding op die oomblik?
 iii) Wat is die pligte van die huidige ontspanningsbeampte (voorsitter)?
4. 1) Word liggaamlike, sosiale en kulturele ontspanning aangebied?
 Watter geniet oor die algemeen die grootste ondersteuning?
 ii) Watter ontspanningsaktiwiteite word die beste ondersteun deur:
 Administratiewe personeel?
 Werkers?
5. Gee 'n kort ontwikkeling van die ontspanning van die nywerheid.
6. 1) Mag alle werknemers lede van die ontspanningsentrum word?
 ii) Hoeveel is die getal lede van die klub?
 Getal werknemers van die nywerheid?
 Getal buitelede waarby ingesluit word werknemers van ander nywerhede wat geïnkorporeer is by die ontspanningsentrum? Op watter voorwaardes mag hulle lede word?
7. Het elke klub sy eie komitee? Hoe vind die samestelling daarvan plaas, en wat is die magte en pligte van elk, en in watter mate is klubs outonoom?
8. Het u 'n algemene ontspanningskonstitusie? Het elke klub sy eie konstitusie? Watter verband het die twee met mekaar?
9. Wie doen die afrigting van sportsoorte op die nywerheid, en reken u dat dit afrigting voldoende is vir al die aktiwiteite?
 Indien nie, watter leemtes bestaan? In watter mate word van afrigters gebruik gemaak wat nie in die nywerheid werk-saam is nie?

10. Algemene opmerkinge oor die organisasie en administrasie.

(C) AANMOEDIGING VAN ONTSPANNING DEUR NYWERHEID.

1. Is die werksure van werknemers sodanig dat hulle genoegsaam vryetyd vir ontspanning het?
2. i) Wat doen die nywerheid tot stigting van nuwe sport- en ander aktiwiteite?
ii) In hoeverre neem werknemers die inisiatief tot stigting?
3. Wat is die toekomsbeplanning van die nywerheid in verband met die uitbreiding van ontspanning? (Dink aan fasiliteite, personeel, en andere). Is dit 'n kort of lang termyn?
4. i) Het u pouse-ontspanning in die nywerheid? Watter tyd?
ii) Watter aktiwiteite is beskikbaar? (Fasiliteite).
iii) Wat is die toekomsbeplanning? (in pouse-ontspanning).
iv) Watter voordele het u gevind, of reken u hou pouse-ontspanning in?
v) Indien die nywerheid nie pouse-ontspanning het nie, wat doen werknemers gedurende rusperiodes? (Soos tee-drink, eet en andere?)
5. Word werknemers ingelig oor die bestaande ontspanning en beskikbare fasiliteite, en is die huidige werknemers op hoogte van al die aktiwiteite wat aangebied word? Watter versekering gee u?
6. Word sekere publisiteitstegnieke gebruik om belangstelling by die werkers gaande te maak, en hulle van tyd tot tyd in te lig oor bykomende aktiwiteite, oefentye, wedstryde, en andere?
7. Het u nywerheid sy eie blad (of aparte ontspanningsblad) of bestaan daar 'n algemene blad wat op nywerhede betrekking het waar u ontspanningsbedrywighede voorkom? Hoe gebruik u dit vir bekendstelling en uitbreiding van ontspanning?
8. Watter aandag word aan gesinslede van werknemers vir ontspanning gegee?
Vir vrouens alleen:

Vir kinders alleen:

Vir familie gesamentlik:
9. Word enige georganiseerde aandag aan beginnersklasse gegee, hetsy deur opgeleide persone of deelnemers met baie ervaring?
10. Algemene opmerkinge in verband met aanmoediging van ontspanning?

(D) FINANSIËLE BESTEDING AAN ONTSPANNING.

1. Wat het die nywerheid reeds aan die volgende bestee?

Geboue:

Velde:

Pawiljoene:

Parke:

Apparaat:

2. Hoe word die finansies van die ontspanningklubs beheer?

3. Bewillig die nywerheid enige bedrae aan instansies, soos dorpsrade, skole, ontspanningsklubs, ensovoorts?

4. Dra die nywerheid onkoste aan vervoer vir ontspanning? Of word dit uit klubfondse, hoofklubfonds of deur spelers self gedra?

5. Koop werkers hulle eie sportdrag, of voorsien die nywerheid enige drag? (soos truie, skoene, en andere).

6. Watter bedrag het die nywerheid aan die ontspanningsklub die afgelope jaar oorbetal, byvoorbeeld vir ontspanningsgeld wat van die werkers se salaris afgetrek word, verwerk, salarisse, ensovoorts?

7. Wat was die klub se wins/verlies die afgelope jaar (indien dit sy eie finansies bestuur)?

8. Wat word jaarliks aan die volgende sake vir ontspanning bestee?

Salarisse:

Onderhoudskoste:

Apparaat:

Ander:

9. i) Betaal werknemers 'n verpligte ontspanningsfooi?

ii) Word klubgelde betaal? Hoeveel?

10. Algemene opmerkinge rakende finansies.

(E) ALGEMENE OPMERKINGE.

1. Is die soorte werk in die nywerheid nadelig vir die gesondheid van die werknemers, soos die waar byvoorbeeld gasse, hitte, stof en ander belemmeringe, voorkom? Wat doen die nywerheid in die bekamping daarvan? Speel liggaamlike opvoeding 'n rol in die gesondheidsprogram?

2. Van watter klagtes is u nywerheid bewus ten opsigte van ontspanning en wat doen die nywerheid in die oplossing daarvan?

3. Om watter redes meen u maak die werknemers nie genoegsaam gebruik van die beskikbare ontspanningsfasiliteite nie? Wat reken u kan die nywerheid daaraan doen?
4. i) Wie ondersteun die ontspanningsklub oor die algemeen die beste: Afrikaans- of Engelssprekendes?
- ii) Watter sportsoorte word die beste ondersteun deur:
Afrikaanssprekendes?
Engelssprekendes?
5. Watter sportsoorte word op Sondag beoefen, en wie, die Afrikaans- of Engelssprekendes, ondersteun dit die beste?
6. Vind u dat die persone wat aan sport deelneem, leiding in hul werk neem, meer betroubaar is en groter produktiwiteit het as die wat nie daaraan deelneem nie?
7. Hou die ontspanningsbestuurder rekord van alle lede, maar in besonder van lede wat aan ontspanningsklubs behoort? Of weet slegs klubs wie hulle lede is?

(F) AKTIWITEITE EN FASILITEITE.

Aktiwiteit.	Ledetal-Deelname.				Beskikbare fasiliteite	Verbeterings die afgelope drie jaar.
	M	V	K	N		
1. Atletiek						
2. Boogskiet						
3. Bofbal						
4. Bokse						
5. Fietsry						
6. Gimnastiek						
7. Gholf						
8. Gewigoptel						
9. Handbal						
10. Hokkie						
11. Jukskei						
12. Judo						
13. Korfbal						
14. Krieket						
15. Muurbal						
16. Perdry						
17. Pluimbal						
18. Ringtennis						

Aktiwiteit.	Ledetal Deelname				Beskikbare fasiliteite	Verbeterings die afgelope drie jaar.
	M	V	K	N		
19. Rolbal						
20. Rugby						
21. Skerm						
22. Swem						
23. Sagtebal						
24. Skyfskiet						
25. Stoei						
26. Skaats						
27. Sokker						
28. Snoeker						
29. Tennis						
30. Tafeltennis						
31. Hengel						
32. Vlugbal						
33. Waterpolo						
34. Ander.						

SOSIAAL EN KULTUREEL.

1. Handvaardig- hede						
Leerwerk						
Metaalwerk						
Borduur						
Kleremakery						
Weef						
Piouterwerk						
Rottangwerk						
Pottebakke- ry						
Werktuigkun- de						
2. Musiek						
3. Sang						
4. Danse						
5. Volkspele						

SOSIAAL EN KULTUREEL

	Ledetal Deelname.	Beskikbare fasiliteite.	Verbeteringe die afg. 3 jr.
6. Bioskoop			
7. Opvoerings			
8. Debat			
9. Voordrag			
10. Biblioteek			
11. Opvoedkunde lesings			
12. Kaartspele			
13. Fotografie			
14. Tuinklub			
15. Seëlklub			
16. Duifklub			
17. Kampeer			
18. Noodhulp.			

AKTIWITEITE EN FASILITEITE (vervolg).

1. Watter aktiwiteite het hulle eie klubhuise en geriewe, byvoorbeeld tennis, rolbal, gholf, swem, krieket en andere wat uitsluitlik net vir daardie betrokke aktiwiteit gebruik word? (Is daar wat vir meer as een aktiwiteit gebruik word?) Watter het stoorplek?
2. i) Uit watter vertrekke bestaan die ontspanningsaal, sale, komiteekamers, kombuis, kroeg, kleeckamers, kantore, snoekerkamers, veranda, projeksiekamer, stoor-kamers? (Het u miskien 'n plan wat verkry kan word?)
ii) In watter van hierdie lokale is ontspanningsgeriewe aangebring vir byvoorbeeld veerpyltjies, snoekertafels, ensovoorts?
3. Indien 'n aparte gimnasium beskikbaar is, gee sy grondplan en noem vir watter aktiwiteite dit ingerig en gebruik word?
4. i) Watter aktiwiteite het reeds of vroeër bestaan, maar het nou doodgeloop?
ii) Watter aktiwiteite staan op die punt om 'n aanvang te neem?
5. Watter fasiliteite word vir 'n dubbele doel gebruik, byvoorbeeld pluimbalbane vir ringtennis, rugbyvelde vir krieket, ensovoorts?
6. Het u oefenterreine of -geriewe vir sekere aktiwiteite? (byvoorbeeld krieketnette, tennismuur) Watter?
7. Het die swembaddens springplanke? Wat is die hoogtes?
8. Watter besondere fasiliteite is beskikbaar vir sosiale en kulturele ontspanning? (byvoorbeeld fotografiese apparaat, verhoë, tuine (vir tuinklub), inklokkamers vir duifklub, /biblioteek...

biblioteek, radios, materiaal of gereedskap vir handvaardighede? (byvoorbeeld rottangwerk).

9. Het u speel- of ander parke op die ontspanningsterrein? Het die nywerheid spesiale ontspanningsterreine elders in die land, weg van die nywerheid wat sy eiendom is en uitsluitlik vir ontspanning aangekoop is? (byvoorbeeld vakansie-oorde, kampeerterreine, ensovoorts.)
10. i) Word u fasiliteite beskikbaar gestel vir privaat instansies, soos byvoorbeeld vir skole wat dit vir oefening of wedstryde gebruik, of toernooie?
- ii) Maak die nywerheid gebruik van fasiliteite van ander instansies?
11. Hoeveel voltydse werknemers is werksaam by die ontspanningsterrein?

Blank. Nie-blank.

Bestuurder

Onderbestuurder

Tiksters

Tuinier

Opsigters: deeltjds

Kroegmanne

Kelners

Kombuispersoneel

Ambagsmanne, byvoorbeeld elektrisiëns

Arbeiders

Ander.

12. i) Hoe groot is die ontspanningsgrond (werklike grootte)?
- ii) Hoeveel is nog ongebruik?
- iii) Is al die grond aanmekeer? Indien nie, hoe is die verdeling?
- iv) Hoever is dit van die nywerheid?
- v) Is dit sentraal geleë vir die meeste werkers of nie?
- vi) Is dit vir 'n sekere rede aangeloop waar dit is, of het sekere omstandighede dit bepaal? watter omstandighede?
- vii) Geniet dit goeie versorging?
- viii) Het u genoeg arbeid, implemente en finansies om die grond deeglik te versorg?
13. Algemene opmerkinge in verband met aktiwiteite en fasiliteite.

5. HANDLEIDING VIR DIE VRAELYS VAN WERKNEMERS.

Soos reeds onder „Proefondersoek“ in hierdie hoofstuk vermeld, is 'n handleiding opgestel om uniformiteit van vraestelling aan informante te verseker.

Aangesien baie vrae eksak is, of slegs getalle vereis, of op sigself verklarend is, was dit nie noodsaaklik om 'n omskrywing van elk te gee nie.

Die handleiding is volgens die indeling van die hoofde van die vraelys, sowel as die ooreenkomstige vraag daarin, opgestel.

Vervolgens word 'n afskrif van die handleiding gegee.

A. ALGEMENE INLIGTING.

4. Die volgende norme bepaal die grootte van 'n nywerheid:

Groot: 1000 blankes.

Middelmatig: 500 blankes.

Klein: minder as 500 blankes.

6. Kantoorpersoneel sluit alle werknemers in, wat met administratiewe werk bemoei is, byvoorbeeld, klerke, tiksters, tegniese beamptes, skeikundiges, landmeters, geoloë, ensovoorts.

Werkers is alle werknemers wat gewoonlik ook bekend staan as dag- of weekbetaaldes, ambagsmanne, en ander werkers.

7. Aandag word aan hierdie vraag gegee om na te gaan of werknemers betaalde verlof te het, waardeur liggaams- en geestelike herstelling deur emosionele spanning veroorsaak, kan geskied; die familie kan saam verkeer om gesamentlik na willekeur aan ontspanning deel te neem. Vraag 10 sluit grootliks hierby aan.

11. Deur die geskiedenis van die nywerheid na te gaan, asook van die ontspanningsaktiwiteite, kan vasgestel word watter aandag die nywerheid gedurende sy bestaan aan ontspanning gegee het.

B. ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE ONTSPANNINGSPROGRAM.

1. 'n Ontspanningsprogram is die samestelling van alle

/ont.....

ontspanningsaktiwiteite^{mal} deur die nywerheid daargestel is tot die beskikking van sy werknemers, en nie sommer op losse voet beoefen word nie, en onder die beskerming van die nywerheid georden word, koers het as gevolg van afbakening, beplanning en goeie leiding.

'n Beplande dag-, week-, maand-, jaarprogram moet vooropgestel wees en nie op 'n probeer-trefmetode baseer wees nie, wat botsings van aktiwiteite sal vermy, en wat planmatigheid daaraan sal gee. Dit moet geskrewe wees.

2. Met beheer word bedoel die samestelling van die Algemene Ontspanningskomitee waarop werknemer- en werkgewer verteenwoordiging het, en waardeur hulle funksies, magte en pligte duidelik aangedui is. Die term wat in elke nywerheid gebruik word vir hierdie komitee moet vasgestel word, byvoorbeeld ontspanningsraad, of wat ook al.

By die bestuur van die ontspanningssentrum, wil veral nagegaan word, wat die pligte van die bestuurder daervan is, om sodoende vas te stel of dit vir die bestuurder moontlik is om ontspanning op 'n breër grondslag in sy nywerheid te organiseer, byvoorbeeld deur middel van aanmoediging, afrigting of kluborganisasie. Hieruit sal blyk of hulpleiers noodsaaklik is of nie.

Verder moet die pligte van alle helpers vasgestel word, byvoorbeeld, tuinier, kroegmanne, opsigters en ander amptenare.

3. Met die term „Ontspanningsleier” word bedoel, iemand wat opleiding in ontspanning gehad het, byvoorbeeld, graad in Liggaamlike Opvoeding, of enige ander kursus in die verband, en dus daardeur bekwaam genoeg is om ontspanning aan die nywerhede in al sy aspekte reg te lei.

9. Deur na te gaan wie die afrigting van aktiwiteite waarneem, kan vasgestel word of die hulp van professionele persone ontspanning aan die nywerhede sal bevorder. (Vind ontmoediging nie deur gebrek aan afrigtingshulp plaas nie?)

(C) AANMOEDIGING VAN ONTSPANNING DEUR DIE NYWERHEID.

1. Laat die skofte wat werknemers werk hulle toe om aan ontspanning deel te neem, of wissel die skofte sodanig dat gereelde deelname onmoontlik is?

2. Neem die nywerheid leiding, byvoorbeeld deur middel van die ontspannings-beampte, of ander persone, of kanale, om nuwe aktiwiteite by te voeg? Probeer hulle vasstel wat die leemtes is en neem dan leiding?

OF word alles aan die werknemer se eie inisiatief oorge-
laat?

3. Hoe beplan die nywerheid sy ontspanning? Van jaar tot jaar? Of is daar 'n langtermynbeplanning wat stelselmatig ingedeel is en waarvolgens gewerk word? Of is die ontwikkeling toevallig, dit wil sê, soos behoefte mag ontstaan of toevallige ontwikkeling?

Wat is die toekomstige beplanning op die oomblik, in verband met alle aspekte van ontspanning, wat betref geboue, velde, apparaat, administrasie en organisasie?

4. Pouse-ontspanning is beskikbare aktiwiteite wat by die werke aangebring is vir die gebruik van die werknemers gedurende rusperiodes, byvoorbeeld tee- en eetpouses, soos pyltjie-gooi, tafeltennis, snoeker of selfs grootterreinaktiwiteite, soos sokker, ringtennis, volleybal en andere. Noem as die werk so naby die ontspanningssentrum is dat van die aktiwiteite daar gedurende hierdie rusperiodes gebruik kan word, andersins moet duidelik genoem word watter fasiliteite by die werk aangebring is. Is daar lokale wat vir dié doel opgerig is, al is dit met die doel vir eet aangebring - en waar ontspanning aangebied kan word?

ii) As werknemers klaar geëet het, sit en gesels hulle net, of is daar 'n klompie wat byvoorbeeld sokker skop in die straat of ander beskikbare terrein, of enige ander ontspannings-aktiwiteit op hulle self organiseer? Dit sal aantoon dat daar behoefte aan pouseontspanning bestaan.

/iii)....

iii) Het die nywerheid enige vasstelling gedoen om te sien of ontspanning (nie net sit nie) die produktiwiteit van die werknemer verhoog, spanninge verwyder, en so meer, waardeur hy die volgende werkperiode met nuwe ywer aanpak, en waardeur sy algemene gesondheidstoestand beter gehou word?

5 en 6. Bestaan daar doelgerigte metodes van inligting aan die werknemers in verband met die ontspanningsprogram wat aangebied word, en hoe vind dit plaas? Deur middel van publisiteitstechnieke, soos 'n nywerheidsblad, met bioskoopvertonings wat deur die nywerheid gereël word? Of het die nywerheid sy eie bioskoopprogram wat gedruk word? Of deur aanplak- en strooibiljette, persoonlike kennisgewings en omsendbriewe? So kan alle werknemers gedurig op hoogte van beskikbare fasiliteite en aktiwiteite wees.

Hoe word nuwe werknemers ingelig oor bestaande ontspanning? Deur mondelinge mededeling, opgestelde brosjure, of andere?

Het u van hierdie dinge gedoen en dit waardeloos gevind deurdat belangstelling daardeur nie opgewek kon word nie?

7. Dit gebeur soms dat verskillende nywerhede 'n gesamentlike blad het waarin die nywerhede van daardie spesifieke groep hulle bedrywighede saamvat? So gee al die goudmyne, byvoorbeeld „The Reef” uit.

Het sodanige nywerhede al daaraan gedink om nogtans hul eie blad wat veral vir ontspanning 'n groot doel kan dien, uit te gee?

8. Word moeite deur die nywerheid gedoen, om die ontspanningsaktiwiteite aan die gesinslede bekend te stel en hulle aan te moedig om daarvan gebruik te maak deur georganiseerde aandag aan hulle te gee? Of word hulle net ipso facto lede as hulle mans (of andersom) in diens tree, en die saak net daar gelaat word?

Dieselfde geld vir die kinders. Reken die nywerheid dat, indien meer aandag deur hulle aan die kinders gegee word, dit kan meehelp tot die bekamping van jeugmisdaad en ander kinder-

wanpraktyke?

Saemgevat: wat doen die nywerheid van sy kant vir die gesinslede, deur sekere aktiwiteite wat aangebied word, waaraan die hele gesin kan deelneem, soos aan danse, bioskoop, swem, vertonings en andere?

9. Met beginnersklasse word bedoel: enige reëlings wat deur die nywerheidsamptenare, soos ontspanningsbeampte, sportkenners en -leiers, om die werknemers wat graag 'n nuwe aktiwiteit wil aanleer, aan te moedig om dit te begin, al wil hy nie daaraan deelneem vir kompetisiedoelindes nie, maar bloot net vir ontspanning.

Doen die nywerheid iets in hierdie verband, of word dit meestal aan die beginner self oorgelaat om die reëls en tegnieke van die nuwe spel van die persone te leer wat wel daardie betrokke aktiwiteit beoefen?

Watter mate van snobisme word in verskillende aktiwiteite waargeneem, miskien veral teenoor die beginner, asook tussen goeie deelnemers omdat die kompetisiemotief oorheersend is, en die waarde van sosiale verkeer en ander voordele verlore gaan?

(D) FINANSIËLE BESTEDING AAN ONTSPANNING.

L.W. Omdat ek bewus is dat die nywerheid nie graag sy finansiële sake wil bekendstel nie, wil ek u vriendelik vra om 'n insae daarin te kry, aangesien die ondersoek waardeloos sal wees indien hierdie gegewens nie verkry kan word nie.

1. Indien die bedrae wat aan die verskillende items bestee word nie afsonderlik gegee kan word nie, kan slegs die totaalkapitaalbesteding verstrek word.

Gee 'n kort uiteensetting hoedat die klub finansiëel bestuur word. Moet dit selfonderhoudend wees deur byvoorbeeld die ontspanningsgeld wat deur werknemers betaal en dan oorge-dra word aan die klub? Betaal die nywerheid, benewens hierdie bedrag ook enige subsidie? Hoeveel is die subsidie? (met subsidie word bedoel kontantbedrae en nie onkoste wat gedra word aan kapitaalbesteding soos aan geboue velde en andere). Wat is die klub se jaarlikse wins of verlies?

3. Indien die nywerheid donasies, van watter aard ookal, maak, verstrek dit, en voeg by waarvoor dit bedoel is. Noem die bedrae vir ontspanning spesifiek afsonderlik.

As nywerheidgereedskap beskikbaar gestel word aan skole, dorpsrade en ander instansies vir die aanbring van sportvelde of ander ontspanningsgeriewe, gee naasteby wat u reken dit die nywerheid gekos het.

4. In watter mate moedig die nywerheid ontspanning aan deur die aankoop van vervoermiddels wat tot die beskikking van deelnemers aan ontspanningsaktiwiteite is - al word dieselfde voertuie vir algemene doeleindes gebruik en verder tot beskikking van ontspanning gestel?

Indien nie vervoer deur die nywerheid aangebied word nie, dra hy wel by tot die onkoste verbonde aan die vervoer, of moet deelnemers dit self betaal?

Indien onkoste in hierdie verband deur die nywerheid gedoen word, word dit uit die sentrale kas van die nywerheid of die ontspanningssentrum betaal?

5. Met voorsiening van sportdrag word bedoel of deelnemers alle drag, soos trui, kouse, skoene, en so meer, asook sekere apparaat wat vir die spesifieke spel nodig is, byvoorbeeld vir hokkiestokke, self aankoop, of word dit deur die nywerheid voorsien, of uit klubgelde gedra?

Noem in die besonder vir watter aktiwiteite voorsien word, want daardeur kan vasgestel word of alle aktiwiteite oor dieselfde kam geskeer word. Wat is die totale bedrag wat jaarliks hieraan bestee word?

6. Hier wil vasgestel word of die nywerheid dit aan die ontspanningsklub self oorlaat om uit sy winste, alle lopende kostes self te betaal, en of die salarisse van sekere, of alle amptenare, deur die nywerheid betaal word? Dieselfde geld ook wat die ander items betref.

(E) ALGEMENE OPMERKINGE.

1. Is die nywerheid bewus van sekere nadelige invloede op

die gesondheid van die werknemer in sy werk? Watter voorsorgmaatreëls word getref om dit te bekamp, of watter aandag word aan die werknemer gegee om te voorkom dat die gevare 'n geleidelike nadelige uitwerking op die persoon sal hê? Word liggaamlike opvoeding gebruik as 'n middel tot voorkoming? Indien nie, reken u dat dit wel waarde sal dra in hierdie geval as dit toegepas word? Wat kan die voordele wees?

2. Noem al die klagtes waarvan u bewus is van die kant van die werknemers in verband met ontspanning, en verstrek die redes waarom die nywerheid nie aandag daaraan gee nie. (indien van toepassing).

(F) AKTIWITEITE EN FASILITEITE.

LEDETALDEELNAME.

1. Hier moet die aantal werknemers wat lede is van klubs en verenigings gegee word. Vrouens, kinders en buitelede moet op 'n aparte lys verstrek word (daar is nie so 'n aparte lys bygevoeg nie en een moet self gemaak word). Dames wat werksaam is by die nywerheid word as werknemers beskou, en hulle getalle word op die lys aangebring.

Die getalle van naturelle wat aan die betrokke aktiwiteite deelneem, word onder „N^o“ ingevul.

Sekere aktiwiteite, byvoorbeeld, swem, bioskoop, snoeker, veerpyltjies (wat nie op die lys verskyn nie, moet bygevoeg word), is moeilik om die getalle te bepaal, en hier moet getalle verstrek word wat per dag of per geleentheid, naasteby daarvan gebruik maak, of gee 'n skattingsyfer. (Ook werknemers weer apart, indien moontlik).

2. Stel 'n algemene opmerkingslys op en verstrek watter aktiwiteite die beste deur vrouens en kinders ondersteun word.

BESKIKBARE FASILITEITE.

1. Hierby word ingesluit, geboue, velde, apparaat, byvoorbeeld, stoekryt, en andere. Noem onder geboue die verskillende klubgeboue en geriewe wat vir elke afsonderlike aktiwiteit

/voorsien...

voorsien is, soos kleedkamers by swembaddens, rolbal, gholf, rugby, atletiek en andere, afsonderlik op 'n algemene opmerkingslys. (Sake soos tennisballe, pluime ensovoorts, word nie as apparaat gereken nie).

2. Beskryf die verskillende vertrekke van die ontspannings-saal volledig, soos die komiteekamers, eetlokaal, biblioteek, kombuis, saal, kroeg, en andere, vir watter verskillende ontspanningsaktiwiteite kan dit gebruik word? (Verskaf 'n plan indien beskikbaar en moontlik).

3. Indien 'n aparte gimnasium beskikbaar is, beskryf dit volledig.

4. Indien fasiliteite beskikbaar is, maar die aktiwiteit word nie beoefen nie, moet dit op die lys aangebring word.

5. Gee die oppervlakte van die ontspanningsterrein, byvoorbeeld, 23 morge: Indien daar verskillende terreine is en alles nie op dieselfde grond is nie, gee besonderhede van elk.

6. Indien fasiliteite vir 'n dubbele doel gebruik word, moet dit genoem word, byvoorbeeld, gimnastiekmatte vir stoei, pluimbalbaan vir ringtennis of tenniset en andere.

7. Word sekere fasiliteite net vir oefening gebruik, byvoorbeeld, krieketnette, bofbalnette, tennismuur, korfbaldoelpale?

8. Noem die verskillende pawiljoene wat aangebring is.

VERBETERINGE DIE AFGELOPE DRIE JAAR.

1. Alle fasiliteite wat gedurende die afgelope drie jaar aangebring is, moet verstrek word, byvoorbeeld, daar was twee tennisbane voor die tyd, en 'n addisionele een is bygevoeg.

2. Verbeteringe gedurende hierdie tyd moet ook genoem word, byvoorbeeld, grondtennisbane is na permanente bane verander, stoei- bokskryte is hernu, of is vervang en so meer.

AKTIWITEITE.

1. Aktiwiteite wat bestaan het en doodgeloop het, moet ge-

/noem.....

noem word. Wat was die ledetal gedurende daardie tyd?

2. Watter aktiwiteite staan op die punt om in die lewe geroep te word?

NB. Al hierdie gegewens moet vir naturelle apart ingevul en verstrekk word.

6. VRAELYS AAN WERKNEMERS.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

DEPARTEMENT LIGGAAMLIKE OPVOEDING.

VRAELYS IN VERBAND MET NAVORSING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING AS
ONTSPANNING IN NYWERHEDE.

Hierdie ontspanningsondersoek word gedoen met die doel om my leiding te gee in die moontlike verbetering van 'n ontspanningsprogram wat deur u nywerheid aangebied word.

Al die inligting wat u moet verskaf, is streng konfidentsieel en sal geheim gehou word. U word versoek om die vorm na voltooiing in 'n koevert toe te lak en aan die betrokke persone terug te besorg, wat dit aan u in die nywerheid uitgereik het binne twee dae na uitreiking met die volgende adres daarop: Mnr. J.S.K. Bosman, Universiteit, Potchefstroom.

Moet u naam nêrens op die vorm of koevert aanbring nie.

Sal u asseblief openhartig en eerlik wees in die beantwoording van die vrae, anders kan die ondersoek nie 'n ware bydrae lewer nie.

Beantwoord die vrae in drukskrif.

Getroud/	Werkzaam in
Geslag.....Ongetroud.....Ouderdom	Kantoor/Fabriek.....

1. Waarom neem u aan liggaamlike ontspanning (sport) deel?
(Vir plesier, afleiding, ontvlugting van opgekropte gevoelens, sosiale verkeer, aanleg, ens.)

(i).....
(ii).....
(iii).....

2. Wat reken u is die voordele van liggaamlike ontspanning
(sport)...

(sport)? Byvoorbeeld, dit verskaf gesondheid.

- (i).....
- (ii).....
- (iii).....
- (iv).....

3. Behoort u aan 'n sportklub(s) buite u nywerheid?
Indien wel, waarom?

- (i).....
- (ii).....
- (iii).....

4. Gebruik u drank na sportdeelname?
JA of NEE; BIER of STERK DRANK.

5. Is die sportfasiliteite by u nywerheid bevredigend?
Indien nie, wat is die leemtes? Skryf u dit toe aan, byvoor-
beeld, onvoldoende afrigting, swak velde, swak apparaat enso-
voorts.

- (i).....
- (ii).....
- (iii).....

6. Neem u leiding in enige sportaktiwiteit? Watter?
Met ander woorde, doen u afrigting, dien u op 'n komitee,
help u met organisasie en andere?

- (i).....
- (ii).....
- (iii).....
- (iv).....

7. Het u vroeër aan sport deelgeneem? Verstrek die redes waar-
om u nou passief is, (byvoorbeeld deur ouderdom, siekte,
skaam om nuwe sport by te leer weens ouderdom, is fisies on-
geskik, ensovoorts).

- (i).....
- (ii).....
- (iii).....
- (iv).....
- (v).....

8. Hoeveel uur per dag :-

- (i) Slaap u?
- (ii) Werk u?
- (iii) Neem u aan sport deel?
- (iv) Bestee u aan sosiale ontspanning soos aan dans,
bioskoop, lees, en andere?

9. Het u genoegsaam vryetyd om aan sport deel te neem?
JA of NEE

10. Hoeveel geld, of watter bedrag, bestee u jaarliks aan sport?

- (i) Uitrusting, vervoer, apparaat en andere? R.....
- (ii) Beserings en siektes weens sport? R.....
(Vul in al behoort u aan 'n mediese skema)
- (iii) Watter sportaktiwiteit(e) het (ii) veroorsaak?
(a)..... (b)..... (c).....

11. Het u en u huisgesin 'n sport waaraan gesamentlik deelgeneem
word?

- (i) Saam met vrou alleen Gereeld Soms
- (ii) Saam met kinders alleen Gereeld Soms

(iii) Saam met albei Gereeld Soms
 (Gereeld beteken in seisoen indien van toepassing).

12. Merk die onderstaande oorsake met 'n X waarom u nie aan sport deelneem nie, indien van toepassing).

- (i) Te duur.....
- (ii) Onvoldoende vryetyd
- (iii) Sportfasiliteite is te ver van huis.....
- (iv) Onvoldoende vervoer na fasiliteite (Ontspanningsklub)..
- (v) Ruimtebeperking by sport, of te veel deelnemers wat meebring dat u lang tye moet wag.....
- (vi) Gebrek aan leiding en afrigting van sport waarin u belangstel.....
- (vii) Huisomstandighede of -verpligtinge, byvoorbeeld, siekte van huisgesin.....
- (viii) Gebrek aan fasiliteite.....
- (ix) Swak gesondheid.....
- (x) Liggaamlike ongeskiktheid, byvoorbeeld, liggaamsgebreke.....
- (xi) Gesindheid van deelnemers gedurende die spel.....
- (xii) Gebrek aan selfvertroue, wilskrag
- (xiii) Gebrek aan leiding in beginnersklasse in die verskillende aktiwiteite.....
- (xiv) Te veel moeite en inspanning.....
- (xv) Te oud om te leer.....
- (xvi) Sosiale ontspanning, soos dans, bioskoop en lees is makliker om te beoefen.....
- (xvii) Ander redes.....

13. Verkies u sosiale ontspanning bo liggaamlike ontspanning? Indien wel, verstrek redes

14. Algemene opmerkings in verband met enige aspek in verband met sport as ontspanning

15. Deelname aan sportaktiwiteite. Merk onderstaande aktiwiteite waaraan deelgeneem word as volg. Soms, X : Gereeld, V Waaraan u wil deelneem as dit aangebied sal word, Y.

Atletiek.....	Boogskiet.....	Bofbal.....	Boks.....
Fietsry.....	Gimnastiek.....	Gholf.....	Gewigoptel.....
Handbal.....	Hokkie.....	Jukskei.....	Judo.....
Korfbal.....	Krieket.....	Perdry.....	Pluimbal.....
Ringtennis.....	Rolbal.....	Rugby.....	Skerm.....
Swem.....	Sagtebal.....	Skyfskiet.....	Stoei.....
Skaats.....	Sokker.....	Snoeker.....	Tennis.....
(Rol) :	Tafeltennis.....	Vlugbal.....	Waterpolo.....

ANDER NIE GENOEM NIE.....

H O O F S T U K I V .

G E G E W E N S V A N D I E O N D E R S O E K .

Keuse van nywerhede.

Verskillende nywerhede in Transvaal is gebruik om die gegewens vir hierdie ondersoek te versamel. Omdat die goud- en staalbedrywe van die land se grootste ekonomiese eenhede is, is hulle veral in die ondersoek ingesluit. Drie staalnywerhede en twee myne, benewens twee sekondêre nywerhede - 'n tabak en klerefabriek - is besoek.

Op versoek van sekere nywerhede sal hul name nie in die bespreking genoem word nie. Op grond hiervan is lettersimbole gebruik en wel as volg: A en B is myne; C, D en E is staalnywerhede; F en G is onderskeidelik 'n tabak- en klerefabriek.

Aangesien die grootste sowel as oudste nywerhede - ook die modernste - op genoemde gebiede in Transvaal aangetref word, is die studie nie na ander provinsies uitgebrei nie. Om te bepaal of die omstandighede in hierdie provinsies dieselfde is, sal verdere ondersoek verg.

Die staat moes volgens die geskiedkundige en ekonomiese samestelling van Suid-Afrika finansiële leiding op nywerheidsgebied neem, omdat private kapitaal nie sterk genoeg was nie, en het gevolglik deur die jare in die nywerheidsontwikkeling ingevleg. Yskor, Sasolburg en Phalaborwa dien as voorbeelde.

Staatskapitaal is in baie gevalle mettertyd gedeeltelik, of geheel en al, teruggetrek en deur private kapitaal vervang. Hierdie ontwikkeling het meegebring dat drie groepe nywerhede tans aangetref word, naamlik staats, semi-staats en private. Al drie is in die studie ingesluit.

Om die invloed van die grootte van 'n nywerheid op ontspanning na te gaan, is daaraan ook aandag gegee. Nywerhede

/wat.....

wat meer as 'n duisend werknemers in diens het, word as 'n groot nywerheid, en een wat minder as 'n duisend het, as 'n klein nywerheid beskou.¹⁾ Alhoewel die klerefabriek een van die grootstes op sy gebied is, skiet die getalle nogtans ver te kort om as 'n groot nywerheid geklassifiseer te word.

Plattelandse sowel as stedelike gebiede, is besoek om daardeur vas te stel of die voorsiening en deelname verskillend is, en watter invloed dit op die gebied van sport op die omgewing uitoefen, en ook of die ontspanningsaktiwiteite verskil.

Om die ontspanning van vrouens na te gaan, is een nywerheid besoek wat hoofsaaklik werk aan hulle verskaf. Vrouens is egter in die orige nywerhede ook ingesluit, hoewel klein in getal.

Hoewel dit eintlik buite die terrein van hierdie ondersoek val, is ontspanning vir die nie-blanke aan die nywerhede kortliks nagegaan, om sodoende 'n geheelbeeld te kry, maar verder ook om vas te stel, hoedanig die belangstelling en deelname van albei rassegroepe is. Dit is ook 'n probleem wat in die toekomst afsonderlik ondersoek en verder uitgebrei kan word.

Vervolgens sal die gegewens wat gedurende die ondersoek versamel is, onder dieselfde hoofde soos dit in die vraelyste verskyn, weer-gegee word, waarna 'n kritiese bespreking in die volgende hoofstuk sal volg.

1) Dit is volgens Amerikaanse standarde geneem.

1. . . . ALGEMENE BESONDERHEDE.

Die volgende tabel vervat hierdie besonderhede.

	A	B	C	D	E	F	G
1. Aantal werknemers	1047	1013	1721	1015	7010	159	119
Kantoor	100	89	497	120	1872	25	1
Mans	908	912	1104	835	4723	102	11
Dames	39	12	120	60	415	32	107
2. Werksure per week	38 - 48	38 - 48	46	38 - 45	38 $\frac{3}{4}$ - 48	42 $\frac{1}{2}$	40
3. Sondagwerk	325	Gedeeltelik	Gedeeltelik	Slegs in noodgevalle	Gedeeltelik	Nee	Nee
4. Verlof per jaar (dae)	Wissel \pm 30	Wissel \pm 35	21-25	21-28	21-30	15 werksdae	24
5. Staats, Semi-Staats, Privaat.	Priv.	Priv.	Semi-Staat.	Priv.	Staats	Priv.	Priv.
6. Grootte	Groot	Groot	Groot	Groot	Groot	Klein	Klein
7. Platteland/Stedelik.	Plat.	Plat.	Plat.	Plat.	Stad.	Stad.	Stad.
8. Skofte of nie.	\pm 190	Ja	Ja	Nee	Ja	Nee	Nee.
9. Aantal nie-blankes	12,700	6,500	3,360	2,400	6,740	610	90
10. Stigting v. Nyw.	1947	1914			1926		1937
11. Soort Nyw.	Myn	Myn	Staal	Staal	Staal	Tabak	Klere

Uiteensetting.

(i) Met uitsondering van G is al die dames op die kantoorpersoneel werksaam en is hulle werksaamhede meer administratief van aard. In genoemde geval is slegs twee van die honderd en sewe dames nie getroud nie. Daarby is almal fabriekswerksters.

(ii) Die werksure per week wissel volgens die bepalings van die werkersunies (vakunies). Dieselfde geld ook wat die verlofvoorwaardes betref, behelwe vir kantoorpersoneel in sekere nywerhede wat deur werkgewers vasgelê word, en wat meestal langer verlof as die werkers kry. C word vir illustrasie gebruik.

/Kantoor.....

Kantoorpersoneel: Normale verlov vier weke; na tien jaar diens is dit vyf weke.

Werkers: Normale verlov drie weke; na tien jaar diens is dit vier weke.

In alle gevalle word betaalde verlov gegee.

(iii) Gewone werkers werk volgens vakuniebepalings slegs vyf dae per week, terwyl kantoorwerkers, met uitsondering van G, Saterdag ook werk. 'n Gedeelte van die personeel is in sekere gevalle elke Saterdag vry.

(iv) In die gevalle waar skofte gewerk word - die skofte is deurgaans 8 uur per dag - word dit so verander dat werkers periodiek middag en/of saens vry is, en dus geleentheid het om aan ontspanning deel te neem. Werkers wat sportspanne verteenwoordig, se skofte word selfs volgens wedstrydbepalings gereël, en indien dit onmoontlik is, word toegewings deur nywerhede vir spesiale verlov getref.

(v) Gedurende Sondag word werkers slegs vir noodsaaklike dienste gebruik, met die gevolg dat die grootste aantal werkers dan vry is.

2. Die administrasie en organisasie van die ontspanningsprogram.

(a) Die ontspanningsentrum en die beheer.

Die drie staalnywerhede en twee myne het elk 'n goed-ingerigte en -toegeruste ontspanningsklub wat op 'n uitgebreide terrein aangebring is. Die twee sekondêre nywerhede het elk slegs 'n ontspanningslokaal waar 'n beperkte aantal liggaamlike aktiwiteite gedurende rustye beoefen kan word.

Met uitsondering van die klerenrywerheid, is daar ontspanningskomitees, wat bestaan uit verteenwoordigers van die nywerheidsdireksie en lede wat deur die werkers verkies word. Die verhouding is meestal een tot een en is as volg in die verskillende nywerhede aangetref.

- A : 6 plus 6 (12 lede)
- B : 5 plus 11 (16 lede)
- C : 7 plus 7 plus voorsitter (15 lede)
- D : 6 plus 6 (12 lede)

- E : Voorsitter plus 1 deur Raad en 12 deur werkers
benoem (14 lede)
- F : Gewone komitee bestaande slegs uit werkers.
- G : Geen.

In die meeste gevalle word die bestuurder van die Hoofontspanningsliggaam deur die nywerheidsraad benoem. Uit die tabel is dit duidelik dat die werkers gelyke verteenwoordiging met die nywerheidsbase op die ontspanningsbestuur het.

Die hoofliggaam word in subkomitees verdeel, en alhoewel daar verskillende benaminge hiervoor by die nywerhede bestaan, is die sentrale gedagte dieselfde. So bestaan die volgende onderkomitees:

(i) Die Huiskomitee wat belas is met die geboue, en meestal ook in verband met uitbreiding.

(ii) Die Finansiële Komitee wat verantwoording moet doen aan die Nywerheidsraad oor die finansiële sake van die ontspanningsklub.

(iii) Die Grondekomitee, wat in sekere gevalle afsonderlik fungeer, maar ook saam gegroepeer word met die huis- of sportkomitee.

(iv) Die Sportkomitee wat beheer oor die sportseksies het.

(v) Die Sosiale Komitee is die ekwivalent van die sportkomitee, ten opsigte van sosiale en kulturele ontspanning, en tref reëlins vir sosiale funksies. In een geval word dit die klubfunksiekomitee genoem.

Volgens die aard van ontspanning aan elke nywerheid, word ook ander kleiner en minder belangrike komitees aangetref, byvoorbeeld, die medaljekomitee, noodhulpkomitee en derglike komitees.

Die ontspanningskomitee maak slegs aanbevelinge in gevalle van uitbreiding wat van groot finansiële aard is en word uitsluitlik deur die nywerheidsrade beheer. Dit sluit sake in soos geboue, velde en in sekere gevalle, personeeluitbreiding van die ontspanningsklub.

(b) Programbeplanning.

Al die primêre nywerhede het 'n ontspanningsprogram, in soverre dat verskillende aktiwiteite onder die beheer van die ontspanningsklubkomitee staan, maar wat nie altyd met hul programbeplanning te doen het nie.

Die twee sekondêre nywerhede - tabak en klere - het geen program nie, en die liggaamlike aktiwiteite wat wel voorsiening voor gemaak is, word uitsluitlik vir pouseontspanning gebruik. Die klerefabriek het geen voorsiening van watter aard ookal vir ontspanning nie. Daar word slegs een of twee keer per jaar films gedurende die etensuur vertoon.

Nywerheid D is die enigste wat 'n beplande dag-, week-, maand- en jaarprogram vir sy verskillende aktiwiteite (sover dit moontlik is volgens die aard van die aktiwiteit) het, en die verskillende sportsoorte is volgens die seisoene wat dit beoefen word, ingedeel. Die beplanning word deur die sekretaris van die ontspanningsklub gedoen. Die beplanning in alle ander gevalle is periodiek en het meestal net betrekking op sosiale en kulturele funksies, asook liggaamlike aktiwiteite wat in lokale van die ontspanningsgebou plaasvind, soos pluimbal, tafeltennis, stoei en boks. Hierdie reëlins word getref om oorvleueling uit te skakel. Sekere nywerhede maak voorsiening vir 'n weeklikse beplanning en dit word op grond van „ervaring” gedoen.

Meestal beplan individuele klubs self hulle oefentye en kom nie eens onder die aandag van die sekretaris of bestuurder¹⁾ nie. Hierdie reëling is deurgaans op subseksies wat hulle eie apparaat en fasiliteite het, van toespasing.

Ontspanningsleiers oefen egter beheer oor subseksies uit deurdat hulle ex officio sitting op hul besture het en seggenskap oor die besteding van hulle finansies het.

Die aantal subseksies (ontspanningsaktiwiteite) by die verskillende nywerhede is as volg:

/A.....

1) Hierdie persoon moet meestal die pligte van die ontspanningsleier nakom.

A - 27; B - 19; C - 21;
 D - 24; E - 30; F - 8;
 G - 0.

(kyk na lys van aktiwiteite van elk, pp. 122-125).

Alle subseksies staan onder die jurisdiksie van die ontspanningsklub.

(c) Die ontspanningsleier.

Die term „ontspanningsleier“ bestaan by geen van die nywerhede nie en die benaminge „sekretaris“ of „bestuurder“ van die ontspanningsklub, is aangetref.

Laasgenoemde benaminge is dan ook heeltemal geregverdig volgens toestande soos aangetref by die verskillende nywerhede, aangesien nie een oor 'n opgeleide „leier“¹⁾ beskik nie.

Die betrokke „leiers“ se kwalifikasies en ervaring van ontspanning is as volg:

Nywerheid A : elf jaar (1925 - 36) direkteur aan die Militêre Opleidingskollege by die hoofkwartier in Pretoria, en vier jaar by die huidige nywerheid - tesame vyftien jaar.

Nywerheid B : twintig jaar deeltydse ervaring by Sub-Nigel-ontspanningsklub en het daarna bestuurder van huidige ontspanningsklub geword, waar hy reeds twee jaar is - tesame twee en twintig jaar.

Nywerheid C : Was vir twee jaar sekretaris van die spoorwegontspanningsklub op Bethlehem en is twee jaar by huidige nywerheid - tesame vier jaar ervaring.

Nywerheid D : Het twee en dertig jaar by die Wanderers-ontspanningsklub in Johannesburg verskillende verantwoordelikhede gedra en is vyf jaar by huidige nywerheid werksaam - tesame sewe en dertig jaar ervaring.

Nywerheid E : Was drie en dertig jaar instrukteur aan die Polisiekollege te Pretoria en is reeds sewe jaar hoof van die nywerheid se ontspanningsklub - tesame veertig jaar. Die

/onder.....

1) Met „opgeleide leier“ word bedoel dat die persoon 'n akademiese en professionele kursus deurloop het, waardeur hy geskik is om as ontspanningsleier op te tree.

onderbestuurder is reeds twee en twintig jaar by die betrokke nywerheid se ontspanningssentrum werksaam.

Nywerheid F : Die sekretaris van die ontspanningsvereniging is 'n voltydse werker wat van jaar tot jaar verkies word.

Nywerheid G : Geen.

Pligte van ontspanningsbeamptes.

Die pligte van die ontspanningsbeamptes is hoofsaaklik administratief. Dit kan as volg saamgevat word:¹⁾

(1) Instandhouding van die geboue en fasiliteite waarvan die meeste tyd bestee word aan:

(a) Bestellings van eet- en drinkwares.

(b) Netheid van geboue en terreine.

(c) Toesig oor personeel.

(d) Voorbereiding vir sosiale funksies soos danse, klubfunksies, dinees, troues, bioskoopvertonings en kompetisies wat in die geboue plaasvind.

(2) Finansiële reëlings en toesig oor alle aspekte van die ontspanningsklub.

(3) Kontrole oor die funksionering van subseksies. (Dit is slegs by 'n paar nywerhede van toepassing.)

(4) Klubhuis bestuur.

(5) Bywoning van verskillende vergaderings.

(6) Gewone kantooradministrasie, byvoorbeeld, inskrywing en kontrolering van lede, korrespondensie, uitstuu^f van kennisgewings, notulering van vergaderings, omdat die ontspanningsbeampte gewoonlik ook sekretaris van die hoofontspanningskomitee is.

(d) Lidmaatskap.

Lidmaatskap is nie dieselfde by al die nywerhede nie, maar kan in twee groepe verdeel word, naamlik, verpligte en vrywillige aansluiting.

/Volgens.....

1) Die pligte wat genoem word, het nie op elke nywerheid deurgaans betrekking nie.

Volgens mynwet mag werkers nie verplig word om lede van die ontspanningsklub te wees nie, maar is vry om die voordele daarvan te gebruik.

Hierteenoor is lidmaatskap by C en D verpligtend, terwyl E dit slegs gedurende die eerste werksjaar verpligtend maak en daarna is dit vrywillig.

In albei gevalle waar gedwonge lidmaatskap wetlik verbied word, word nuwe werknemers nogtans op hoogte van die funksionering van die ontspanningsklub gestel en daar word as 't ware oortuigingswerk gedoen sodat byna alle werkers in hierdie gevalle tog lede is.

Waar lidmaatskap verpligtend is, vorm dit 'n deel van die voorwaardes van indiensneming.

Aangesien F nie 'n ontspanningsklub het nie, is deelname geheel en al vrywillig.

Nywerhede wat oor die nodige sentra beskik, het almal geslote klubs en buitelede word aan keuring blootgestel en in beperkte getalle toegelaat.

Die feit dat nywerheid A vir 'n maksimum van honderd buitelede voorsiening maak (ten tye van die ondersoek, was dit vyf en vyftig), getuig van die streng beheer. Buitelede se inskrywingsgelde is in verhouding met die van die werkers ook baie hoog.

Vrouens en kinders van werknemers wat lede is, word ook outomaties lede.

(e) Organisasie van subklubs.

In hierdie verband is heelwat uniformiteit gevind. Die verskillende subklubs (subseksies), het elk sy eie bestuur¹⁾ wat deur die lede van dié betrokke klub op sy algemene jaarvergadering volgens die bepalinge van die konstitusie verkies word.

Subseksies kan hulle eie konstitusies opstel en aan die
/hoof.....

1) Die voorsitters van besture moet 'n werknemer wees, asook die meerderheid van die bestuur vorm om te verhoed dat buitelede 'n meerderheid van stem het.

hoofkomitee vir goedkeuring voorlê. Indien klubs nie 'n konstitusie het nie, is dié van die hoofliggaam outomaties van krag.

Die ontspanningsbeampte het in die meeste gevalle ipso facto sitting op die besture en finale seggenskap oor hul finansies. In gevalle waar 'n sportkomitee een van die onderkomitees van die hoofliggaam vorm, het hulle ook sitting op die verskillende sportklubs, en vorm in 'n paar gevalle 'n spesiale liggaam saam met die voorsitters van elke afsonderlike sport, om algemene sake oor sport te bespreek en aanbevelings aan die hoofliggaam te maak. Hierdie prosedure is nogal gewild by die werkers, aangesien hulle daardeur meer seggenskap verkry.

Subklubs is outonoom in soverre hul sake soos oefentye, wedstryde, vergaderings, gelde, aankoop van apparaat en desgeelyke sake, self kan beplan en bestuur. Meestal dra ontspanningsbeamptes nie eens kennis van sodanige klubbedrywighede nie.

(f) Afrigting.

Oor die algemeen is dieselfde toestand by die verskillende nywerhede aangetref. Geen besoldigde en gekwalifiseerde afrigters neem die afrigting van sport of ander aktiwiteite waar nie.

Subseksies is vir leiding in hierdie opsig ^{verantwoordelik} en maak meestal van dienste van persone gebruik wat in die betrokke sportsoort presteer het. Voorkeur word egter aan werkers wat in die nywerhede werk, gegee, andersins word sportmanne van buite gader.

Afrigting is vrywillig en die afrigters word nie vergoed nie. As gevolg hiervan bestaan daar 'n groot leemte op die gebied van hulpleiers. Die mense gebruik hulle vryetyd liewers vir eie ontspanning en indien 'n persoon nie self aktief is in 'n betrokke sportsoort nie, (veral as dit 'n stremmende aktiwiteit is) is hy traag om te help. Daarom voer baie klubs in die nywerhede 'n mank bestaan en hou soms heeltemal op om te funksioneer.

Geen afrigting vir beginners of beginnersklasse word voorsien of georganiseer nie. Nuwe lede wat aan 'n aktiwiteit

wil deelneem, moet self die mas opkom en daarby is ou lede ook baie onwillig om hul dienste aan die beginners beskikbaar te stel; die gevolg is dat die entoesiasme by die nuwe lid gou verdwyn en hy selfs deelname staak. In gevalle waar klubs oor persone beskik wat met die afrigting help, is die saak heel anders.¹⁾

3. Aanmoediging en bestendiging van ontspanning.

(a) Ontwikkeling van ontspanning.

Indien kortliks op die ontwikkeling van ontspanning by die nywerhede gelet word, kan 'n algemene blik van wat nywerheids- hoofde in die verlede daarvoor gedoen het, verkry word.

Die ontwikkeling aan elke nywerheid is as volg :-

Nywerheid A: Met die stigting van die myn in 1947 is sekere sportsoorte, soos rugby, krieket, hokkie en sokker beoefen (meestal grootterreinspele) en fasiliteite is daarvoor beskikbaar gestel. Tot en met 1954, toe die klubgebou voltooi is, is uitbreiding gestaak, waarna drastiese veranderinge gekom het, en meer fasiliteite bygevoeg is. Binnenshuise sport was die belangrikste uitbreiding. Tans word slegs die aanbring van 'n atletiekbaan in vooruitsig gestel.

Nywerheid B: Tot voor die Tweede Wêreldoorlog was daar baie min ontspanning en is rugby, sokker, rolbal en tennis periodiek gespeel. In 1939 is 'n gebou met een snoekertafel opgerig. In 1953 is die huidige ontspanningsgebou en die huidige velde voltooi met uitsondering van die swembad wat later voltooi is. 'n Speelpark vir kinders word tans beplan.

Nywerheid C: In 1920 is 'n klubgebou opgerig en is slegs grootterreinspele beoefen. In 1953 met die oprigting van 'n nuwe ontspanningsgebou, het verskeie sportaktiwiteite soos pluimbal, stoel, judo en andere tot stand gekom en sedertdien is daarwerklik aandag aan ontspanning gegee. Tans is 'n swembad in aanbou, terwyl muurbal en ringtennisfasiliteite sowel as 'n tweede gimnasium aangebring gaan word.

/Nywerheid....

1) A beskik oor sy eie gholfbaan en klubhuis en het 'n voltydse afrigter vir hierdie sportsoort, gevolglik is die belangstelling baie groot.

Nywerheid D: Vanaf die stigting van die nywerheid in 1926 tot na die oorlog het geen ontspanning bestaan nie. Hierna is 'n ou huis as klubgebou ingerig en twee tennisbane is gebou. Ontspanningsaktiwiteite was egter minimaal, en behalwe tennis is slegs snoeker en veerpyltjies gespeel, terwyl 'n ou rugbyveld vir oefendoeleindes gebruik is. Die huidige klubgebou en verskillende sportvelde is in 1951 oopgestel en beplanning vir die toekoms behels 'n gimnasium, vier tennisbane, 'n sokker- en rugbyveld.

Nywerheid E: Vanaf 1927 tot 1938 toe die eerste Klubgebou voltooi is, is aktiwiteite soos rugby, hokkie en sokker beoefen. Later is die bestaande gebou uitgebrei asook verskeie sportvelde aangebring, sodat alle beskikbare ruimte tans in beslag geneem is.

In die laaste gedeelte van die veertiger jare is verskillende sportvelde voltooi en is 'n duidelike styging in deelname merkbaar. In 1950 is die laaste uitbreiding voltooi toe addisionele fasiliteite vir hokkie bygekom het, 'n boogskietterrein in gebruik geneem is en 'n hengeloord aangekoop is. Omskepping van sekere gedeeltes in 'n groot stadion word tans beplan.

Nywerheid F en G: Geen ontwikkeling kon plaasvind nie. F het reeds vanaf 1930 'n ontspanningsklub wat reëlings vir danse, braaivleisfunksies, asook sportbyeenkomste in sekere aktiwiteite tussen die werkers een keer per jaar tref.

In alle gevalle bepaal die ontwikkeling van die nywerheid ontspanningsuitbreiding, rakende die voorsiening van fasiliteite.

(b) Nuwe klubs.

Nywerheidsbase neem gewoonlik nie die leiding om nuwe klubs te stig nie en wag op aksie van die kant van werkers.

Indien die behoefte bestaan om 'n nuwe klub in die lewe te roep, word dit onder die aandag van die ontspanningsbeampte gebring, wat dit op sy beurt voor die hoofontspanningskomitee lê, wat daarna met 'n aanbeveling na die nywerheidsraad gaan. Hul beslissing hang grootliks daarvan af of so 'n stigting ge-

regverdig is en hulle stel die aantal belangstellendes as norm. Omdat dit moeilik is om 'n getalnorm deurgaans vas te stel, word elke aktiwiteit op sy eie metiete behandel, waarna 'n beslissing gemaak word.

'n Toeganklike gees is deurgaans by werkgewers gevind om nuwe klubs toe te laat indien aan die nodige vereistes voldoen word. Selfs in gevalle waar klagtes of leemtes in bestaande programme en fasiliteite onder hulle aandag gebring is, is daartoe werklike hulp verleen.

Dit het egter aan die lig gekom dat ontspanningsbeampies uit die aard van hulle pligte van hulle kant nie ondersoek instel na behoeftes wat bestaan en leiding aanbied om belangstelling daarvoor aan te wakker nie. Gevolglik volg uitbreiding 'n slakkegang.¹⁾

(c) Werkseise en vryetyd.

Die vyf primêre nywerhede het almal 'n werksdag van vier-en-twintig uur en dit bring mee dat die werkers in drie agt-uurskifte verdeel is. Die skifte wissel by die verskillende nywerhede. By E is dit byvoorbeeld, 6 voormiddag; 2 namiddag en 10 namiddag. By A is dit van 7 voormiddag tot 3 namiddag; 3 namiddag tot 11 namiddag; 11 tot 7 voormiddag. Dit verteenwoordig die myne.

Skifte word egter dikwels omgeruil sodat werkers alternatief dag- en nagtye het om te werk. In die geval van E is die beplanning sodanig dat twee weke nagdiens en twee weke dagdiens gewerk word, terwyl in die geval van C die werkers in 'n siklus van drie weke vir twee weke middag en/of aande vry het.²⁾ D maak slegs van plus-minus 2 persent van die werkers gedurende die nag gebruik en is elke middag om vyfuur vry, asook Saterdag en Sondag. Toevallig is ontspanningsdeelname aan hierdie nywer-
/heid.....

-
- 1) Indien uitbreiding geskied, beteken dit groter laste vir die beampte en is dit te verstane dat daar passiwiteit van sy kant is.
- 2) Meer dagskifte teenoor nagskifte is moontlik omdat minder werkers in die nagure gebruik word. Sekere werke word dan gestaak.

heid verreweg die hoogste van die wat oor 'n ontspanningsklub beskik.

Baie werkers is geneig om oortyd te werk, maar, nie alleen het hierdie persone minder vryetyd vir ontspanningsdeelname nie, maar speel die vermoeidheidsfaktor en die lang ure van uithuisigheid in geval van getroude werkers, 'n belangrike rol.

Omdat die kantoorpersoneel gereelde ure het, is hulle vryetyd afgebaken en dra baie daartoe by dat hulle in verhouding met die werkers meer van die ontspanningsfasiliteite gebruik maak.

(d) Publisiteit.

Inligting oor bestaande ontspanningsfasiliteite varieer by die verskillende nywerhede. By die myne word nuwelinge breedvoerig by diensaanvaarding ingelig. C en D verskaf inligting in soverre dat hulle volgens diensvoorwaardes verpligte lede van die ontspanningsklub moet word, maar die interne funksionering en bestaande fasiliteite word nagelaat om te noem.

E bied elke Donderdag vir 'n driekwart-uur 'n „Induksiekursus" aan, waarin fasette van die ontspanningsentrum weekliks behandel word. Dit geskied deur middel van bioskoopvertonings en lesings van tien minute en word deur die ontspanningsbeampte waargeneem. Een keer per maand (soms tweemaandeliks) word 'n ontspanningskursus vir 'n aantal ou lede gegee. Dit geskied gedurende werksure.

Nywerhede maak baie min van publisiteitstegnieke gebruik om die bedrywighede wat aangebied word aan werknemers bekend te stel, of om hulle op hoogte daarvan te hou. In onderhoude met individuele werkers het dit aan die lig gekom dat hulle deurgaans, behalwe in geval van E - slegs van die bestaan van 'n paar aktiwiteite op hoogte was.

In een geval het sekere aktiwiteite in die bioskoopprogram van die nywerheid hul bedrywighede, soos oefentye, kompetisies, vergaderings en ander sake geadverteer. Dit het 'n goeie uitwerking gehad en die klub sterk in getalle en onder-

/steuning.....

steuning laat toeneem.

Kennisgewingborde word vry algemeen gebruik, en aktiwiteite wat oor hulle eie klubhuis beskik, is meestal hiervan voorsien. Hierdeur word lede op hoogte gehou deur aanplakbiljette met die nodige reëlings en bedrywighede van die klub daarop aan te bring. Hierbenewens is sentrale kennisgewingborde voorsien van afkortings vir die verskillende subseksies.

Die groot nywerhede beskik almal oor nuusblaaië waarin verslae aangaande die ontspanningsaktiwiteite verskyn.

Die goudmynbedryf het 'n gemeenskaplike blad, „The Reef“.

Oor die algemeen word publisiteit aan subseksies self oorgelaat en vorm nie 'n deel van die ontspanningsbeampte se verpligtinge nie en hy beywer homself geensins in die verband nie.

Die ontspanningsbeampte by A het vir agttien maande 'n ontspanningspamflet uitgegee, maar beweer dat dit min belangstelling uitgelok het en dus is uitgawe daarvan gestaak.

(e) Familieontspanning.

Familielede¹⁾ van werkers word outomaties lede van die ontspanningsklub, sonder om addisionele gelde te betaal.

By E moet die vrouens 'n vorm invul om lid te word, alhoewel dit ook gratis is. Slegs honderd vrouens van hierdie groot nywerheid het egter hierdie vereiste nagekom, alhoewel baie meer van die fasiliteite gebruik maak. Die ontspanningsbeampte skryf dit daaraan toe dat werknemers hulle vrouens nie inlig oor die bestaande prosedure nie en werkgewers hulle ook nie daarmee bemoei nie.

Vrouens maak deurgaans baie min van die ontspanningsfasiliteite van die nywerhede gebruik, veral wat die liggaamlike aktiwiteite betref. Dit word daaraan toegeskryf dat die ontspanningsklub geassosieer word met 'n plek wat hulle mans vir drankgebruik besoek. Daarom kleef daar by die vrouens 'n stigma aan die klubs. Verder word ook min geleenthede georganiseer waardeur met die veld van die ontspanningsprogram kennis gemaak kan word.

/By.....

1) Slegs die vrouens van werkers word lede, terwyl die kinders vry van die ontspanningsaktiwiteite gebruik kan maak.

By E het vrouens hulle eie klubs waarvan sagtebal en korfbal die belangrikste is.

Sportsoorte wat by vrouens in die meeste nywerhede gewild is, is rolbal, tennis, hokkie, pluimbal, tafeltennis en boogskiet.

Sosiale en kulturele vroueklubs is baie gewild by vrouelede. Hier hou hulle hul besig met liefdadigheidsorganisasies, baba-tentoonstellings, naaldwerkklasse, en so meer. Hulle woon ook graag byeenkomste, soos danse, bioskope, ander vertonings, asook sportbyeenkomste by.

Oor die algemeen het elke nywerheid 'n seksie vir die getroude vrouens.

By geen nywerheid word spesiale aandag aan kinders alleen gegee nie, alhoewel die fasiliteite tot hulle beskikking is. Werkgewers huldig die standpunt dat die skole die nodige aandag tans aan kinders gee, en dat die kind eerder die skool se verantwoordelikheid as die nywerheid s'n is.

Swembaddens word dikwels deur die kinders (selfs dikwels saam met 'n ouer of ouers) gebruik. Die groot nywerhede het elk 'n boks- en stoeiklub vir seuns. E het 'n junior sokkerliga vir seuns onder veertien en agtien jaar. Waar fasiliteite aangebied word, neem seuns ook graag aan gimnastiek deel.

E is die enigste nywerheid wat spesiale voorsorg vir ontspanning vir die familie as eenheid getref het, en by Hartebeespoortdam is 'n terrein aangeskaf wat benewens kampeergeriewe, ook fasiliteite vir visvang, bioskoopvertonings, en so meer het. Dit is uitsluitlik vir buitelugontspanning ingerig.

4. Finansiële besteding van ontspanning.

Die gegewens wat oor die finansiële aspek ingewin is, het getoon dat nyweraars reeds groot kapitaalbeleggings vir ontspanning gemaak het. Die volgende tabel toon duidelik watter bedrae reeds aan geboue, velde, parke, pawiljoene en apparaat bestee is:¹⁾

/A...

1) Die waardeberekening was volgens die nywerhede se laaste finansiële state tydens die besoek, dit wil sê, 30 Junie 1961.

- A : R314,000
 B : Nie beskikbaar.
 C : R272,500
 D : R245,200
 E : R170,388 (Dit is sonder die grondwaarde wat munisipale eiendom is.)
 F : R2,400 (Dit is slegs vir geboue en apparaat).
 G : Geen belegging.

Die oppervlakte van die verskillende ontspanningsterreine is as volg:

- A : 16 morge waarvan 4 morge buite die dorpsgebied is.
 B : 5 morge plus 25 morge waarop 'n gholfbaan is.
 C : plus-minus 20 morge.
 D : 80 akker.
 F : }
 G : } Geen.

Die inkomstes en uitgawes van die ontspanningsentrums word deur die klubs self beheer, en dit word deurgaans verwag dat hulle selfonderhoudend sal wees. Behalwe in die geval van D waar die nywerheidsbase heelwat van die ontspanningsklub se lopende koste uit die nywerheidskas betaal, moet die oorblywende onkoste, met uitsondering van kapitaalbelegging, self gedra word. Dit sluit sake soos salarisse, apparaat, onderhoudskoste, reparasies (van enige aard) en belastings in.

(a) Ledegelde.

Die belangrikste inkomstebron van die klub is ledegelde wat deur die nywerhede afgetrek en oorbetal word. Ledegelde vir werkers wissel by die nywerhede en is as volg:-

- | | |
|-------------------------------------|--|
| A : 50c per maand - R6 per jaar. | } In alle gevalle word 'n hoër ledegeld vir buitelede gehes. |
| B : 43c per maand - R5.16 per jaar. | |
| C : R8.70 per jaar - R8.70 per jaar | |
| D : 10c per week - R5.20 per jaar | |
| E : R8.64 per jaar - R8.64 per jaar | |
| F : 25c per maand - R3.00 per jaar | |
| G. : Geen. | |

Die het nie 'n vasgestelde lidmaatskapsgeld wat vir alle lede dieselfde is nie, maar dit word bereken volgens die werkers se inkomste. Aangesien die meeste werkers in die kategorie val wat R8.64 betaal word dit as die algemeenste bedrag beskou. Daar is drie grade vir aftrekking, naamlik, tot R30 per maand verdienste - R3.90; tot R80 - R5.20; oor R80 - R7.80, wat kort voor die ondersoek opgeskuif is na R8.64. 'n Toegangsgeld van R4.32 word addisioneel gehef.

Benewens die klubgeld, moet sportlede 'n addisionele R3.50 ledegeld betaal, wat ook deur die nywerheid afgetrek word, en aan die betrokke sportklubs oorbetal word. Subseksiegeld by die ander nywerhede is nie verpligtend nie, behalwe in gevalle waar die bestuur aan die betrokke subseksie dit konstitusioneel verpligtend maak. Dit word egter baie selde gehef omdat werkers daarteen beswaar maak en aanvoer dat hulle reeds 'n ontspanningsgeld betaal. Waar klubgelde gehef word, is die bedrag minimaal en wissel tussen 50c en R2.

By A is dit slegs die rugby-, toneel- en tuinklub, en by B, rolbal wat klubgelde verpligtend maak. Klubfondse word verder versterk deur funksies en ander bedrywighede, asook toegangsgelde gedurende kompetisies.

(b) Drankverkope.

Naas die ontspanningsgeld is drankverkope die belangrikste bron van inkomste vir die klubs.

Omdat ledegelde nie alleen die uitgawes kan dek nie en ander inkomstebronne gering is, spits ontspanningsklubs hulle toe op geleenthede om 'n groter drankomset te verkry, byvoorbeeld by danse, troues en soortgelyke sosiale byeenkomste waar drankgebruik 'n belangrike rol speel.

Volledige insae kon nie in al die nywerhede se finansiële verslae verkry word nie, maar die volgende gegewens is verkry oor die kroegwinste gedurende die jaar van besoek in 1961.

C : bruto wins van R10,555 (vir tien maande).

D : netto wins van R3,572

E : bruto wins van R37,935.62

Nadat die beraamde koste van R28,351.33 afgetrek is, is 'n netto wins van R9,584.29 getoon.

Indien dieselfde drie nywerhede se inkomste uit ledegelde met vermelde gegewens vergelyk word, kan 'n duidelike beeld verkry word van die fantastiese drankwinste.

C : R8,942 (Buitelede - R809.)

D : R5,278

E : R42,159.88 (Toegangsgelde is hierby ingesluit.)

(c) Ander inkomstes.

Die vernaamste ander bronne waaruit inkomste verkry is, is die volgende :-

verhuur van lokale in die geboue;
toegangsgelde gedurende byeenkomste;
biljarttafels;
kafeteria.

Sekere nywerhede voorsien sportmanne van die nodige drag, byvoorbeeld truië en sokkies. Dit word in sekere gevalle deur die nywerheidskas gedra, terwyl ander nywerhede dit aan die ontspanningsklub betaal wat dan 'n oorbetalings aan die subseksies, volgens hulle jaarlikse begroting, maak.

Reiskostes in verband met sport moet deelnemers self dra, terwyl geen spesiale vervoermiddele deur enige nywerheid beskikbaar gestel word nie.

Sover vasgestel kon word - insae van geen aard is verkry nie¹⁾ - bemaak die nywerhede geen fondse aan private instansies, soos dorpsrade, skole en private ontspanningsklubs vir die aanwending van sport in besonder nie. Donasies word wel gemaak, maar sonder voorskrifte vir die besteding daarvan.

Al die ontspanningsklubs het 'n wins vir die afgelope jaar getoon, wat aangewend word vir verbetering van organisasie en administrasie of opbou van reserwe benodigdhede.

1) Sekere nywerhede beskou hul finansiële verslae as uiters konfidensieel en in sekere gevalle is nie insae daarin verkry nie.

S O S I A L E E N

	A				B			
	M	V	K	Buite TOT	M	V	K	Buite TOT.
1. Handvaardighede								
Leerwerk								
Metaalwerk								
Borduurwerk								
Kleremakery								
Weef								
Piouterwerk								
Rottangwerk								
Pottbakery								
Werktuigkunde								
2. Musiek								
3. Sang								
4. Danse					Ja.			Ja.
5. Volkspede								
6. Bioskoop					Ja	Woensdaemiddae en -aande		Ja
7. Toneelopvoerings	"		"		60			
8. Debat								
9. Voordrag								
10. Biblioteek					Ja			Ja.
11. Opvoedk.lesings.					Ja			
12. Kaartspede								Ja
13. Fotografie								
14. Tuinklub		"	"		74			Ja
15. Seëlklub								
16. Duifklub		70			70			
17. Kampeer								
18. Noodhulp								
19. Skaak								
20. Braaivleis- funksies								
Aantal Aktiwiteite					8			5

Word ingesluit by
bestaande Vroue-
klub, wat geaf-
filieer is, by
T.V.L.U.
(40 lede)

Konstitusie ver-
bied dit.
2 x per week:
Woensdae
Saterdag

Vroueklub

N.B. Het 'n junior
klub vir kinders
en jeugdige -
danssessies.

N.B. Die T.V.L.U. hou
eenkeer per maand
vergadering in saal

KULTURELE AKTIWITEITE.

C					D					E					F
M	V	K	Buit.	TOT.	M	V	K	Buit.	TOT.	M	V	K	Buit.	TOT.	
				Ja				Ja		12	12			24	
				Ja				Ja							Ja
				Ja				Ja		12	2			14	
								Ja							Ja
35	10			45	30	10		5	45	81	20		11	112	
6		3	15	24						18			19	37	
															Ja
														50	
25			3	28											
NB. Die vrouens het 'n sosiale klub wat uitsluitlik welvaartwerk doen en staan geheel los van die nywerheid.															Ja
				6				5						7	3

L I G G A A M L I K E

AKTIWITEITE	A					B				
	M	V	K	BUIT.	TOT.	M	V	K	BUIT.	TOT.
1. Atletiek										
2. Boogskiet										
3. Bofbal	20				20					
4. Boks	10		70		80	15		32	3	60
5. Fietsry										
6. Gimnastiek										
7. Gholf	399	98			497	35	42		63	190
8. Gewigoptel										
9. Handbal										
10. Hokkie	30	30			60	25				25
11. Jukskel	25	15			40					
12. Judo	40				40					
13. Korfbal		35			35					
14. Krieket	35				35	16				16
15. Muurbal	12	8			20					
16. Perdry										
17. Pluimbal	20	20			40	7	6		1	14
18. Ringtennis										
19. Rolbal	100	50			150	48	18		1	67
20. Rugby	139				139	98			12	100
21. Skerm										
22. Swem					Ja					Ja
23. Sagtebal										
24. Skyfskiet										
25. Stoei	15		30		45					
26. Rolskaats										
27. Sokker	40				40	30				30
28. Snoeker					Ja					Ja
29. Tennis	64	30			94	12	21		4	37
30. Tafeltennis						12	12		4	28
31. Hengel										
32. Vlugbal										
33. Waterpolo	12				12	20				20
34. Ander: Biljart Vaarpyltjies Onder-Water-Swem					Ja					Ja
Aantal Aktiwiteite					19					14

5. Aktiwiteite en fasiliteite.

(a) Aktiwiteite.

In die tabelle op die voorafgaande blaaie, is 'n uiteensetting gegee van die verskillende aktiwiteite wat deur die nywerhede aangebied word. Die getalle toon die aantal lede van elke aktiwiteit, naamlik, mans, dames, kinders en totale, aan. By die versameling van hierdie gegewens is verskeie faktore in aanmerking geneem wat vervolgens bespreek sal word.

(i) Die manslede is almal werknemers aan die nywerhede, terwyl die dameslede uit sowel werknemers as vrouens van die manlike werknemers bestaan.

(ii) Slegs die totale buitelede by die nywerhede kon verkry word, gevolglik kan die mans- en dameslede wat nie by die nywerhede werkzaam is nie, nie afsonderlik verstrekk word nie.

(iii) Die getalle sluit die geregistreeerde aantal lede van elke aktiwiteit in. Al die lede is egter nie aktief nie, en neem slegs periodiek aan die betrokke aktiwiteite deel. Dit is veral van toepassing op E waar klubgelde regstreeks deur die nywerheid afgetrek word. Volgens hierdie omstandighede is dit dus onmoontlik om 'n persentasiedeelname aan ontspanning betroubaar uit te werk.

(iv) Dieselfde persoon is dikwels by verskeie aktiwiteite geregistreeer, gevolglik kan die aantal individue wat van die ontspanningsgeriewe gebruik maak, ook nie verstrekk word nie. C is egter 'n uitsondering, en kon hierdie gegewens verkry word, omdat die ledetal van die verskillende klubs baie min is.

(v) Volgens die aard van sekere aktiwiteite, byvoorbeeld, swem, bioskoop en veerpyltjies, is dit moeilik om die aantal individuele deelnemers te bepaal. Deelname aan hierdie soort van aktiwiteite is merendeels net vir ontspanning self en vir kompetisiedoelindes.

(vi) Aangesien werknemers heel dikwels by private klubs aansluit in geval die betrokke aktiwiteite nie deur die nywerheidsontspanningsklub voorsiening voor^{ge}maak^{word} nie, bemoeilik dit die saak verder om die korrekte aantal persone aan nywerhede

/wat.....

wat aan een of ander vorm van ontspanning deelneem, te bepaal. Besoek aan openbare bioskope dien as 'n voorbeeld.

Die gegewens wat versamel is, het slegs betrekking op persone wat aan die verskillende nywerheidsontspanningsklubs verbond is.

(vii) Nog 'n faktor wat die versameling van die gegewens bemoeilik het, is die feit dat werknemers wat geregistreerde lede van die ontspanningsklub is, maar nie van individuele klubs nie, tog van hul voorregte by tye gebruik maak. Hieroor bestaan geen kontrole nie.

(viii) Omdat die kapitaalbelegging in verhouding tot die aantal deelnemers in baie gevalle groot is, word nie fasiliteite deur nyweraars hiervoor voorsien nie, en verkies hulle in hierdie gevalle dat werknemers by private klubs aansluit. Voorbeelde is gholf en atletiek. Dit het ook invloed op die verhouding van aantal deelnemers tot aantal werknemers verbonde aan nywerhede.

(ix) Die lys van saamgestelde aktiwiteite aan al die nywerhede is een-en-veertig. Dit dek egter nie naasteby die veld van aktiwiteite wat by Suid-Afrikaanse toestende aanpas nie. Die gelyste aktiwiteite sluit grootliks net liggaamlike aktiwiteite (27) in. Indien die kulturele en sosiale aktiwiteite meer aandag geniet, sal die totaal aansienlik hoër wees.

Die aantal liggaamlike aktiwiteite wat deur die verskillende nywerhede aangebied word, is:

A - 19; B - 14; C - 15; D - 19; E - 23; F het ongeveer 20 lede wat gedurende etenspouse van die volgende beskikbare fasiliteite gebruik maak: tafeltennis, veerpyltjies en kaartspele. G het geen aktiwiteite nie.

(x) Van die liggaamlike aktiwiteite wat op die tabel verskyn, word sewe-en-twintig gesamentlik deur die nywerhede voorsien. Die volgende word nie in een enkele geval aangebied nie: atletiek, fietsry, handbal, perdry, ringtennis, skerm, skaats (rol), vlugbal - tesame 8. Gimnastiek, gewigoptel en skyfskiet verskyn elk een maal.

Rugby, rolbal, gholf en tennis het die hoogste aantal deelnemers, waarna boks en stoei volg (as gevolg van die groot /aantal.....

aantal seunslede). Hierna volg krieket, hokkie en sokker, terwyl pluimbal, bofbal, jukskei en korfbal heelwat minder lede het.

Indien hengel¹⁾ as 'n liggaamlike aktiwiteit geplaas word, sal dit in dieselfde kategorie as rugby val. Veerpyltjies, snoeker en biljart is ook moeilik om te plaas.

Golf is nie in die rangorde van „populariteit” geplaas nie, omdat dit deur slegs een nywerheid voorsiening voor gemaak is. In hierdie geval toon die deelname dat dit een van die gewildste sportsoorte is. Indien vir sekere ander aktiwiteite voorsiening voor gemaak word, kan dieselfde gebeur.

(xi) Die sosiale en kulturele aktiwiteite geniet by al die nywerhede minder aandag deur die werknemers as die liggaamlike aktiwiteite. Daar is slegs veertien aktiwiteite van sosiale en kulturele aard teenoor die sewe-en-twintig liggaamlike aktiwiteite. Die volgende word deur een of meer nywerhede aangebied: sang, musiek, dans, bioskoop, toneel, biblioteek, kaartspel, fotografie, tuinery, duifklub, kampering, noodhulp, skaak en braaivleisfunksies.

Slegs ses van hierdie aktiwiteite word deur meer as een nywerheid aangebied - meestal net deur twee nywerhede.

Bioskoopvertonings en danse trek die grootste getalle, waarna fotografie met baie minder volg. Laasgenoemde is egter die gewildste georganiseerde aktiwiteit van die sosiale en kulturele ontspanningsvorm.

(xii) Die sosiale en kulturele aktiwiteite, met uitsondering van bioskoop en dans, word baie min deur vrouelede ondersteun. Volgens woordvoerders bestaan vrouelede meestal uit lede wat by die nywerhede werksaam is, terwyl huisvrouens 'n swak belangstelling en deelname toon.

Die feit dat die vrou volgens haar biologiese, sosiale en psigologiese samestelling beter vir sosiale en kulturele vorme van ontspanning aangepas is, is dit 'n betreurenswaardige toestand.

/Slegs.....

1) Volgens my opinie kan hengel nie as 'n liggaamlike aktiwiteit beskou word nie, aangesien dit passief is en nie 'n spelelement inhou nie.

Slegs by twee nywerhede het die vrouens suiwer georganiseerde vroueklubs. In een geval is dit 'n affiliaal van die Transvaalse Vroue-Landbou-unie, terwyl die ander buite die aktiwiteitsterrein van die nywerheid lê. Albei bestaan egter uit vroue van werknemers of vrouewerknemers.

Verskeie woordvoerders skryf die passiwiteit van vroue daaraan toe dat daar by hulle 'n stigma aan die ontspanningsklub kleef, in soverre dat dit eerder 'n drinkplek as ontspanningsoord is, omdat baie mans dit vir drankgebruik besoek, en aanleiding tot huislike moeilikhede gee. Die groot drankwinste van die ontspanningsklubs dien as maatstaf om hierdie bewering te staaf.

Engels- en Afrikaanssprekende lede.

Volgens lidmaatskap is daar in die meeste aktiwiteite 'n duidelike verskil van deelname tussen Engels- en Afrikaanssprekendes.¹⁾ Aktiwiteite waar onderskeid in deelname voorkom, volgens deur die informante merkbaar is, is die volgende:

By Afrikaanssprekendes: rugby, jukskei, korfbal, hengel, boks, stoel en snoeker.

By Engelssprekendes: krieket, sokker, rolbal, muurbal, gholf en tafeltennis.

Die volgende aktiwiteite is naasteby ewe gewild by al twee taalgroepe, of word in een nywerheid deur die een groep meer ondersteun, terwyl die omgekeerde by 'n ander nywerheid aangetref is: tennis; boogskiet; bofbal; sagtebal; swem en judo. By A is die meeste lede byvoorbeeld, Afrikaanssprekend, terwyl die Engelssprekendes by E oorheersend is.

Aangesien rolbal, sokker, hokkie, krieket, gholf, en in 'n mate tennis, meestal op Sondag beoefen word, en hierdie aktiwiteite, soos hier voor vermeld, meer deur Engelssprekendes ondersteun word, bewys dat hierdie taalgroep die Sabbatdag meer as die Afrikaanssprekendes as sportdag gebruik.

/Wisseling.....

1) Die meeste werknemers by die vyf groot nywerhede, is Afrikaanssprekend.

Wisseling van aktiwiteite

Die tabelle sluit slegs aktiwiteite in wat tydens die ondersoek aan die verskillende nywerhede funksioneer het. Daar is egter ander aktiwiteite wat voorheen bestaan het, maar om een of ander rede nie meer funksioneer nie. Die belangrikste oorsaak wat deur woordvoerders genoem is, is die afname aan entoesiasme na uitdienstreding van persone wat leiding in die betrokke aktiwiteit(e) geneem het.

Tydens die besoek het sekere nywerhede reeds goedkeuring gegee vir die totstandkoming van klubs wat nie voorheen funksioneer het nie.

Onderstaende tabel toon die aktiwiteite aan wat voorheen bestaan het en wat in die toekoms bygevoeg gaan word.

Voorheen bestaan.	Toekomstige byvoeging.
A. Tafeltennis, gimnastiek	Atletiek (fasiliteite beskikbaar)
B. Jukskei, stoei, bofbal, pluimbal.	Speelpark vir kinders.
C. Volkspeler, fotografie, gimnastiek vir dames, sagtebal, roei, dramatiese vereniging, musiekprogramme.	Muurbal, ringtennis, dramatiese vereniging.
D. Skaak, jukskei, ringtennis, gholf, bofbal, sagtebal, biblioteek.	Debatsvereniging.
E. Skerm, skyfskiet.	Korfbal.
F. Krieket.	Tennis, rolbal, snoeker.
G. Geen.	Geen.

FASILITEITE VIR SPORT.

	A	B	C	D	E
1. Atletiek					
2. Boogskiet				4	12
3. Boks	2	1	1	1	1
4. Fietsry					
5. Gimnastiek	1		Ja	1	1

	A	B	C	D	E
6. Gholf	1	1		1(klein)	1
7. Gewigoptel				1 Stel	1 Stel
8. Handbal					
9. Hokkie	2	2	1	1	2
10. Jukskei	10	2	2		8
11. Judo	1		1	1	
12. Korfbal	2				1
13. Krieket	1	1	1	2	1
14. Muurbal	2				1
15. Perdry					
16. Pluimbal	2	1	1	1	1
17. Ringtennis	Ja		Ja	Ja	Ja
18. Rolbal	3	2	2	2	6
19. Rugby	3	2	2	1	2
20. Skerm					
21. Swem & Waterpolo.	1	1	1	1	1
22. Sagtebal	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
23. Skyfskiet			10(+22)		
24. Stoei	2		1	1	2
25. Skaats					
26. Sokker	2	1	1	1	2
27. Snoeker	8	2	2	4	3
28. Tennis	8	5	4	4	8
29. Tafeltennis	Ja	4	3	3	4
30. Hengel					1
31. Vlugbal					
32. Veerpyltjies	Ja		4		
33. Whist (Kaartspe.)			1	1	
34. Bofbal	Ja	Ja	Ja	JA	Ja.

Sportsoorte wat tot niet gegaan het, is meestal die wat in Suid-Afrika minder gewild is. In geval waar bekende sportsoorte nie die nodige belangstelling kon behou nie, is dit

/daaraan.....

daaraan toe te skryf dat fasiliteite nie by die betrokke nywerhede beskikbaar is nie.

Belangstelling van werkers versus kantoorpersoneel.

Volgens die lidmaatskap ondersteun die werkers die sosiale en kulturele klubs baie swak. Waar aktiwiteite in hierdie opsig wel bestaan, is die lede merendeels kantoorpersoneel. Wat die deelnemers van duiwesport betref, is daar egter 'n uitsondering.

Aktiwiteite wat deur die twee groepe werknemers onderskeidelik die beste ondersteun, is as volg:

Kantoorpersoneel: rolbal, tennis, gholf, krieket, pluimbal, bofbal, hokkie, swem, judo en muurbal.

Werkersgroep: sokker, rugby, hengel, boks, stoel, snoeker, veerpyltjies en jukskei.

(b) Fasiliteite.

Die tabel op pp. 130 - 131 is 'n ~~same~~stelling van die fasiliteite wat ten tye van die ondersoek reeds deur die verskillende nywerhede voorsien is. Die volgende sake in dier voege, is van belang.

(i) Sekere aktiwiteite waarvoor nie fasiliteite in die tabel verskyn nie, omdat daar nie georganiseerde klubs daarvoor bestaan nie, kan wel beoefen en by die program bygevoeg word, indien die nodige apparaat aangekoop word. Dit kan wel op beskikbare velde en/of lokale (sale) beoefen word. Voorbeelde van sulke aktiwiteite is skerm, gewigoptel, boogskiet, handbal en vlugbal.

(ii) Die vyf nywerhede wat oor ontspanningsklubs beskik, het verbasende groot kapitaal aan ontspanningsfasiliteite, soos geboue, velde, apparaat, gereedskap en so meer, belê. Daar is selfs genoegsaam fasiliteite in sekere gevalle beskikbaar om aktiwiteite wat tans nie aangebied word nie, te huisves. Atletiek, gholf, perdry en fietsry is bykans die enigste aktiwiteite waarvoor min voorsiening gemaak is.

(iii) Aktiwiteite waarvoor die fasiliteite uitgebrei en/of

GRONDPLAN VAN ONTSPANNINGS

KLUBGEBOUE.

	A	B	C	D	E
Sale (met verhoog en projeksiefasiliteite)	1	1	1	1	1
Eetsale	2	1	1	1	1
Ontvangskamers	4	2	1	1	5
Komiteekamers	1	1	1	2	1
Kantore	5	1	1	1	5
Snoekerlokale	2 (8 tafels)	1	1	1	2
Kroeë	2	1	1	1	2
Dienskroeë	4	1	1	1	4
Stoorkamers	4	4	4	2	5
Stoepe (onderdak)	2	2	1	1	2
Kombuis	1	1	1	1	2
Spens	1	1	1	1	1
Kleedkamers	Ja	Ja	5	Ja	4
Veerpyltjielokaal					1
Gimnasiums	1				2
Muurballokaal					1
Woonstelle (vir bestuurders)				1	1

verbeter kan word, is boogskiet, gewigoptel, muurbal, skerm, skyfskiet, rolskaatse, benewens die wat in vorige paragraaf vermeld is.

As rede waarom hierdie aktiwiteite in verhouding met die meer bekendes, afgeskeep is, is weens die onbekendheid daarvan in Suid-Afrika en is die belangstelling nie so groot nie.

(iv) Voorsiening van binnenshuise, sowel as buitenshuise aktiwiteite, is baie eweredig, want benewens 'n goed toegeruste klubgebou, met sale en ander lokale, is genoeg ruimte vir velde beskikbaar gestel en ontwikkel.

(Kyk na grondplan van ontspanningsklubgebou op teenblad).

Groter bedrae is egter aan die geboue bestee.

(v) Hoewel baie van die bekende sportsoorte nie op die tabel van fasiliteite verskyn nie, is daar tog fasiliteite beskikbaar en daarvoor voorsiening gemaak. Dit gebeur dat dieselfde veld of lokaal vir verskillende aktiwiteite binne en selfs buite die besondere aktiwiteite se speelseisoen gebruik word. So byvoorbeeld, word gimnastieksale ook vir pluimbal, stoel, boks, judo, tafeltennis, en so meer, beskikbaar gestel. Rugby-, sokker- en hokkievelde word gedurende die somermaande vir bofbal, sagtebal en krieket gebruik.

Oor die algemeen is die fasiliteite vir die aktiwiteite wat tans aangebied word, voorsienend.

(vi) In baie gevalle is oefengeriewe vir sekere aktiwiteite (wat hul daarvoor leen) aangebring. Die vyf groot nywerhede beskik elk oor oefengeriewe vir krieket en tennis. Oefennette vir bofbal, slaansakke vir boks en duikapparaat vir rugby, is by enkele nywerhede aangebring.

(vii) Nywerhede C en D het spesiale speelparke vir kinders op die ontspanningsterrein met apparaat toegerus. E het 'n spesiale ontspanningsoord by Hartebeespoortdam vir sy werknemers aangekoop en toegerus vir hengel, bioskoop, dans en kampeergewee. A en B keur speelparke by die ontspanningsentrum af, op grond daarvan dat drankgebruik daar toegelaet word.

(viii) Sommige nywerhede stel hul fasiliteite vir private instansies beskikbaar. Benewens die sportvelde wat meestal deur skole gebruik kan word, word lokale en sale byvoorbeeld verhuur vir toneelopvoerings, troues, dinees en derglike samekomste. Hierteenoor is ander nywerhede daarteen om hul fasiliteite vir private gebruik aan te bied, omdat dit beskadig, of nie die dra-krag het nie, of deurdad plaaslike instansies soos munisipaliteite en skole daardeur nie selfvoorsienend sal word nie.

(ix) Die volgende aktiwiteite by die verskillende nywerhede beskik oor klubhuise:

Nywerheid A: Tennis, rolbal, swem, krieket en rugby saam, hok-en sokker saam, en een is in aanbou vir atletiek.

Nywerheid B: Tennis, rolbal, swem, krieket en rugby saam, sokker, korfbal en hokkie saam.

Nywerheid C: Rolbal, tennis, skiet, swem (swembad in aanbou).

Nywerheid D: Tennis, rugby, swem, rolbal, sokker, boogskiet, damesklub (spesiaal vir vrouens met 'n speelpark daarnaas ingerig).

Nywerheid E: Tennis, swem, rolbal, boogskiet, hokkie, jukskei. Onder die pawiljoene is voorsien vir rugby en sokker, benewens 'n gesamentlike ontvangsaal.

(x) Die fasiliteite word deurgaans in 'n goeie toestand gehou, voldoende arbeid, gereedskap en finansies is vir die onderhoud daarvan beskikbaar.

Die personeel van die verskillende nywerhede is as volg:

	A	B.	C .	D .	E .
Bestuurder	1	1	1	1	1
Onderbestuurder	1				1
Tiksters	1	1	1	1	1
Tuinier	1	1	1	1	1
Opsigters (deeltyds)	1	1	1	1	3
Kroegmanne	3 Voltyds 6 deeltyds	5 deeltyds	2	2	6
					/Kelners.....

	A	B	C	D	E
Kelners	-	-	-	-	-
Kombuis	-	-	-	2	1
Ambagsmanne	1	-	1	1	1
Nie-blankes	40	12	22	40	48

L.W. Nywerhede F en G beskik oor geen ontspanningsentrums nie, derhalwe is geen personeel beskikbaar nie.

6. Algemene gegewens.

Sekere gegewens wat nie noodwendig deur die vraelys gedek is nie, maar daaruit voortvloei, is aangeteken, en sal vervolgens saam met die afdeling „Algemeen” van die vraelys behandel word.

(a) Higiëniese werksomstandighede.

Die werksomstandighede by sekere nywerhede is van so 'n aard dat die werkers se gesondheid daardeur nadelig getref word. In die myne byvoorbeeld, word die sogenaamde mynstof aangetref wat aanleiding tot toring kan gee. Hoewel myne alle voorsorgmaatreëls tref om die gevaar uit te skakel, raak dit nogtans die werkers se gesondheid. Indien hulle egter fiks is, is hul weerstand teen die siektes sterker. In hierdie opsig kan ontspanningsdeelname aan aktiwiteite wat die fiksheidspell verhoog 'n belangrike funksie verrig om die weerbaarheid van die werker sterker te maak.

In die staalnywerhede kry die werker met gevare soos gasse, hoë temperature en stof te doen, wat sy gesondheid nadelig kan tref. Die betrokke nywerhede doen egter alles in hul vermoë ter bekamping daarvan en om die werkers se gesondheid te beveilig. Veral die toepassing van die sogenaamde industriële higiëne, dien as 'n belangrike hulpmiddel in hierdie verband.

Nywerheid E het 'n afsonderlike departement van beveiliging, wat periodiek studies oor die gevare in samewerking met 'n paneel van mediese beamptes maak. Werkers word byvoorbeeld na

kort werksperiodes afgewissel waar hulle in hoë temperature werk.

In die tabaknywerheid is 'n suigtoestel geïnstalleer om stof te verhoed.

In al hierdie gevalle kan sportdeelname veel bydra om die gesondheid en fiksheidstoestand van werkers te verhoog. Ongelukkig is die persentasie deelname egter baie laag.

(b) Klagtes in verband met ontspanning.

Verskeie klagtes met betrekking tot die ontspanningsklubs en die gebruikmaking daarvan, is deur woordvoerders by die verskillende nywerhede vermeld. Die volgende is genoem:-

(i) Swak deelname aan ontspanningsaktiwiteite moet as 'n sosiale probleem beskou word, en die fout moet eerder by die werknemer as die werkgever gesoek word. Salarisse is tans buite verhouding met die algemene ontwikkelingspeil van die werker. Dit gee aanleiding tot spandawelrigheid, losbandigheid, onverskillige en nuttelose besteding van die individuele vrytyd. Gejaag na plesier en oormatige drankgebruik, het meer waarde as 'n rugbywedstryd, 'n stel tennis, of 'n paar swemlengtes.

(ii) Nieteenstaande die feit dat werkers in die onmiddellike omgewing van die ontspanningsklub woon, is hulle te laks om die „bietjie" opoffering te maak om van die fasiliteite gebruik te maak. Dit is die gees van die tyd.

(iii) Die teenoorgestelde van die voorafgaande paragraaf is egter ook van toepassing. Sommige werkers woon te ver van die ontspanningsklub en vind dit geriefliker om by privaatklubs aan te sluit wat in hul woonbuurt geleë is.

(iv) 'n Belangrike faktor wat ontspanningsdeelname beïnvloed, is die gevolg van oortydwerk. Betaling is hierdeur baie hoër as die normale besoldiging, en as gevolg van hoë lewenskoste en huislike omstandighede, byvoorbeeld die van 'n groot huisgesin, is werkers verplig om 'n addisionele inkomste by te bring.

Nie alleen word hul eie vryetyd hiervoor ingeboet nie, maar ontnem die hele familie gesamentlike ontspanning, benevens ander maatskeplike probleme, soos byvoorbeeld, kinderopvoeding, deurdat die vader lang ure nie tuis is nie.

(v) Hoewel nywerhede die skoftye van werkers so probeer inpas dat hul tyd vir ontspanningsdeelname kan hê, kan hierdie onreëlmatigheid nie oorbrug word nie. Dit is deur een woordvoerder as die grootste enkele oorsaak gemeld waarom ontspanningsdeelname laag is.

(vi) Die verhoudinge van werknemer teenoor werknemer, asook werkgewer teenoor werknemer, is nie goed nie. Dit gee daartoe aanleiding dat baie werkers nie van die ontspanningsgeriewe gebruik maak nie - veral nie waaraan die „baas“ deelneem nie.

Die kantoorpersoneel en werkers staan ook soms afsydig teenoor mekaar, en wel in so 'n mate, dat gedurende die ondersoek gegewens getoon het dat elk van hierdie groepe die grootste ledetal by sekere aktiwiteite vorm.

(vii) Die opset van die ontspanningsklubs is meestal ver van die nywerheid self geleë, of selfs van die woonbuurt. So-doende is dit nie maklik bereikbaar nie.

(viii) Pawiljoene ontbreek, of is in baie gevalle gebrekkig by sportvelde, gevolglik is die toeskouertal gedurende wedstryde gering. Dit dien as 'n belangrike prikkel vir die deelnemer indien kompetisies ondersteun word. Daarteenoor kan die prikkel vir belangstelling tot latere deelname by die toeskouer self ontwikkel.

(ix) Werkers beskou hulself dikwels „te oud“ om aan sport deel te neem, en wel op 'n ouderdom wat hul aan velerlei aktiwiteite kan deelneem. Dit is veral van toepassing op werkers wat vroeër rugby gespeel het en terselfdertyd nie ander aktiwiteite aangeleer het, of belangstelling vir 'n besondere sportsoort, aangeleer het nie. Hulle is eintlik „te skaam“ as dit te laat is, en voer die ouderdom dan as rede vir passiwiteit aan.

(x) Stokperdjies tuis verskaf baie werkers voldoende ontspanning.

(xi) Sommige persone sluit by klubs aan waarvoor hul belangstelling het en nie in die ontspanningsprogram voorsiening voor gemaak word nie.

(xii) Die wen-element speel by deelnemers die oorheersende rol in plaas daarvan dat dit alleenlik ter wille van ontspanning is. Dieselfde geld ook ten opsigte van „die span wat hy haal”. Indien hy in 'n laer liga moet deelneem, verdwyn sy entoesiasme en word deelname gestaak.

(xiii) Die algemene mening van ontspanningsbeampes is dat nyweraars die klem te sterk op die winsgedagte van ontspanningsklubs lê, en te min aandag aan die uitbreiding van ontspanningsdeelname gee. Meer „skakelbeampes”¹⁾ soos dit in een geval genoem word, tussen die ontspanningsklubs en die werk-nemer-gewer is nodig om hierdie leemte te vul. Hierdie uitspraak toon die noodsaaklikheid van ontspanningsleiers aan.

(xiv) Ervaring van hoofde wat verantwoordelik vir die opleiding van kwekelinge aan die myne is, dui aan dat die persone wat leiding op sportgebied neem, later verantwoordelike poste in hul werkgebied neem.

(xv) Ontspanningsbeampes bevestig dat sportmanne minder as nie-sportmanne drink. Die soort drank verskil ook wat gebruik word: sportmanne verkies bier, terwyl nie-sportmanne sterk drank as eerste keuse stel.²⁾

Misbruik van drank is by sportmanne oor die algemeen ook minder omdat dit vir hul bysaak is. Die nie-sportmanne se afleiding is die drank self. Vir die sportman is die sport sy eerste afleiding. Sportmanne drink gewoonlik na 'n wedstryd

/meer.....

1) Die benaming „skakelbeampte” dui op die korrekte term „ontspanningsleier”.

2) Die vraelys aan werknemers staaf hierdie verskille.

NIE-BLANKES : ONTSPANNING.

	A		B		C		D		E	
	Akt.	Fas.	Akt.	Fas.	Akt.	Fas.	Akt.	Fas.	Akt.	Fas.
Aantal in kam- pongs.	11,500				2,226				3,586	
Sokker	6 spann	2	Ja		+100	3	10 spann	1	18 spann	
Tennis	Ja	1	Ja		12	3				
Boks	50	1	Ja		50	2	45	2	Ja	Ja
Rugby	2 spann	1	Ja		55	2			Ja	Ja
Atletiek	Ja	1							Ja	Ja
Tennisset	20	1								
Tafeltennis					10	1			Ja	Ja
Fietsry							10		Ja	Ja
Gewigoptel							12		Ja	Ja
Korfbal									Ja	2
Stoel									Ja	Ja
Veerpyltjies									Ja	Ja
Danse	+500				+800		+300		Ja	
Bioskoop	Ja	1	Ja		Ja	1	Ja	1	Ja	1
Konserte	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Tuinkompetisie	Ja		-		-		-		-	
Maraba-raba	Ja		Ja		Ja	10	Ja		Ja	
Kore	Ja		Ja		Ja		Ja(10)		Ja	
Orkes	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Fotografie	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Noodhulp	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Godsdiens- oefening	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Klaremakery	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Kralewerk	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Kieries maak	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Fietsreparasies	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Biblioteek	-		-		-		Ja	1	-	
Kaartspele	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	
Dambord	Ja		Ja		Ja		Ja		Ja	

meer as die normale, maar gebruik min, of geen, spiritualieë na oefenwedstryde nie,

(c) Menings van woordvoerders.

Die volgende interessante menings, deur woordvoerders gelug, is tydens die ondersoek uitgespreek:

(i) Indien die drankwet verander word dat kroeë sekere tye gedurende die dag moet sluit, sal drankmisbruik verminder, en minder gebroke huwelike ten gevolge hê. Die onderbestuurder¹⁾ van die ontspanningsklub by E is van mening dat kroeë tussen 5 - 7 namiddag gesluit moet wees. Aangesien die meeste werkers gedurende hierdie tyd van hul werk kom, sal hul genoodsaak wees om huis toe te gaan. Na die nuttiging van die aandmaal sal die behoefte vir drank minder wees, en hulle sal tuis bly.

(ii) Meer georganiseerde sport op Sondag sal deelname verhoog, maar terselfdertyd sal drankgebruik verhoog. Daarom is dit noodsaaklik dat klubkroeë op Sondag gesluit moet wees.

(iii) Indien veerpyltjies en snoeker by kroeë in die ban gedoen word, sal drankgebruik daal; omdat hierdie spele drankgebruik aanmoedig, en as „euwelspele” bestempel kan word.

(iv) Die veranderde drankwet waardeur drank in restaurante bedien kan word, sal „suipvlieë” by ontspanningsklubs verminder, en hoewel die klub se winste nadelig getref sal word, sal die middel (klub) meer die doel (ontspanning) heilig.

7. Ontspanning vir nie-blankes.

Die tabel op die teenblad toon die aktiwiteite aan wat deur die naturelle beoefen word, asook die fasiliteite wat tot hul beskikking gestel is.

Die volgende gegewens is verder versamel:²⁾

/(a).....

-
- 1) Hierdie persoon het 22 jaar ervaring van die ontspanningsklub by E.
- 2) Nie-blanke ontspanning is nie in alle aspekte ondersoek nie. Aandag is hoofsaaklik aan apparaat, fasiliteite en wedstryde gegee.

(a) Sokker gevolg deur boks word verreweg die meeste deur nie-blankes beoefen, terwyl rugby baie gewild word. Danse is die belangrikste sosiale aktiwiteit by die nie-blankes.

(b) Die noodhulpafdeling word deur die nywerheid en die kampongs gereël, om veiligheidsgewoontes by naturelle aan te kweek.

(c) Sondae is die algemene sport- en ontspanningsdag en die meeste kompetisies vind dan plaas.

(d) Die vyf groot nywerhede beskik elk oor 'n groot kampong, en die fasiliteite is in die onmiddellike omgewing aangebring.

(e) Kampongs beskik elk oor 'n Bantoe Komitee wat vir die pligte, soos wedstryde, finansies en algemene organisasie van ontspanning, verantwoordelik is. Nywerheid A het 'n blanke en E 'n nie-blanke in diens wat uitsluitlik vir ontspanning in diens gestel is.

(f) Die nywerhede betaal die vervoerkostes en kapitaalbesteding aan apparaat en fasiliteite.

(g) Oor die algemeen word baie aandag aan nie-blanke ontspanning gegee.

8. Gegewens van werknemers verkry.

Inligting is ook van die werknemers persoonlik verkry. Om hierdie rede is vraelyste aan hulle gegee om te voltooi.

Vraelyste vir hierdie doel is onder die werkers van ses van die nywerhede versprei, volgens die metode in die vorige hoofstuk uiteengesit. Omdat die klerefabriek verspreiding nie wou toelaat nie, is geen informasie van die werknemers in hierdie nywerheid ingewin nie. Dit is uiters jammer, aangesien die grootste aantal van hierdie werkers getroude vrouens (107 van 119) is, en indien die verlangde gegewens van hulle verkry kon word, sou dit baie lig op die vryetydsbesteding en ontspanning van hierdie besondere groep werknemers kon werp. Hoewel dit nie veel afbreuk aan die geheel van die ondersoek sal maak nie, kan dit tog as 'n leemte beskou word. Daarby is die gegewens wat versamel is, voldoende om betroubare afleidings te maak.

Vyf-en-twintig vraelyste is tussen elk van die ander ses nywerhede versprei, dit wil sê, 150, waarvan 75 terug ontvang is. Dit is 50 persent. Die persentasie kon hoër gewees het, indien vorms van A terug ontvang is. Verspreiding is hier egter baie bemoeilik. Aangesien dit 'n myn is, en wel 'n aantal van die ander myn voltooï en ontvang is, word dit as verteenwoordigend genoeg beskou. By weglating van hierdie nywerheid, is die vraelyste dus afkomstig van vyf nywerhede, wat die persentasie ontvang, op 60 persent te staan bring.

Die aantal vraelyste wat van die nywerhede ontvang is, is as volg:

B : 10 (40%); C : 14 (54%); D : 23 (92%); E : 17 (68%);
F : 11 (44%).

Aangesien C, D en E al drie staalnywerhede is en die hoogste aantal van hulle terug ontvang is (verspreiding kon beter beheer word), is die gegewens wat ingewin is, dus van besondere toepassing op staalnywerhede.

Die vorms is met die uitsondering van 'n paar gevalle baie volledig ingevul en kon die gegewens betroubaar verwerk word.

Die vraelys het uit vyftien vrae bestaan, en sal volgens die rangorde, soos dit daarop verskyn, bespreek word.

Algemene besonderhede.

(a) Geslag:

Altesaam 67 van die werknemers is mans, terwyl 8 vrouens is.

(b) Huwelikstaat:

Slegs 18 is ongetroude werkers, terwyl 57 getroud is.

(c) Ouderdom:

Dit wissel as volg:

onder 19 jaar:	2	tussen 35 en 39 jaar:	15
tussen 20 en 24 jaar:	18	" 40 " 44 "	7
" 25 " 29 "	15	" 45 " 49 "	1
" 30 " 34 "	13	" 50 " 54 "	3
		55 en ouer :	0

Die ouderdomme van die meeste werkers wissel dus tussen 20 en 39 jaar, naamlik 61 van 75 wat 81.3 persent is. Bykans
/die.....

die helfte is onder 30 jaar, terwyl 48 werknemers jonger as 35 jaar is (64%).

(d) Altesaam 46 van die werknemers is in kantore werksaam (al die vrouens is hierby ingesluit) en 29 verrig in die nywerheid handearbeid. Laasgenoemde getal kon in verhouding hoër gewees het, maar die vorms wat van die tabaknywerheid ontvang is, is almal kantoorwerkers. Die handearbeid word hier deur kleurlinge en meestal deur nie-blankes verrig, en daarom is geen vorms in die verband van hierdie nywerheid verkry nie. Die verhouding tussen die staalnywerhede en die myn is meer eweredig. Indien die vraelyste van die tabaknywerheid buite rekening gelaat word, is die verhouding tussen kantoorwerkers tot handearbeiders: 35 tot 29.

Vraag 1.

Werknemers moes die redes verstrekk waarom hulle aan liggaamlike ontspanning (sport) deelneem. Die grootste aantal se antwoord was „vir plesier” (58 gevalle), terwyl 44 en 31 onderskeidelik „vir afleiding” en „vir sosiale verkeer” ingevul het. Hierdie drie redes is verreweg die belangrikste aangesien die volgende rede (oefening) slegs 9 ondersteuners het. Ontlading van opgekropte gevoelens en aanleg, elk 7, en ontspanning 8, val in dieselfde kategorie as oefening, aangesien die res slegs twee keer of meestal een maal genoem is. Dit is egter van belang om daarop te let dat verskeie van die gevalle wat slegs 'n enkele keer genoem is, aan die populêre gevalle verwant is en dus eintlik daaronder ingeskakel kan word. Dit sal duidelik word uit die lys.

Die ander redes is:

vir gesondheid en liggaamlike ontspanning (elk 2); vir fiksheid; liggaam te versterk; nuwe kennisse by te kry; ontslae te raak van oortollige energie en liggaam op te bou (elk een). Selfs van hierdie redes kan ingeskakel word onder bogenoemdes.

Vraag 2.

Hierdie vraag is nou verbonde aan die vorige, en werknemers moes die voordele van liggaamlike ontspanning (sport) meld. Gesondheid het die grootste aantal sterre getrek, naamlik

53, terwyl die tweede meeste slegs 15 is. Die rede waarom gesondheid so hoog is, mag wees omdat dit as die enigste voorbeeld in die vraelys genoem is.

In die vorige vraag is dit deur 9 persone as rede vir ontspanningsvoordele gemeld. As hierby gevoeg word al die ander voordele wat nouer verband met gesondheid het, en verstrekkend is, toon dit duidelik die belangrikheid daarvan aan.

Verdere gelyste voordele is die volgende: fiksheid : 15; lewenslustigheid : 9; verbeter liggaamsbou : 12; versterk gestel : 3; prikkel eetlus : 4; verhoog konsentrasie : 5; verminder oorgewig.

(hierdie voordele het verband met gesondheid).

Voordele wat meer geestelik van aard is, is die volgende: sosiale aanpassing : 9; bou gesonde gees : 8; verhoog selfvertroue : 7; samewerking : 6; emosionele ontlading : 7; kalmeer oorspanne senuwees : 3; maak nuwe vriende : 3; sportmanskap : 2; verandering van roetine : 3; verbeter uithou vermoë : 2; versterk manlikheid : 2; leer dissipline : 1; selfhandhawing : 1; gee gesonde kompetisie : 1; ontwikkel humorsin : 1;

Tien gevalle het ontspanning as die grootste voordeel beskryf, terwyl vyf plesier genoem het. Albei is egter in die vorige vraag bespreek, maar die feit dat dit weer eens genoem word, dui op die belangrikheid daarvan.

Die groot verskeidenheid van voordele van liggaamlike ontspanning wat verstrekkend is, wys op die groot verskil wat by die verskillende werkers bestaan.

Vraag 3.

Werkers moes dit meld indien hulle aan sportklubs buite die nywerheid behoort, en die redes verstrekkend.

Aangesien die omstandighede by elke nywerheid verskillend is, veral wat sake betref soos, fasiliteite, ligging van ontspanningsklub, grootte, vervoer en werksure, word die gegewens van elkeen apart bespreek.

Nywerheid C:

Agt van die veertien persone is nie verbind aan 'n buiteklub nie. Die oorblywende ses behoort wel en verstrekkend die volgende

redes: vervoer, fasiliteite, distansie, laer ligakompetisie.

Nywerheid B:

Slegs twee is aan hul eie klubs verbonde, en drie gevalle het nie 'n antwoord verstrek nie, wat dus hierby gevoeg kan word. Die ander 5 van die 10 lede gee die volgende redes: wil vriendskappe buite die werkskring opbou, vir beter kompetisie, vir beter oefening en korter distansie.

Nywerheid E.

Nege uit 17 gevalle het „Nee“ geantwoord, waarby een onbeantwoorde gevoeg kan word. Die redes waarom die ander werkers wel aan buiteklubs behoort, is: persoonlike redes; met persone buite hul werk om te gaan, korter afstand van woning, fasiliteite nie beskikbaar in sportsoort waarin belanggestel word nie; aan klub behoort voor betrekking aanvaar is.

Nywerheid F.

Aangesien dit 'n klein fabriek is met nie baie werkers nie, en dus ook nie veel fasiliteite nie, het vyf van die 11 gevalle hierdie tekortkoming genoem. Wier vriendekring, en afstand van woning, word ook gemeld.

Nywerheid D.

Aangesien 10 van die 23 lyste wat ontvang is, die is van persone wat aan hul eie ontspanningsklubs verbonde is, en slegs die gebrek aan fasiliteite noem, kan aanvaar word dat die voorsiening by hierdie nywerheid as goed beskou kan word. Drie gevalle het distansie van woning ^{af}vermeld, terwyl die ander redes elk net een aanhanger het, naamlik: goedkoper; verskil in status; beter atmosfeer; aan klub behoort voor betrekking aanvaar is; vriende behoort aan die buiteklub; nie gevra om aan te sluit nie.

'n Samevatting van die gegewens dui aan dat 40 van die werknemers van die ontspanningsgeriewe in sport van hul eie nywerhede gebruik maak (53.3%). Gebrek aan fasiliteite en afstand van woning, is die twee grootste redes en word elk deur 11 persone genoem (14%). Die enigste ander rede wat vermelding regverdig, is die sosiale verkeer met mense buite die werk. Die res is elk drie keer, of minder, vermeld.

Vraag 4.

In hierdie vraag moes werknemers gegewens verstrek, of hulle enige drank (bier of sterk drank) na sportdeelname gebruik.

Interessante gegewens het aan die lig gekor; en 36 gevalle neem geen drank nadat hulle aan sport deelgeneem het nie (48%). Dertig van die informante gebruik slegs bier, terwyl net drie gereeld sterk drank neem, en drie wat dit af en toe gebruik. Vyf persone drink bier en sterk drank afwisselend, en drie neem net soms bier.

Twee vraelyste is onbeantwoord, en dit is moeilik om hierdie persone te plaas, aangesien hulle moontlik skuldig kan wees aan die gebruik van enige drank na sportdeelname en te skaam is om dit in te vul, of andersins mag dit so min indruk op hulle maak dat hulle dit nie nodig geag het om in te vul nie. Laasgenoemde geval is egter te betwyfel, aangesien dié wat geen drank gebruik nie, dit meestal duidelik beklemtoon het, en selfs in baie gevalle pertinent gestel het dat hulle geheel en al afskaffers is.

Vraag 5.

In antwoord op die vraag of die sportfasiliteite by die verskillende nywerhede bevredigend is, het 37 gevalle bevestigend geantwoord (49%), waarby 18 gevoeg kan word, wat geen antwoord verstrek het nie. In hierdie gevalle kan aanvaar word dat daar geen klagtes is nie, andersins sou hulle dit beslis in die lys vermeld het. As hierdie twee groepe bymekaar gevoeg word, gee dit 'n persentasie van 94.

Net twee persone meen dat die sportfasiliteite gebrekkig is, terwyl twee die mening toegedaan is dat die aantal oefenvelde nie genoegsaam is nie. Ses is ontevrede met die afrigting.

Dit dien egter vermeld te word dat die antwoorde van die tabaknywerheid nie in aanmerking geneem is nie, aangesien hulle op uitsondering van 'n paar binnenshuise aktiwiteite, geen fasiliteite beskikbaar het nie. Die berekeninge moet dus in hierdie geval uit 64 gemaak word. Daarom is die bevredigingsyfer so hoog. Hierdie persentasie is dus net van toepassing op die vier groot nywerhede wat oor goedtoegeruste ontspanningsklubs beskik.

Word die berekening egter uit die totale aantal antwoorde gemaak, is die bevredigingsyfer nogtans 60 persent.

Vraag 6.

Drie-en-dertig persone help op een of ander wyse met die organisasie en afrigting van die verskillende aktiwiteite aan die ontspanningsklubs. Hiervan dien 19 op besture, elf doen afrigtingswerk, terwyl drie net „Ja” geantwoord het. Agt-en-twintig neem geen leiding nie, terwyl 24 die vraag onbeantwoord gelaat het en dus by laasgenoemde groep gevoeg kan word, 'n totaal van 52.

Indien die twee totale bymekaar getel word, gee dit 85 gevalle. Duplisering kom by die persone wat op besture dien en terselfdertyd ook met afrigting behulpsaam is, voor. Dit toon dus duidelik dat dieselfde persone heel dikwels met meer as een aspek van die organisasiewerk belas is.

Vraag 7.

Verskeie redes is by hierdie vraag vermeld waarom werknemers passief in sport is. Vir die grootste getal geld die rede egter nie omdat 40 persone nog aktief is (53.3%)

Die enkele rede wat verstrekkend is waarom persone onaktief is, word toegeskryf aan gebrek aan tyd, naamlik 11. Indien huispligte en oortyd hier bygevoeg word, gee dit 'n totaal van 16. (21.3%). Hierna volg ouderdom, naamlik 10, waarby nog vier gevalle wat spesifiek genoem het dat hulle te oud is om rugby te speel, gevoeg, (ons kan egter aanvaar dat hulle nog geskik is om aan sekere ander aktiwiteite deel te neem), wat saam 14 gevalle gee. Fisiese ongeskiktheid, wat die mees aanvaarbare rede is, weerhou slegs 5 persone van deelname aan sport. Dit gee die geringe persentasie van 6.7.

Drie gevalle is baie eerlik en het prontuit verklaar dat hulle vroeër wel deelgeneem het, maar dat hulle tans nie ander aktiwiteite beoefen nie omdat hulle te skaam is om 'n nuwe sportsoort aan te leer. Swak organisasie van sport, trek twee stamme; verlies van belangstelling, en huislike omstandighede, word elk een keer as rede genoem.

/Vraag 8.....

Vraag 8.

Hierdie is blykbaar die enigste vraag wat verwarring geskep het en dikwels nie duidelik beantwoord is nie - altans sekere dele daarvan. Die gegewens kan egter nogtans as 'n leidraad dien op die vrae wat gestel is.

Op die vraag hoeveel uur per dag geslaap word, is die volgende gegewens gegee: 10 uur - 1; 9 uur - 5; $8\frac{1}{2}$ uur - 1; 8 uur - 38; 7 uur - 20; $6\frac{1}{2}$ uur - 1; 6 uur - 3; ses se antwoorde is onduidelik.

Die werksure van die proefgroep is as volg: 13 uur - 1; 12 uur - 3; 10 uur - 8; 9 uur - 15; 8 uur - 31; 7 uur - 9; Hier is vyf onduidelike antwoorde ontvang.

Hierdie besondere vraag oor hoeveel uur per dag aan sport deelgeneem word, is nie op dieselfde wyse deur almal beantwoord nie. Sommige het die antwoord per week verstrek, terwyl andere dit per dag ingevul het, en 'n ander groep slegs „Ja" geantwoord het. Die gegewens kon egter as volg gerangskik word: Geen deelname: 15; Ja: 16; 2 uur: 17; 4 uur : 3; 1 uur : 7; $\frac{1}{2}$ uur : 1; 2 uur per week : 2; 3 uur per week : 6; 5 uur per week : 1; 8 uur per week : 1; Onduidelike gevalle : 6.

Vir die vraag oor hoeveel uur per dag aan sosiale ontspanning bestee word, geld dieselfde as die vorige vraag, en die volgende antwoorde is ontvang: Geen : 5; Ja : 17; 1 uur : 10; 2 uur : 13; 3 uur : 3; 4 uur : 5; 6 uur : 5; 3 uur per week : 4; sporadies : 9; onbeantwoord : 4.

Aangesien so baie tot selfs ses uur per dag meld, kan feitlik met sekerheid aanvaar word dat die meeste die vraag per week in plaas van per dag ingevul het. Die gegewens toon egter nogtans aan dat die meeste wel tyd aan sosiale ontspanning afstaan en dat heelwat tyd aan hierdie afdeling van ontspanning bestee word.

Vraag 9.

Al 75 persone het 'n besliste antwoord gegee op die vraag of hulle genoeg vryetyd het om aan sport deel te neem. Vyf-en-veertig het „Ja" en dertig „Nee" geantwoord, met ander woorde, 60 persent teenoor 40 persent.

/Dit.....

Dit is opvallend dat slegs 16 persone in vraag sewe onvoldoende vryetyd as rede vir onaktiwiteit in sport vermeld het, terwyl 40 wel deelneem, en dus genoeg tyd vir sportdeelname het.

Vraag 10.

Die volgende gegewens is in verband met die finansiële besteding aan ontspanning jaarliks ontvang:

(a) Aan uitrusting, apparaat, ensovoorts:

R0-9 : 11; R10-19 : 11; R20-29 : 13; R30-39 : 4; R40-49 : 5;
R50-59 : 8; R60-69 : 4; R70-79 : 1; R80-89 : 0; R90-100 : 1;
R100 en meer : 3.

Veertien persone het geen antwoord verstrek nie, en dit kan aanvaar word dat hulle geen onkoste in hierdie verband het nie, waardeur die eerste groep na 25 opgeskuif kan word.

(b) Onkoste aan beserings en ongevallen wat deur sport veroorsaak is, lewer die volgende statistieke:

R0-9 : 16; R10-19 : 3; R20-29 : 3; R30-39 : 1; R40-49 : 0;
R50-59 : 0; R60 en meer : 0;

Nie minder as 52 gevalle is onbeantwoord gelaat nie, waardeur aanvaar kan word dat die vraag nie op hulle betrekking het nie, en hulle geen onkoste in hierdie verband het nie, (69.3%). Dit is dus duidelik dat onkoste in verband met sportdeelname, baie min finansiële laste vir die sportman in die nywerheid meebring.

(c) Sestig persone (80%) het geen onkoste in verband met beserings wat deur sport veroorsaak is, gehad nie. Rugby staan bo-aan die lys wat wel hiertoe bygedra het, naamlik met 8, gevolg deur sokker en hokkie met twee elk. Krieket, muurbal en boks word elk een maal vermeld. (Duplikasies kom egter hier voor).

Vraag 11.

Hierdie vraag handel oor die sportdeelname van die huisgesin gesamentlik. Vooraf moet egter in gedagte gehou word dat baie van die werknemers ongetroud is en die gegewens sal beïnvloed. (18 persone is ongetroud.)

Die vraag is in drie dele verdeel, naamlik:

(a).....

(a) Saam met vrou alleen; gereeld; net soms.

Uit die volle totaal neem 50 (66.7%) nooit saam met hulle vrouens aan sport deel nie, terwyl 17 (22.7%) soms en 8 (10.6%) gereeld in een of ander aktiwiteit saam met hulle vrouens deelneem.

(b) Die groot aantal van 69 (92%) neem nie saam met hulle kinders alleen deel nie, terwyl die oorblywendes soms saam met hulle deelneem.

(c) Twee-en-sestig neem nooit gesamentlik met die ander lede van die huisgesin deel nie - dit wil sê, met vrou sowel as kinders nie (82.7%). Agt doen dit wel, en vyf af en toe.

Vraag 12.

Werknemers moes die redes verstrek waarom hulle, indien van toepassing, nie aan sport deelneem nie. Dit is in sekere gevalle met vraag sewe verwar, waar redes vermeld moes word waarom hulle vroeër moontlik aan sport deelgeneem het, en dit later gestaak het. Antwoorde wat in daardie vraag ontvang is, stem in sekere gevalle ooreen met die redes wat onder hierdie vraag op die vraelys verskyn.

In 39 gevalle is geen antwoord ontvang, of het werknemers „nie van toepassing" ingevul, waardeur aanduiding gegee word dat hul wel aan sport deelneem.

Onvoldoende vryetyd is weer eens as die grootste oorsaak vir passiwiteit genoem en is deur 22 gevalle (29.3%) aangestip. Die volgende op die lys is huislike omstandighede, met 8. Daarna verskyn afstand van werk en sosiale ontspanning (dit is makliker om aan deel te neem) met 6 elk. Ruimtebeperking by die aktiwiteite, of te veel deelnemers wat meebring dat te lank tussen die deelnameperiodes gewag moet word, en gebrek aan afrigting, is elk deur vyf genoem. Slegs enkele persone het die volgende redes verstrek: te duur : 4; onvoldoende vervoer na ontspanningsklub : 1; gebrek aan fasiliteite : 1; swak gesondheid : 3; liggaamsgebreke : 2; gesindheid van deelnemers gedurende spel : 2; gebrek aan selfvertroue en wilskrag : 3; gebrek aan leiding vir beginners : 2; te veel moeite en inspanning : 1; werk gee genoeg oefening : 1; buitemuurse studies : 1; te skaam om te leer 1;

/Vraag 13.....

Vraag 13.

Op die vraag of sosiale ontspanning bo liggaamlike ontspanning verkies word, het 46 (61.3%) „nee" geantwoord, terwyl 16 gevalle hierdie vraag blanko gelaat het. Omdat die vraag verder lees dat die redes verstrekkend moet word, indien sosiale ontspanning bo liggaamlike ontspanning verkies word, en die persone moontlik geen redes het nie, kan aanvaar word dat hulle voorkeur aan liggaamlike ontspanning gee. As hierdie aantal by die 46 getal word, gee dit 'n totaal van 62 wat die persentasie na 82.7 verhoog. Slegs 5 persone het bevestigend geantwoord dat sosiale ontspanning eerste verkies word, terwyl 8 albei op gelyke vlak plaas.

Dit kan egter volgens die gegewens bevestig word dat die grootste aantal, liggaamlike ontspanning bo sosiale ontspanning, verkies.

Die enigste rede wat gegee word waerom voorkeur aan sosiale ontspanning gegee word, is dat dit hul meer bevestiging gee, terwyl andere weens ouderdom hierdie keuse maak. Of laasgenoemdes moontlik ook nie liggaamlike ontspanning eerste verkies nie, is nie seker nie.

Vraag 14.

In verband met algemene opmerkinge oor enige aspek van sport as ontspanning, het verskeie werknemers iets te sê gehad. Drie is die mening toegedaan dat dit noodsaaklik is vir alle mense, terwyl twee daarin ontwikkeling van selfvertroue, sportmangees en spangees sien. Dieselfde getal reken dat dit bydra om die mens vinniger te laat dink (besluit), en die liggaamsweerstand teen siektes opbou, sowel as die fiksheid verhoog. Die volgende sake verskyn elke keer: ontwikkel leienskap, gee verandering aan die daaglikse roetine; sport is 'n uitstekende ontspanningsmiddel indien dit nie oordoen word nie; mens sana in corpore sano; verskeie sportsoorte behoort in die kinderdae aangeleer te word, sodat daar 'n keuse van aktiwiteite op die oudag gemaak kan word; sport het 'n belangrike sosiale waarde en dra baie by tot 'n gebalanseerde persoonlikheid; minder

/saterdag.....

aandag behoort aan die kompetisie-aspek van sport gegee te word en dit moet nie op Sondag toegelaat word nie.

Vraag 15.

Die laaste vraag handel oor deelname aan die individuele sportaktiwiteite. Werknemers moes in hierdie vraag aandui aan watter sportsoorte hulle gereeld, soms, of graag, sou deelneem indien daar fasiliteite sou beskikbaar wees, maar waarvoor tans nie voorsiening gemaak is nie. Die volgende tabel gee die antwoorde weer:

Aktiwiteit	Soms	Gereeld	Indien voorsien word
Atletiek	7	0	6
Boogskiet	0	1	3
Bofbal	1	0	0
Boks	0	1	2
Fietsry	1	0	1
Gimnastiek	4	2	7
Gholf	8	4	0
Gewigoptel	4	5	3
Handbal	0	0	1
Hokkie	3	1	0
Jukskei	7	0	2
Judo	3	0	5
Korfbal	2	0	0
Krieket	10	7	0
Perdry	4	0	3
Pluimbal	7	1	0
Ringtennis	6	4	3
Rolbal	2	1	0
Skerm	0	1	2
Swem	29	14	4
Sagtebal	1	0	0
Stoei	6	0	1
Rolskaats	2	1	4
Sokker	5	3	0
Tennis	18	12	2
Tafeltennis	17	4	2
Rugby	12	15	0
Skyfskiet	3	3	5
Snoeker	17	2	0
Vlugbal	0	0	0
Waterpolo	1	1	0
Muurbal	3	3	1

Ses persone het geen antwoorde verstrek nie. Dit kan aanvaar word dat hul gesondheid hul nie toelaat om deel te neem nie. Dit het reeds duidelik in vorige vrae geword dat daar sekere is wat hierdeur geraak word. Ander werknemers verkies tuinwerk vir oefening.

H O O F S T U K V.

'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE GEGEWENS.

In die vorige hoofstuk is die versamelde gegewens uit die aard van die saak soms krities aangeraak. Daardeur kon egter nie voldoende aanduiding verkry word op watter vlak nywerheidsontspanning in Suid-Afrika tans is en hoedanig dit reeds gevorder het nie, aangesien dit nie met erkende norme in verband gebring is nie.

In hierdie afdeling sal die belangrikste aspekte van die praktyk van nywerheidsontspanning in lande¹⁾ waar dit reeds beproef en suksesvol deurgevoer is, nagegaan word en die gegewens wat ter plaatse versamel is, daarmee krities vergelyk word. Sodoende kan die stand van ontspanning aan die Suid-Afrikaanse nywerhede betroubaar bepaal en die leemtes vasgestel word.

Die praktyk van ontspanning kan onder drie hoofde verdeel word, naamlik:-

1. Die program van nywerheidsontspanning.
2. Die administrasie en organisasie van nywerheidsontspanning.
3. Finansiering van nywerheidsontspanning.

Die bespreking sal vervolgens na aanleiding van hierdie indeling bespreek word.

1. Die program in nywerheidsontspanning.

Geen standaardpatroon kan vir die nywerheidsontspanningsprogram voorgeskryf word nie, omdat dit deur velerlei faktore bepaal word. Die grootte van die nywerheid, sy finansiële bates, die belangstelling, ouderdom en geslag van die werknemers en die omgewing waarin die nywerheid geleë is, is slegs 'n

/paar.....

1) Aandag sal hoofsaaklik aan Amerika gegee word, omdat dit tans leiding op die gebied van nywerheidsontspanning neem.

paar faktore wat in aanmerking by die opstel en aanbieding van die program, geneem moet word.

In lande waar ontspanning reeds met groot welslae in nywerhede aangebied is, is 'n studie van al die omstandighede wat die samestelling van 'n program bepaal, maak. 'n Ontleding hiervan kan as meetstaf dien om die aanpassing van nywerheidsontspanning, ten opsigte van die faktore en omstandighede in Suid-Afrika, vas te stel. Die volgende is die belangrikste sake - volgens Anderson (2 : 71-87).

(a) Die behoeftes en belangstellinge van werkers.

Die arbeiders vorm die kern waarom die program draai omdat dit vir hulle aangebied word. Daarom moet deeglik rekening met hul belangstellinge en behoeftes gehou word. Om hieraan te voldoen, moet die program van aktiwiteite soveel moontlike aktiwiteite insluit, en aandag aan sowel liggaamlike, sosiale, kulturele en buitelug-ontspanning gee. Dit is die taak van die leier om toe te sien dat die balans tussen die verskillende afdelings behou word. Petrill (60 : 61) rig die volgende waarskuwing in hierdie verband: „The recreation director who thinks that athletics is the be-all and end-all of his program, not only fails in his opportunities, but limits the benefits only to those employees who are interested in no other forms of recreation.” Dit mag selfs gebeur dat die leier sy eie belangstellinge op die program forseer, in stede daarvan om die arbeiders te raadpleeg om hul belangstellinge vas te stel en die program dienooreenkomstig aan te bied. Vraelyste kan gebruik word om hierdie inligting te bekom.

Die gegewens het getoon dat in hierdie verband 'n groot gebrek aan die Suid-Afrikaanse nywerhede¹⁾ bestaan. Nie alleen beskik hulle nie oor opgeleide leiers nie, maar geen poging word aangewend om die belangstellinge van werknemers vas te stel nie. Indien werkers 'n versoek rig om 'n nuwe klub te

/stig.....

1) Indien vervolgens „Suid-Afrikaanse nywerhede” gebruik word, word daarmee bedoel dat die gegewens wat van die nywerhede wat ondersoek is, sander dat dit algemeen in Suid-Afrikaanse nywerhede aangetref sal word.

stig, voldoen nywerers gewoonlik daaraan as vyftien, of meer werkers, daarin belangstel. Hierdie toestand het ten gevolge dat die aantal aktiwiteite volgens verhoë van die werkers bepaal word. Om hierdie rede is die aantal aktiwiteite baie gering aan die verskillende nywerhede. Dit het verder meegebring dat die liggaemlike aktiwiteite verreweg die grootste deel van die program in die geheel uitmaak, en die sosiale, kulturele en buitelug-aktiwiteite min, of in baie opsigte, geen aandag geniet nie.

Die hele toestand moet aan gebrekkige leiding toegeskryf word en indien nywerhede hierdie leemtes wil uitskakel, is bekwame leiers nodig.

(b) Die geslag van die werkers.

Verskeie ondersoeke het aangetoon dat ontspanning nie alleen in graad nie, maar ook wat keuse betref, tussen mans en vroue verskil. George W. Handiford (1 : 280-81) het in 'n analise van 265 nywerheidsontspanningsprogramme hierdie verskil vasgestel. Anderson (2 : 93) formuleer die saak as volg: „However, because of physiological differences affecting speed and endurance, women employees tend to prefer unstrenuous sports and social and cultural activities. In the same plant however, the men may prefer highly competitive, strenuous sports activities. The well balanced program will provide for the interests of both sexes.”

Met uitsondering van enkele nywerhede het die meeste groot Suid-Afrikaanse nywerhede baie min vroue, in verhouding met mans, in diens. Die getalle is as volg: 39 uit 908; 12 uit 912; 120 uit 1104; 60 uit 835; 415 uit 4723; 32 uit 102 en 107 uit 119. Hierdie verhouding is egter nie van toepassing op die ontspanningsklubs nie, omdat eggenotes van werknemers, outomaties lede daarvan word, en die getalverhoudings van mans- en vroueledes van die klub dus nie groot verskil wat getalle betref nie. Nywerers het wel deeglik hierdie faktor, die beplanning en voorsiening van ontspanningsgeriewe, in aanmerking geneem sodat geriewe daar merendeels gestel is wat voorsiening maak van beide geslagte. Dit is van toepassing op liggaemlike, so-

/siale.....

siale en kulturele ontspanning. Hierbenewens is daar heelwat ko-ontspanningsaktiwiteite waarvoor afsonderlike fasiliteite nie nodig is nie. Swem, gimnastiek, pluimbal, atletiek en tennis is 'n paar voorbeelde.

Oor die algemeen maak die vrouens van werknemers baie min van die ontspanningsgeriewe gebruik en die belangrikste oorsaak is omdat hulle nie kennis dra van die funksionering van die ontspanningsklubs nie. Volgens my mening doen nywerhede te min om die vrouens se belangstelling vir ontspanning te wek. Hul moet meer doelbewuste georganiseerde ontspanningsaktiwiteite waaraan die vrouens graag sal deelneem, aanbied. Die aanstelling van vroulike leiers kan waardevolle werk in hierdie verband verrig, veral as sy dit in samewerking met die ontspanningsleier doen. Sodoende sal veral die sosiale en kulturele vorme van ontspanning groter ondersteuning geniet.

(c) Die ouderdom van werkers.

Die ouderdom van werkers speel 'n belangrike rol in die aktiwiteitskeuse. Die man op veertigjarige leeftyd is fisies nie meer in staat waertoe die jeugdige en tienerjarige is nie, terwyl sy gesindheid teenoor ontspanning ook verskil. Die nywerheid dra hierbenewens ook nog 'n verantwoordelikheid teenoor ander ouderdomsgroepe, naamlik die kinders van werknemers en die afgetredenes. Inderwaarheid moet die ontspanningsprogram voorsiening vir drie ouderdomsgroepe maak, te wete vir die kind, jeugdige en volwassene.

In die Suid-Afrikaanse nywerhede word nie afsonderlik georganiseerde voorsorg vir die verskillende ouderdomsgroepe gemaak nie. Daar is egter aktiwiteite en fasiliteite geskep waaraan persone met wisselende ouderdomme kan deelneem. Dit bepaal egter nie die deelname self nie, en daarom sal georganiseerde aandag aan elk van die groepe gegee moet word. Ver- al ten opsigte van die afgetredene behoort nywerhede meer aandag te gee, omdat hierdie persone heel dikwels nog fisies sterk en gesond is, en sodoende 'n behoefte vir sportdeelname het. Andersins kan sosiale en kulturele aktiwiteite waardevol

wees.

Of nywerhede aan die kinders besondere aandag moet gee, is te betwyfel omdat buitemuurse ontspanningsbedrywighede by die skool aan sy behoeftes voldoen en die verpligting eerder op die skool gelê moet word.

(d) Die graad van vaardigheid.

Die doel van ontspanningsdeelname verskil van individu tot individu. Die een wil presteer, terwyl 'n ander slegs afleiding soek. Die vaardigheidsgraad van deelname aan 'n spesifieke aktiwiteit is tussen hierdie twee uiterstes. Voorsiening moet vir elke hierdie groepe in die program gemaak word. Daarvoor is ervare afrigting, sowel as beginnersklasse, noodsaaklik.

Ook in hierdie verband word tans baie min deur die nywerhede ter plaatse voorsien. Ek is van mening dat hierdie leemte een van die belangrikste oorsake is waarom deelname aan ontspanning in die nywerhede so swak is. Klubs moet vir hul eie afrigting sorg. Daarenteen moet persone wat 'n aktiwiteit wil aanleer, die mas self opkom, gevolglik verloor hulle belangstelling en staak verdere deelname. Hierdie persone is ook te beskeie of skaam om saam met ervare spelers op te tree.

Ek is van mening dat die probleem oorbrug kan word deur 'n geskeduleerde week en/of maandprogram op te stel vir beginners en gevorderdes. Dit is slegs moontlik indien 'n bekwame leier aan die spits van die organisasie is, bygestaan deur bekwame hulpleiers vir die verskillende aktiwiteite. Hierdie aanbeveling word eintlik vir die liggaamlike aktiwiteite aanbeveel, maar kan moontlik in die ander vorme van ontspanning ook met welslae toegepas word.

(e) Ligging van die nywerheid en ontspanningsterrein.

Die samestelling en aanbieding van die program sal verder deur faktore, soos klimaat, ontspanningsmoontlikhede van die omgewing (dorp) waarin dit geleë is, afstand tussen sentrum en woonbuurt en dergelike sake beïnvloed word.

Die meeste van die nywerhede wat in die ondersoek inge-

/sluit.....

sluit is, vind geen probleme in hierdie verbond nie. Die verskillende aktiwiteite is volgens die seisoene soos dit algemeen in die land aangetref word, ingedeel, terwyl die omgewing nie veel moontlikhede vir die verskillende nywerhede bied nie. Ten opsigte van die afstand tussen die nywerheid en die ontspannings-terrein, het slegs ses uit vyf-en-sewentig werknemers wat vrae-lyste voltooi het, as rede aangevoer waarom hulle nie van die geriewe gebruik maak nie. Aangesien die meeste werknemers oor hul eie vervoer beskik, lewer dit geen probleme op nie; slegs een uit vyf-en-sewentig ondervind vervoerprobleme.

(f) Die noodsaaklikheid van leierskap.

Goeie leierskap is die kern vir die suksesvolle aanbieding van die ontspanningsprogram. Daerom is dit noodsaaklik vir elke nywerheid wat ontspanning aanbied.

'n Onderzoek wat deur „The National Industrial Conference Board" (2 : 97) uitgevoer is op 264 nywerhede, het aangetoon dat die nywerhede 'n kwart voltydse ontspanningsleiers en 'n sesde deeltydse leiers in diens gehad het. Hiervolgens staan meer as 40% van die nywerhede se ontspanningsprogramme onder die beheer van 'n voltydse of deeltydse leier. George W. Handiford (1 : 280) het in 1951 gevind dat 49% van die 265 nywerhede wat hy ondersoek het onder soortgelyke leiding staan. Vanaf 1940 was die uitbreiding van leierskap in hierdie ondersoek, ses persent in die geval van vroulike leiers en agtien persent manlike leiers. Weigle (1 : 281) wat 'n studie van voltydse ontspanningsleiers aan 186 nywerhede gedoen het, het bevind dat 179 gevalle mans en 7 vroue was, met 'n gemiddelde ouderdom van 37 jaar. Die algemene grootte van die nywerhede wat hy ondersoek het, val in die twee groepe, naamlik met werknemersgetalle van 500 - 999 en die met 1000 - 1,999. „Direkteur van Ontspanning" is die algemeenste benaming vir die leier, terwyl die gemiddelde salaris van 65 leiers 4,000 - 4,999 dollar (R2,857 - R3,571) was.

Genoemde gegewens dui die belangrike plek wat ontspanningsleiers reeds in 'n land, soos Amerika, in nywerheidsontspanning ingeneem het. Hoewel elk van die nywerhede wat ter plaatse /ondersoek.....

ondersoek is, 'n persoon aan die hoof van die ontspanningsentrums het, kom hulle pligte slegs in 'n geringe mate met die van die Amerikaanse leiers ooreen. Weigle (1 : 28) het die volgende drie pligte van die leiers die meeste in sy ondersoek aangetref: uitbreiding en bevordering van aktiwiteite, toesig oor personeel en die onderrig in aktiwiteite. Ter plaatse is die pligte meestal van administratiewe en toesighoudende aard. Daarom kan hierdie beamptes nie as ontspanningsleiers beskou word nie.

Gebrek aan opgeleide en bekwame ontspanningsleiers is die grootste enkele leemte wat tans in die Suid-Afrikaanse nywerhede bestaan, en alvorens nie daadwerklike aandag aan hierdie probleem gegee word nie, sal ontspanning aan die nywerhede te lande nie tot sy reg kom en veel sukses behaal nie. Fasiliteite is in die meeste gevalle reeds voorsien. Met die nodige en regte leiding, kan hul bruikbaarheid aangewend word.

(g) Die program van aktiwiteite.

Ontspanningsdeelname is alléén moontlik indien 'n program van aktiwiteite aangebied word. Die belangrikheid hiervan word deur Anderson (2 : 113) in die volgende woorde gestel: „The basic unit of the employee recreation program is the individual activity. The success of the entire program will depend upon the degree to which each activity attains the desired objectives.” Ewe belangrik is Petrill (60 : 58) se beskouing: „....there is an activity to hold the interest and fit the needs of every employee in the plant.... The problem is to fit the proper activity to the proper person.” Hierdie aanhaling wys veral op die noodsaaklikheid dat die program soveel moontlike aktiwiteite moet insluit. Omdat die keuse van die individue so verskillend is en ontspanning verskillende vorme het, is dit vir beter organisatoriese en administratiewe doeleindes nodig om hulle te klassifiseer. H.L. Clark (1 : 282) het die volgende klassifikasie in veertig nywerhede gevind: liggaamlike, sosiale, kulturele en buitelugaktiwiteite. Duggins en Eastwood (19 : 43) volg dieselfde indeling, terwyl Petrill (60 : 59-60) vermaaklikhede (ook stokperdjies), in plaas van buitelugaktiwiteite, verkies.

In hierdie geval word die meeste buitelugaktiwiteite onder een van die ander drie groepe ingedeel. Petrill grond sy indeling op grond daarvan dat deelname aan ontspanning aktief of passief is. Om sy eie woorde te gebruik: „The passive includes those who get their enjoyment by watching others. Then too, there are some activities, like motion pictures and similar entertainment, in which enjoyment will be a spectator. All of these are included in the amusement phase.”

Watter indeling ookal gebruik of aanvaar word, die plasing van die individuele aktiwiteite lewer beide probleme op, aangesien oorvleueling so maklik kan voorkom. So word perdry, ski en skaats byvoorbeeld, deur Duggins en Eastwood (19 : 43) onder buitelugaktiwiteite geplaas, terwyl dit terselfdertyd erkende sportsoorte is wat liggaamlike aktiwiteit verseker.

Hoewel verskillende liggaamlike, sosiale, kulturele en buitelugaktiwiteite in die Suid-Afrikaanse nywerhede (altesaam 41 in die verskillende industrieë wat besoek is) bestaan daar by geen een 'n definitiewe groepering of indeling van die bestaande aktiwiteite nie. Al die „klubs” word as 'n eenheid beskou. Die oorsaak hiervoor is in die gebrek van kennis oor nywerheidsontspanning by die persone wat aan die hoof daarvan staan, te vinde. Die beemptes het ook nie veel kennis oor die funksionering van ontspanning oor die algemeen nie.

Benewens die belangrikheid van die groepering van aktiwiteite, is dit noodsaaklik om toe te sien dat elk eweveel aandag in die aanbieding daarvan geniet, en die balans moet tussen die besondere afdelings bewaar word. Nie alleen het Diehl en Eastwood (19 : 42), Kraft (1 : 283) en Butler (11 : 241) gevind dat die liggaamlike aktiwiteite verreweg die meeste belangstelling by werknemers wek en sodoende ook beter georganiseer word as die ander ontspanningsvorme nie, maar dieselfde toestand is deur hierdie ondersoek aangetref. „The National Conference Board” (2 : 128) het gevind dat die honderd gewildste aktiwiteite in die 264 nywerhede wat vir hul ondersoek gebruik is, sportaktiwiteite is. Hierdie ondersoek staaf hierdie bevindinge deurdat die ver-

/houding.....

houding van liggaamlike aktiwiteite teenoor die ander 25⁷ tot 74 is. Duggins en Eastwood (19 : 42) is van mening dat die kompetisie-element die belangrikste rede vir groter deelname aan liggaamlike aktiwiteite is. Petrill (60 : 60) sluit hom hierby aan. Hierteenoor beweer hierdie skrywers dat die redes vir die kleiner deelname aan die sosiale, kulturele en buitelugaktiwiteite die volgende is: dit verg intensiewer organisasie en bring 'n groter las mee; gebrek aan leierskap; dit is minder skouspelagtig en lok sodoende nie soveel toeskouers wat op hul beurt nie die nodige aanmoediging verskaf nie.

Hoewel hierdie invloede aanvaar word, erken ontspanningsbeampies ter plaatse dat daar verwaarlosing van hul kant, teenoor die sosiale, kulturele en buitelugontspanning is, en nie kennis dra van metodes hoe om die toestand te verbeter nie. Dit is bewys genoeg dat die swak balans wat tans in die Suid-Afrikaanse nywerhede tussen die verskillende afdelings van ontspanning bestaan, aan gebrekkige leiding toegeskryf moet word. Dit kan ook as een van die belangrikste oorsake gereken word, waarom die deelnamesyfers van vroue aan die verskillende nywerhede so laag is. Die sosiale en kulturele aktiwiteite pas beter by die aard en samestelling van die vrou, en behoort groter belangstelling te trek.

In die program van aktiwiteite trek sekere individuele aktiwiteite groter belangstelling as andere. Studie in hierdie opsig is noodsaaklik omdat nywerhede op hoogte moet wees watter aktiwiteite die meeste van sy werknemers verkies, en toesien dat genoegsaam fasiliteite dienoreenkomstig voorsien word. Sodoende kan verkeerde kapitaalbelegging verhoed word.

Wat liggaamlike ko-ontspanningsaktiwiteite betref, maak Anderson (2 : 129-130) 'n drieledige indeling. Eerstens plaas hy rolbal omdat dit nie aanhoudende deelname vereis nie, redelik maklik aangeleer word en goedkoop is. Tweede op die lys verskyn gholf en tennis, terwyl tafeltennis, swem, rolskaats en pluimbal in die derde groep geklassifiseer is. Volgens die ondersoek, is rolbal die gewildste sportsoort waaraan mans en

/dames.....

dames gesamentlik deelneem. Behalwe rolskaats stem die gegewens van hierdie ondersoek met die indeling van Anderson ooreen.

Wat die aktiwiteite vir mans alleen betref, het Anderson (2 : 130-131) gevind dat rolbal andermaal die hoogste deelname het. Dit verskil egter van my gegewens. Rugby is in Suid-Afrika die gewildste sportsoort by die mans. Dit word gevolg deur gholf en rolbal, terwyl boks, stoei en tennis 'n hoë deelname-syfer toon. Volgens Anderson word rolbal gevolg deur sagtebal, gholf, korfbal en „perdeskoene”, met 'n laer deelname aan handbal, stoei, atletiek en voetbal. Daer is dus slegs tussen stoei en gholf 'n ooreenstemming wat Amerika en Suid-Afrika betref.

Volgens Anderson (2 : 131-132) is rolbal by die Amerikaanse vrou ook die gewildste liggaemlike aktiwiteit, terwyl pluimbal, tennis, tafeltennis, korfbal, gholf, swem, rolskaats, vlugbal en boogskiet graag deur die vrou beoefen word. Met uitsondering van rolskaats en vlugbal, stem dit met die bevindinge van hierdie ondersoek ooreen.

Swem is deur Anderson (2 : 134), sowel as deur myself, as die gewildste aktiwiteit wat deur die familie gesamentlik beoefen word, gevind. Die persentasiedeelname van die familie gesamentlik is in Suid-Afrika egter baie laag. Volgens die gegewens neem 82.7 persent van die werknemers nooit saam met hul huisgesinne aan ontspanning deel nie. Daar is egter terselfdertyd baie min aktiwiteite waarvoor die nywerhede voorsiening maak om in te pas vir familiedeelname.

(h) Pouseontspanning in die nywerhede.

Pouseontspanning, of ook genaamd pouse-spel, vind gedurende die werksdag, dog nie tydens dienstryd, soos in die geval van nywerheidsgimnastiek, plaas nie. Dit geskied tussen die oggend- en middagwerkstye, met ander woorde, gedurende die middagete-pouse.

Anderson (2 : 139) sowel as Veldkamp (78 : 12), die kampvegter van nywerheidsontspanning - veral nywerheidsgimnastiek - in Nederland, is van mening dat pouseontspanning nog nie tot sy reg gekom het nie, en ~~uit~~ die deel van nywerheidsont-
/spanning.....

spanning wearaan baie meer aandag gegee moet word, bestaan. Die selfde is op die Suid-Afrikaanse nywerhede van toepassing. Wat meer is, die term is nie eens bekend by een van die nywerhede wat vir hierdie ondersoek betrek is nie.

Pouseontspanning word in die oorblywende tyd na die middagmaal genuttig is, beoefen. Dit hou dié voordeel in dat dit die werker nuwe frisheid verskaf om met die middagwerkzaamheid energiek voort te gaan, sy verpligtinge met 'n hoër tempo as andersins voort te sit en hy dan tot groter produksie in staat is. Tweedens bied dit dié voordeel dat werknemers wat weens grondige redes nie na werk aan ontspanning kan deelneem nie, tog in die ontspanningsprogram betrek word.

Die program van aktiwiteite wat gedurende hierdie tyd aangebied word, moet nie van stremende aard wees nie; dit moet eenvoudige spele wees wat nie lang onderrig en baie reëls insluit nie; oud en jonk, man en vrou, moet daaraan kan deelneem; dit moet in 'n beperkte ruimte beoefen kan word, byvoorbeeld in 'n hoekie van die binneplaas, in 'n kafeteria, of klein ruimtes wat nie deur die nywerheid gebruik word nie; die verskillende ontspanningsvorme, liggaemlik en sosiaal, byvoorbeeld, spele, skaak, kaartspel en so meer, moet verteenwoordig wees in die aktiwiteite.

Anderson (2 : 139) het gevind dat tafeltennis en perde-skoene die gewildste spele gedurende middagpouse in Amerike is. Hierna volg veerpyltjies, pluimbal, sagtebal, vlugbal, biljart en skuifbord.

Hoewel geen georganiseerde aktiwiteite in die Suid-Afrikaanse nywerhede gereël word nie, is deur ondersoek vasgestel dat werkers hul gedurende die middagpouse heel dikwels met allerlei ontspanningsvorme besig hou. Sokker geniet die meeste aandag, terwyl kaartspel, veerpyltjies en dans ook belangstelling geniet.

In die meeste gevalle is werkstoestande aan die Suid-Afrikaanse nywerhede van so 'n aard dat werkers hul middagmaal by die huis gaan nuttig, of dat ontspanning vir hierdie uur geheel en al onmoontlik is. Laasgenoemde geval is veral van toe-

/passing.....

passing op die myner wat ondergronds werk. In hierdie gevalle is pouseontspanning slegs by die kantoorpersoneel moontlik, en hulle word weer meestal deur eersgenoemde geval geraak.

Hoewel 'n groot gedeelte van die werkers deur hierdie omstandighede geraak word, is daar nogtans baie werkers wat hul middagpouse by die nywerheid deurbring, en voorsiening van fasiliteite en apparaat sal geregverdig wees. Om hierdie rede behoort nywerhede daadwerklik in hierdie verband op te tree en pouseontspanning op 'n georganiseerde grondslag te plaas.

Slotopmerking.

Hoewel nywerheidsontspanning oor die algemeen 'n sterk inslag in Suid-Afrika gevind het, en 'n program van aktiwiteite reeds by die meeste groot nywerhede bestaan, is daar, soos in die bespreking aangetoon, heelwat leemtes wat uitgeskakel moet word. Dit kan alleen geskied indien die program op 'n beter georganiseerde grondslag aangebied word, wat slegs moontlik is, indien dit deur bekwame leiers waargeneem word. Dit is tans die grootste behoefte in die nywerhede ter pleatse.

2. Die administrasie en organisasie van die nywerheidsontspanningsvereniging.

Goeie administrasie en deeglike organisasie dre grootliks by tot die sukses van ontspanning aan die nywerhede, omdat alle aspekte hiervan as 't ware onder hierdie hoof saamgevoeg word. Die administrasie en organisasie moet sekere doeleindes en oogmerke hê, andersins is dit koersloos en sal wanorde heers. Hiervoor is 'n bekwame leier met sy hulpleiers nodig om dit deur te voer. Nie alleen moet hierdie persone hul pligte ken en nakomnie, maar goeie beheer oor die apparaat en fasiliteite is noodsaaklik, 'n goed saamgestelde konstitusie en bywette is vir reël en orde 'n vereiste; rekords en rapporte moet die vordering of agteruitgang aandui, terwyl goeie finansiële beheer die algemene sukses en moontlike uitbreiding omlin.

Vervolgens sal die administrasie en organisasie van ontspanning, soos in die ondersoek gevind, bespreek word en wel na

/aanleiding.....

aanleiding van wat in ander lande in hierdie verband reeds suksesvol toegepas is. Sodoende kan die tekortkominge hier te lande beter aangedui word.

(a) Die doel van 'n ontspanningsvereniging.

Vooraf is dit nodig om die betekenis en doel van administrasie en organisasie van 'n ontspanningsvereniging vas te stel. Meyer en Brightbill (48 : 25-26) gee 'n duidelike omskrywing van die betekenis in die volgende woorde: „.....recreation administration is the act of planning, organizing, managing and directing organized recreation. It is the task of administration to turn these elements into effective organized recreation opportunities..... Administration is a function without end and with no reason for existence than the expediting, refining, and improving of services.”

Volgens Anderson (2 : 167) moet die doel van administrasie en organisasie bydra tot die ontwikkeling van goeie verhoudinge tussen werkers onderling deur 'n breë en omvattende program van aktiwiteite op 'n geordende wyse aan te bied. Dit stel verder ten doel: ontwikkeling van 'n gees van vriendskap; samewerking tussen werkgewer en werknemer; ontspanningsaktiwiteite te koördineer; voorsiening en beheer van apparaat en fasiliteite deur bekwame leiers; om ontspanningsdeelname aan te moedig; ontwikkeling van vaardigheid in die verskillende aktiwiteite; aankweking van sportmanskap.

Indien 'n gladde organisasie en administrasie verseker word, sal hierdie doelstellings wat veel verder uitgebrei kan word, bereik word.

(b) Die beginsels van organisasie en administrasie in nywerheidsontspanning.

Duggins en Eastwood (19 : 16) het 'n uitgebreide studie by 163 nywerhede in Amerika gedoen om vas te stel watter beginsels die beste beheer van 'n ontspanningsentrum kan verseker. Die inligting is van konstitusies en bywette van die nywerhede verkry, waarna 'n sewetal kardinale kriteria saamgestel is. 'n

/Kort.....

Kort bespreking hiervan kan as maatstaf dien waarvolgens die resultate van hierdie ondersoek gemeet kan word.

(i) Administratiewe selfstandigheid.

Die ideale toestand is dat 'n ontspanningsvereniging selfstandig moet wees, want daardeur verkry dit die reg, „.....to accept, take, and receive property, both real and personal, by gift, grant, devise, or bequest; and to manage, contract, hold, invest, and dispose of it in the light of the purpose and objectives of the organization as set forth in its constitution and bylaws." (19 : 17).

Volgens Duggins en Eastwood (19 : 17) was 83 persent van die verenigings selfstandige organisasies terwyl 10 persent geaffilieer was met ander verenigings, terwyl die orige 7 persent deur ontspanningsverenigings beheer is.

Die nywerhede wat vir hierdie ondersoek nagegaan is en oor georganiseerde ontspanningsverenigings beskik, is almal selfstandig.¹⁾ Hulle staan egter onder die beskermheerskap van die nywerheidsbestuur. Hierdie toestand leen hom besonder sterk om ontspanning deeglik te organiseer en te administreer. Dit is egter tans nie die geval nie.

(ii) Noodsaaklikheid van sentrale beheer.

Duggins en Eastwood (19 : 17) het gevind dat 88 persent van die nywerhede wat ondersoek is, die bestuur en beheer deur 'n Raad van Direkteure bestuur word, 9 persent deur 'n uitvoerende bestuur en 3 persent het uitvoerende komitees gehad. Hierdie liggame het uit vyf tot dertig bestaan, waarby die president, onder-president, sekretaris en tesourier ingesluit is.

Die vyf groot nywerhede wat ek ondersoek het se ontspanningsverenigings word almal deur 'n Raad van Direkteure beheer. Die ledetal wissel van twaalf tot sestien lede. Dit stem ooreen met Anderson (2 : 77) se aanbeveling van 'n maksimum van

/elf.....

1) Selfstandig beteken dat hulle finansieel selfonderhoudend is en dat nyweraars slegs groot kapitaaluitleggings maak.

elf lede.

(iii) Demokratiese verteenwoordiging.

Die samestelling van die rade moet ooreenkomstig die demokratiese beginsel - aansluitend by die Suid-Afrikaanse regeeringsbeleid - geskied. Daarom moet dit uit verteenwoordigers van die nywerheidsbase, sowel as die werknemers, bestaan en verkieslik om die helfte. Die verteenwoordigers van die werknemers kan op verskillende maniere gekies word. Meestal word dit saamgestel uit lede van elke sub-seksie (aktiwiteit of klub) of die verskillende ontspanningsgroepe, naamlik, liggaamlik, sosiaal, kultureel en buitelug, kry elk 'n aantal verteenwoordigers. Die aantal lede van hierdie groepe word dan volgens hul ledetel vasgelê.

Hoewel die demokratiese beginsel in sekere plaaslike nywerhede gehandhaaf word, is daar enkeles waar die nywerheidsbase 'n meerderheidstem het. In al die gevalle is dit bepalend dat die voorsitters van die rade direksielede moet wees. Die verteenwoordigers van die werknemers word volgens die vasgestelde getal deur die konstitusies uit die voorsitters van die verskillende klubs deur die lede aangewys.

'n Studie van Kraft (1 : 283) in vyf motornywerhede het gevind dat die verteenwoordiging van die werkers volgens skofte geskied. Anderson (2 : 81) sê hieromtrent: „Experience has shown that participation in the recreation program by shift workers tends to increase when each shift is represented on the association board of directors." Indien nywerhede oor groot getalle vroulike en manlike werkers beskik, is dit gewens as elke geslag verteenwoordiging kry, want sodoende kan na die belange van elke geslag behoorlik omgesien word. In albei hierdie gevalle, skof- sowel as geslagsverteenwoordiging, bestaan groot leemtes in die Suid-Afrikaanse nywerhede.

(iv) Algehele lidmaatskap van werknemers van die ontspanningsvereniging.

Duggins en Eastwood (19 : 20) het 'n beperking op lidmaatskap in al hul nywerhede gevind. Hulle spreek hul egter /hierteen....

hierteen uit en meen dat alle werknemers lede van die nywerheid se ontspanningsklub moet word. Verder beveel hulle aan dat voorsiening vir lidmaatskap van familielede ook gemaak moet word. Dit is ook raadsaam om lede as volg te klassifiseer: aktiewe lede, buitelede, lewenslange lede en ere- of honorêre (buitengewone) lede. Aktiewe lede sluit die werknemers in, terwyl die buitelede geheel en al in 'n private hoedanigheid aansluit. Lewenslange lede word deur afgetredenes gevorm, terwyl lidmaatskap in buitengewone omstandighede ook aan privaat persone toegeken word. Dit geskied egter op aanbeveling van die nywerheid.

Ten opsigte van hierdie aspek van ontspanning, is die Suid-Afrikaanse nywerhede die van Amerika voor in soverre dat nie alleen alle werkers lidmaatskap van die ontspanningsvereniging kan bekom nie, maar die hele huisgesin word daarby outomaties vrylede, wat nogtans onder die aktiewe lede inskakel. By sekere nywerhede is lidmaatskap selfs by die diensvoorwaardes ingesluit. Die voordeel van hierdie reëling lê daarin dat die ontspanningsklub jaarliks van 'n sekere bedrag verseker is, aangesien die lidmaatskapsgeelde deur die nywerheid teruggehou en aan die klub oorbetaal word.

Klassifikasie van ander lede vind op dieselfde wyse soos in die vorige paragraaf uiteengesit, plaas.

(v) Finansiële selfstendigheid van die ontspanningsvereniging.

Hierdie aspek sluit grootliks by „Administratiewe selfstendigheid" aan. Indien 'n klub nie administratief selfbeherend is nie, kan dit tog immers ook nie finansiële verantwoordelikheid dra nie.

Hoewel die finansiële aspek later (pp.177-181) volledig bespreek word, word dit vir volledigheidshalwe as beginsel hier vermeld. Nie een van Duggins en Eastwood (19 : 23) se nywerhede wat ondersoek is, het selfstandig gefunksioneer nie. Hierteenoor beheer die Suid-Afrikaanse nywerhede hul eie finansies in soverre dat die nywerhede die kapitaalbelegging maak, en die
/klubs.....

klubs selfonderhoudend moet wees. Finansiëel is die groot Suid-Afrikaanse nywerhede beter daaraan toe as die Amerikaanse.

(vi) Integrasie van die verskillende aktiwiteite.

Verskeie probleme, byvoorbeeld, die oorvleueling van die gebruik van fasiliteite deur verskillende aktiwiteite, indien die verskillende aktiwiteite en ontspanningsgroepe nie gesamentlik beheer word nie, kan opduik.

Aangesien daar tans nie 'n duidelike afbakening van ontspanningsgroepe in die Suid-Afrikaanse nywerhede is nie, en die individuele aktiwiteite nie groot in getalle is nie, kan botsings maklik voorkom of uitgeskekel word en samewerking geredelik verseker word. Hierby is die voorsiening van fasiliteite meestal sodanig dat die meeste aktiwiteite oor hul eie beskik.

(vii) Aanmoediging van ontspanning.


Kraft (1 : 283) het in 'n studie van vyf motornywerhede gevind dat 'n nuwe aktiwiteit slegs voorsien word indien tien of meer werkers daarin belangstel. In Suid-Afrika is die algemene getal vyftien.

In Amerika word egter reeds veel gedoen om ontspanning by die werkers bekend te stel en aan te moedig en daarom kan tien lede nie as baie gereken word nie. Plaaslik is die omstandighede egter anders, en word van nywerheidsweë baie min gedoen om nuwe aktiwiteite aan te moedig. Gewoonlik gaan die belangstelling uit van die kant van die werkers self en dit gebeur dikwels dat nie die vereiste getal lede gewerf kan word nie, met die gevolg dat die totstandkoming van so'n klub skipbreukly. Benewens die feit dat hierdie beleid latere entoesiasme demp, kan dit as moontlike oorsaak beskou word waarom die aantal klubs aan die nywerhede oor die algemeen so min is.

(c) Die organiserende bestuur van die ontspanningsvereniging.

In 'n vorige afdeling is slegs die samestelling van die raad van direkteure bespreek. Dit is egter ook nodig om die pligte en verantwoordelikhede van die direksie na te gaan en

/hoe.....



„FUNCTIONAL CHART OF ORGANIZATION IN INDUSTRIAL RECREATION

hoe die verdeling van beheer plaasvind.

Dit is onmoontlik om 'n standaardpatroon ten opsigte van hierdie sake vas te lê omdat nywerhede onderling baie verskil. Tog is daar sekere beginsels wat as 'n leidraad kan dien: Duggins en Eastwood (19 : 35) het in 1941 die konstitusies en bywette van 40 ontspanningsklubs in nywerhede bestudeer, en op grond van hul resultate 'n tabel (wat op die teenblad verskyn) waarvolgens die beheer en bestuur gedoen moet word, saamgestel.

Uiteensetting van die tabel.

Die raad van direkteure wat die verteenwoordigende liggaam van die nywerheid is, lê die beleid van die ontspanningsvereniging neer. Die ontspanningsbeampte (ontspanningsleier) het die grootste individuele gesag in die vereniging en is direk teenoor die raad verantwoordelik. Hy en die voorsitter van die raad het sodoende noue skakeling. Die ondervoorsitter moet sorg dat daar koördinasie tussen die verskeie komitees is. Die sekretaris het met publisiteit, lidmaatskapbeheer en algemene sekretariële pligte te doen, terwyl die penningmeester verantwoordelikheid vir alle finansiële sake dra.

Hierdie vorm van beheer en bestuur word tans nog nie deur die Suid-Afrikaanse nywerhede toegepas nie. Hoewel spore hiervan in sekere nywerhede aangetref is, funksioneer die klubs verskillend. In soverre die voorsitter en direkteur van ontspanning verantwoordelik teenoor die raad is, is daar ooreenkoms met die aanwysings van bogenoemde tabel. Daarna volg as 't ware geen beleid nie en word alle verantwoordelikhede op die skouers van die direkteur van ontspanning gelê. Slegs in twee nywerhede word hul deur onderbestuurders bygestaan. Die organisasie en administrasie van die klubgeboue en fasiliteite is so uitgebrei dat hul aandag en tyd voltyd daardeur in beslag geneem word. Hul moet die pligte van voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en penningmeester vul, gevolglik is daar meestal nie sisteem en orde in die administrasie en organisasie nie. Verder word hul aandag deur algemene sake in beslag geneem dat hul nie veel tyd vind om aan ontspanning self iets te doen nie. Daarom word min

/aandag.....

aandag aan sake soos publisiteit, koördinerings van aktiwiteite en aanmoediging van nuwe klubs, gegee. Inderwaarheid gaan ontspanningsklubs volgens my mening mank aar personeel tekort. Indien ontspanningsleiers aangestel word wat deur 'n sekretaris en penningmeester saam met hulpleiers bygestaan word, behoort daar groter uitbreiding op die gebied van nywerheidsontspanning te kom. Dit sal goeie dividende vir sowel die ontspanningsklub en nywerheid in Suid-Afrika afwerp.

(d) Konstitusie en bywette van die ontspanningsvereniging.

Die konstitusie en bywette is noodsaaklik om reël en orde in die ontspanningsvereniging te hê. Dit moet 'n geskrewe dokument wat die beleid, reëls en regulasies van die vereniging vaslê, wees. Dit moet in verstaanbare taal geskrywe wees sodat dit duidelik vir elkeen is, kort en saaklik, maar **nogtans** breedvoerig genoeg, sodat dit alle noodsaaklike sake insluit om wanindrukke en misverstand te voorkom.

Na aanleiding van die studie van Duggins en Eastwood (2 : 176) op 40 nywerhede se konstitusies en bywette, het hul 'n model konstitusie opgestel wat die volgende belangrike sake insluit: naam van vereniging; doel van die ontspanningsvereniging; 'n omskrywing van lidmaatskap; orde en samestelling van die raad van direkteure en bestuur wat beheer moet uitoefen; die aanstelling en pligte van al die uitvoerende beamptes van die vereniging; prosedure van algemene reëlins en onderhoude; prosedure van vergaderings en vasstellings van kworums; wyse van aanvulling van vakante poste; hoe die konstitusie verander mag word. Oor die bywette is die volgende belangrike aanbevelings gemaak: definisie van verskillende lede en metode van aansluiting; lidmaatskapgeld; orde van werksaamhede gedurende die jaar, soos beplanning van datums van vergaderings, voorlegging van state en rapporte en derglike sake; lys van verskillende komitees; rangorde van vergaderings; wyse van die verkiesing van komiteeledede.

Ten opsigte van konstitusies en bywette is die nywerhede ter plaetse goed ingerig en vervat die aanbevelinge van Duggins en Eastwood vry algemeen. Selfs die tabaknywerheid wat nie oor

'n selfstandige ontspanningsvereniging met eie fasiliteite en apparaat beskik nie, het 'n konstitusie. Slegs in een geval is die konstitusie baie lywig, andersins is dit kort en bondig.

(e) Fasiliteite en apparaat van die ontspanningsvereniging.

Om die nodige belangstelling te verkry, is die voorsiening van goedbeplande en -toegeruste fasiliteite en apparaat uiters noodsaaklik. Dit moet aanpas by die behoeftes van die lede. Indien voldoende voorsiening onmoontlik is, moet die moontlike gebruikmaking van fasiliteite van ander instansies, soos munisipaliteite, skole en derglike instansies ondersoek word. Veral in gevalle waar fasiliteite hoë kapitaalbesteding in verhouding met die aantal deelnemers, byvoorbeeld muurbal, atletiek en gholf, kan met ander instansies koöperatief saamgewerk word. Om die hoogsmoontlike bruikbaarheid van die beskikbare ruimte te verkry, is deeglike beplanning uiters noodsaaklik.

Nywerhede in Suid-Afrika is, met uitsondering van een geval waar die aanvraag die voorsiening oorskrei, besonder goed met fasiliteite en apparaat toegerus. Slegs 6 persent van die vraelyste aan werknemers beskou die fasiliteite as onvoldoende. In hierdie gevalle het die klagtes gegaan oor fasiliteite vir aktiwiteite wat baie min belangstelling by werknemers geniet en graag deur individue beoefen wil word. Oor die algemeen gereken, is hierdie afdeling van ontspanning aan ons nywerhede baie goed. Die gebruikmaking daarvan laat heelwat te wense oor.

(f) Die belangrikheid van rekords en rapporte.

Anderson (2 : 211) stel die belangrikheid van rekords en rapporte as volg: „A good recordkeeping system provides factual data on the status and progress of the employee recreation program. Adequate records and reports are important aids to future planning and provide a means for quick diagnoses when something goes wrong." Terselfdertyd is hy van mening dat swak administrasie in hierdie opsig een van die grootste leemtes oor die algemeen in nywerheidsontspanning is, en beveel intensiewe navorsing op hierdie gebied aan.

Vir gladde funksionering is aangepaste, asook 'n verskeidenheid van vorms en tabelle noodsaaklik. Campfield (2 : 212) het na 'n intensiewe ondersoek aan 56 nywerhede, 39 paslike vorms ontwerp wat vir die administrasie van nywerheidsontspanning gebruik kan word. Hjeite (32 : 389-407) het ook 'n aantal vorms opgestel, en alhoewel dit meer op munisipaliteite van toepassing is, kan heelwat daarvan in nywerhede nuttig gebruik word. Anderson (2 : 213-222) beveel aan dat rekords en rapporte in vier groepe verdeel moet word, naamlik, rekords wat betrekking op deelname het, uitrusting en fasiliteite, die program en laastens die finansies.

Die administrasie in verband met rekords en rapporte is aan die Suid-Afrikaanse nywerhede net soos die bevindinge van Anderson, baie swak. Meestal beskik die bestuurders van klubs nie oor 'n algemene lys nie, en is nie eens op hoogte van die aantal geregistreerde lede van die verskillende aktiwiteite nie - ook nie van hul algemene bedrywighede nie, wat aantoon dat geen rapporte daarvoor saangestel word nie. Aangesien die bestuurders se program met ander verpligtinge oorlaai is, is dit haas onmoontlik dat hul in hierdie verband deeglike werk kan lewer.

(g) Die publisiteitskomitee.

Die doel van publisiteit is om die program van aktiwiteite aan die werkers bekend te stel en op hoogte van die bedrywighede van elke klub te hou. Om hierdie rede is 'n publisiteitskomitee noodsaaklik.

Vir goeie funksionering moet die komitee op hoogte van die behoeftes, sowel as die doel van die bestuur met ontspanning, wees, aangesien hul publisiteitsprogram daarvolgens ingerig sal wees. Aangesien die behoeftes en belangstellinge van die werkers baie verskil, en die program terselfdertyd deur faktore, soos ouderdomverskille, geslag, werksure, ensovoorts beïnvloed word, is dit noodsaaklik dat die komitee hul deeglik op hoogte hiervan stel. Om al hierdie besonderhede te bekom, sal 'vraelyste („Interest finder") gebruik moet word.

/Die.....

Die „National Industrial Conference Board" (2 : 226) het na 'n ondersoek in 264 nywerhede, die beste publisiteitsmedia onder tien hoofde saamgevat, naamlik, aanplakborde, nywerheidsblaaië, groepbyeenkomste, nuusbriewe, strooibiljette, persoonlike briewe, publieke pers, pamflette, betaalkoeverte en films.

Nie een van die Suid-Afrikaanse nywerhede wat besoek is, beskik oor 'n publisiteitskomitee nie, en moet as 'n ernstige leemte in plaaslike nywerheidsontspanning beskou word. Saam met gebrek aan bekwame leierskap, is ek van mening dat dit een van die grootste oorsake van lae ontspanningsdeelname is. Geen steen word aangeroer om die aktiwiteitsprogram aan werkers bekend te stel na indiensneming nie, gevolglik is hul belangstelling baie swak.

3. Finansiering van nywerheidsontspanning.

Die omvang van nywerheidsontspanning hang grootliks van die finansiële krag van 'n nywerheid af, asook die bedrag wat hiervoor bewillig word. Sonder die nodige finansies is ontspanning onmoontlik, omdat geen fasiliteite of apparaat beskikbaar gestel kan word nie en geen beamptes vir leiding en administrasie in diens geneem kan word nie.

Indien ontspanning aangebied word ontstaan die vraag wie die fondse moet voorsien: die werknemer, of werkgewer, of albei? Die antwoord sal in die volgende gedeelte gevind word.

(a) Metodes van finansiering van die program.

Die metode van die finansiering van ontspanning aan 'n nywerheid sal grotendeels afhang van die kapitale krag waeroor die nywerheid beskik. Dit sal in noue verband staan met die grootte van die nywerheid en aental werknemers wat in diens is. Indien die winste nie so groot is nie, sal die nywerers noodgedwonge op die finansiële hulp van werknemers moet steun vir kapitaalbelegging, soos vir geboue, terreine en apparaat. Onderhoudskostes en lopende uitgawes kan grootliks - of geheel en al - deur die winste van die ontspanningsvereniging gedek word. Indien nywerhede groot winste toon, kan hulle die kapitaalbelegging alleen dra, terwyl die werknemers se lidmaatskapgeld slegs

/vir.....

vir lopende kostes gebruik word.

Die drie moontlike maniere van die finansiering van ontspanning is: deur die werkgewer alleen, of die werknemers alleen, of albei gesamentlik. Hierdie metodes word vervolgens bespreek:

(i) Finansiering deur werkgewer alleen.

Indien die werkgewer oor genoegsame fondse beskik om alle laste rakende ontspanning alleen te dra, sal dit vir die werknemer groot besparing meebring. Dit is egter nie sonder probleme nie, want nie alleen verseker dit 'n toestand van dominerende en alleenseggenskap vir die nyweraar nie, maar terselfdertyd mag die werknemer belangeloos teenoor die ontspanningsgeriewe staan omdat hy geen verpligting daarteenoor dra nie.

Indien die werkgewer volle finansiële verantwoordelikheid dra, kan voorgenoemde gevare grootliks uitgeskakel word deur werknemers gedeeltelike seggenskap op die bestuur te gee. Hoewel die nyweraar nogtans outoritêre gesag sal hê, is werknemers tog daarmee verbind.

Ondersoeke in die verband het die volgende resultate gelewer. Weigle (1 : 281) het in sy ondersoek van 186 nywerhede gevind dat die nyweraars in 176 gevalle die salaris van die direkteur van ontspanning betaal, en daardeur hul gesag kan laat geld. „The National Industrial Conference Board” (2 : 185) het in 264 nywerhede gevind dat werknemer en -gewer in die meeste gevalle gesamentlik tot die kostes bydra. Slegs in 11 persent het die nyweraars alle kostes gedra. 'n Ondersoek van Diehl (2 : 185) het aangetoon dat in 70 persent die nyweraars tot die kostes bygedra het; en wel op 'n persentasiebasis wat gewissel het van 50 - 200 persent van die verenigings se inkomste. Andere het op dollar-vir-dollar-basis bygedra. Die minimum bydrae was 14 sent (10 sent in Suid-Afrika) per werknemer en die maksimum 200 dollar (142.9 rand). Die gemiddelde was 10 dollar (7.2 rand) in nywerhede met minder as 500 werkers, 2.50 dollar (1.8 rand) van 1,000 - 4,999 en 1.88 dollar (1.3 rand) vir oor die 5,000 werknemers.

Hoewel die nyweraars groot bedrae in die ontspanningsklub in die vorm van fasiliteite, soos geboue, velde, apparaat, gereedskap en ook salarisse in sekere gevalle belê het, is die beheer nie outoritêr van aard nie.

(ii) Finansiering deur werknemers alleen.

Hierdie metode staan lynreg teenoor die vorige en word as die ideale toestand beskou. Dit skakel die probleme van die voorvermelde uit en verseker groter belangstelling van die kant van werknemers, aangesien hulself volle verantwoordelikheid dra. Hierin skuil egter die gevaar dat dit groot onkoste vir werknemers kan meebring, en wat tot onwilligheid van lidmaatskap, of die dra van enige verantwoordelikheid aanleiding kan gee. Sodoende word die verantwoordelikheid uiteindelik op 'n klein groepie geplaas.

Hierdie metode word geensins in Suid-Afrika toegepas nie. Aangesien die groter nywerhede finansiële baie sterk is, is dit onnodig om die werker met ekstra onkoste te belas, en word hierdie metode, volgens huidige toestande, deur skrywer afgekeur.

(iii) Gesamentlike bydrae deur werknemer en werkgewer.

Anderson (2 : 190) laat hom oor hierdie metode as volg uit: „The most successful and most commonly used plan is that whereby the company contributes each year the salary of the recreation director and, in addition an amount equal to that collected from the employees in the form of association membership dues.”

Hoewel Anderson voorstel dat nyweraars slegs die ontspanningsleier se salaris moet betaal, het studies wat deur „The National Industrial Conference Board” (2 : 190) gedoen is, getoon dat nywerhede kostes in ander opsigte ook onderneem, waarvan die belangrikste ongelukassuransie is en wat deur werknemers sowel as werkgewers betaal word vir deelnemers wat gedurende deelname beserings mag opdoen.

Die metode van gesamentlike finansiële bydrae word deur die Suid-Afrikaanse nywerhede deurgaans gevolg. Werkgewers doen

/die.....

die kapitaalbelegging vir geboue, terreine en sekere apparaat, veral vir die wat baie duur is. Onderhoudskostes en lopende uitgawes moet deur die ontspanningsvereniging gedra word. Die fondse hiervoor word verkry uit lidmaatskapsgelede van werknemers en ander inkomstes soos drankwinste (wat verreweg die grootste inkomste gee), verhuur van lokale vir funksies, toegangsgelde, klubfoote vir die verskillende aktiwiteite en diverse inkomstes.

Lopende uitgawes wat betaal word, sluit onder andere in, salarisse, meublement en breekware, sekere apparaat, reparasies, skryfbehoeftes, linneware, gereedskap vir terreine en geboue en so meer.

Deur hierdie metode tree die nywerars op as borg vir die verenigings, en indien die uitgawes die inkomstes sou oorskry, verleen hulle hulp. Die verskillende ontspanningsverenigings wat ondersoek is, is egter almal selfonderhoudend, en is die winste in sommige gevalle selfs sodanig dat dit as trustgelede belê word en as sekuriteit vir die vereniging dien, of andersins word dit vir uitbreiding van ontspanningsfasiliteite aangewend.

Die finansiële toestand van die groot ontspanningsverenigings in Suid-Afrika kan dus as goed gereken word.

(b) Kostes van nywerheidsontspanning.

Volgens „The Wall Street Journal” (2 : 192) is ongeveer 800 miljoen dollar (5,714.3 rand) gedurende 1953 in Amerika aan nywerheidsontspanning bestee. Dit is ongeveer 15 persent meer as in 1952 en 50 persent meer as wat in 1948 in hierdie verband spandeer is. Volgens hierdie syfers is dit duidelik dat nywerheidsontspanning vanaf die vyftigerjare toegeneem het. Geen syfers is oor dieselfde toestand in Suid-Afrika beskikbaar nie. Omdat volledige finansiële verslae in sekere gevalle vir hierdie ondersoek nie verkry kon word nie, kan nie 'n beraming gemaak word nie.

„The National Industrial Conference Board” (2 : 193) het 'n studie van die kostes per werker gemaak en gevind dat dit in die 155 nywerhede wat ondersoek is van 50 sent (3.6 sent) tot 2 75 dollar (1.99 rand) gewissel het. Die gemiddelde syfer was

/5 dollar...

5 dollar (3.6 rand), terwyl dit vir die verskillende groottes van nywerhede as volg was: minder as 500 werkers, 14.60 dollar (10.4 rand); 500 tot 999, 8 dollar (5.7 rand); 1,000 tot 4,999, 4 dollar (2.9 rand). Die kostes per werker in die groot nywerhede is dus merkbaar minder. Ook in hierdie verband is nie gegewens deur hierdie ondersoek versamel, wat 'n betroubare weergawe van die kostes per werker kan gee nie.

In verband met die salarisse van ontspanningsleiers het die „National Industrial Recreation Association" in 72 nywerhede gevind dat dit van 3,600 - 10,500 dollar (2,572.4 - 7,500 rand) gewissel het, terwyl die gemiddelde salaris 6,597 dollar (4,712.1 rand) was. In Suid-Afrika wissel die salarisse tussen 3,000 - 4,000 rand benewens ander voorregte, byvoorbeeld vry inwoning.

Mihalko (2 : 196) het ondersoek ingestel na die kostes verbonde aan fasiliteite. Hy het gevind dat 18.5 persent van die ontspanningsbegroting aan die sestien gewildste aktiwiteite wat in 86 nywerhede nagegaan bestee is, terwyl 26 persent aan uitrusting bestee is en terselfdertyd gevind is dat dit as enkele aspek vir die grootste kostes in nywerheidsontspanning verantwoordelik is.

Oor die algemeen kon nie voldoende gegewens vir hierdie ondersoek in sake die finansiële aspek versamel word om die stand van alle aspekte van nywerheidsontspanning in dier voege te bepaal nie. Die gegewens wat ingewin is, kon nogtans 'n goeie aanduiding van die algemene toestand gee. Dit was egter nie die doel van hierdie ondersoek om in besonderhede van die finansiële toestand van nywerheidsontspanning in te gaan nie, - daarvoor is die terrein te wyd - en kan 'n intensiewer studie in hierdie verband later onderneem word.

H O O F S T U K VI.

AANBEVELINGE.

Die bespreking van die gegewens in die vorige hoofstuk het 'n duidelike beeld gegee van die weg van nywerheidsontspanning wat in ander lande gevolg word en wat in die onderhawige nywerhede in Suid-Afrika onder elk van die genoemde aspekte gedoen word. Uit die kritiek wat daarop gevolg het, kon alreeds afgelei word in watter rigting hierdie aangeleentheid gestuur behoort te word, en is aanbevelinge in baie gevalle reeds gemaak. Daaruit kan egter nie 'n saamgestelde beeld van die leemtes aan die nywerhede¹⁾ wat ondersoek is, verkry word nie.

In hierdie hoofstuk sal slegs die belangrikste aanbevelings gemaak word, wat uit die bespreking gevolg het. Ek wil verder graag die aanbevelings prakties benader, volgens Suid-Afrikaanse toestande wat in baie opsigte van ander lande verskil. Die kennis in ander lande in hierdie verband, sal egter as leidraad gebruik word om aanbevelings te maak wat prakties uitvoerbaar is.

Die aanbevelings is die volgende:

1. Opleiding van Ontspanningsleiers.

Gebrek aan akademiese en professionele ontspanningsleiers (pp. 109-110) wat die bestuur en beheer van ontspanning op bekwame wyse kan behartig, is by uitstek die grootste tekortkoming in nywerheidsontspanning in Suid-Afrika.

Aangesien die leier die spil is waarom die hele sukses van die ontspanningsprogram, asook die organisasie en administrasie draai, en die leemte in hierdie opsig so groot is, bring

/dit.....

1) Die gegewens van hierdie ondersoek kan as van toepassing op alle nywerhede beskou word, omdat die besoekte nywerhede die grootste in Suid-Afrika is, naamlik, myne en staalnywerhede.

dit noodwendig mee dat velerlei ander tekortkominge, weens die afwesigheid daarvan, ook na vore gekom het. Daarom sal sekere aanbevelinge wat afsonderlik bespreek sal word, wel 'n verband met leierskapegebrek toon.

Myns insiens kan die oorsake vir hierdie leierstekort tweërlei wees: óf die nyweraars is nie bewys van die belangrikheid van opgeleide leiers nie, óf daar bestaan nog nie geskikte persone vir hierdie poste nie; óf albei gevälle dra daartoe by. Laasgenoemde geval is eerder van toepassing, want nie alleen doen nyweraars navraag na opgeleide ontspanningsleiers nie, maar die opleiding van persone aan die universiteite is meer opvoedkundig georiënteerd. Opleiding in Liggaamlike Opvoeding aan die vyf universiteite wat opleiding in dier voege verskaf, berei studente hoofsaaklik vir onderwysdoeleindes voor.

Hoewel die liggaamsopvoeders wat tans opgelei word, tydelik in hierdie behoefte kan voorsien, is hul opleiding nie heeltemal so aangepas dat afgestudeerdes ook as bekwame ontspanningsleiers kan optree nie. Die aanvraag by die skole is egter ook so groot dat hierdie persone verkies om die beroepsveld waarvoor hul opleiding ingerig is, te betree. Die gevolg is dat daar nie 'n voerkanaal vir die ontspanningsrigting is nie. Nie alleen sal persone vir ontspanning voorsien moet word nie, maar weens die snelle industriële ontwikkeling, sal die behoefte ooreenkomstig toeneem en die agterstand wat reeds ontstaan het, ook vergroot. Om hierdie rede kan die saak nie langer uitgestel word nie en dien die toestand as 'n waarskuwing aan ons universiteite.

Hoewel die aard en omvang van die opleiding van ontspanningsleiers en die samestelling van leergange eintlik buite die terrein van hierdie studie val, en 'n navorsingsprojek op sy eie is, het die ondersoek nogtans sekere leemtes en behoeftes van nywerheidsontspanning aangedui. Dit kan as riglyne dien van hoedanig die opleiding van ontspanningsleiers kan geskied.

Om 'n goed beplande leergang saam te stel, is dit verder nodig om ondersoek in die ander rigtings van ontspanning, soos munisipaliteite, hospitale, jeugorganisasie en ander instansies

/te.....

te doen om ook hul behoeftes en vereistes vas te stel vir die opleiding van ontspanningsleiers. Die basiese beginsels bly in alle gevalle egter dieselfde, en daarom sal ek op grond van die gegewens van hierdie ondersoek, en soos in ander lande (pp.66-71) toegepas, 'n tentatiewe voorstel vir die opleiding in ontspanningsleierskap maak.

Volgens die aard van ontspanning is die aangewese vakgebied waarby so 'n opleiding moet inpas, die van Liggaamlike Opvoeding. Die leerplanne van die universiteite (Potchefstroom, Pretoria, Stellenbosch, Bloemfontein en Grahamstad) wat hierdie vak aanbied, dek die terrein wat vir die opleiding van ontspanningsleiers noodsaaklik is reeds in 'n groot mate. Die ontbrekende gedeeltes wat vir so 'n opleiding vereis word, kan by die huidige omstandighede aangepas word. Aangesien die rangskikking van die leerstof¹⁾ aan die verskillende universiteite verskillend is, sal die aanpassing dienoreenkomstig gemaak moet word. Dit sal vir sowel die graad- as diplomaopleiding moet geskied. Daarom sal leerplanne wat voorgestel word, slegs tentatief wees en kan as leidraad dien, waarna die aanpassings by elke universiteit afsonderlik geskied.

Op grond van voorgenoemde verskille, sal vervolgens leer- gänge en leerplanne voorgestel word, wat aangepas is vir graad- sowel as diplomaopleiding aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.²⁾ Slegs een voorbeeld word saam- gestel hoewel dit ook onderhewig aan wysiginge is. Die leer- planne mag baie idealisties voorkom maar ek het die veld so groot moontlik gedek sodat 'n keuse daeruit gemaak kan word vol- gens die omstandighede wat invloed daarop kan hê, maar verder ook

/dat.....

-
- 1) Die rangskikking van die leerstof is nie net van toepassing op Liggaamlike Opvoeding nie, maar ook op ander hulpvakke wat noodsaaklik is vir die opleiding van ontspanningsleierskap.
 - 2) Die leergänge en leerplanne is saamgestel met die oog daarop dat studente vir die onderwysrigting sowel as ontspannings- rigting voorberei is.

dat die departemente van Liggaamlike Opvoeding van ander universiteite hul keuse vir aanpassing makliker kan maak.

(a) Aanpassing vir graadopleiding.

Die volgende moontlike leergang word voorgestel:

(i) Hoofvakke.

Liggaamlike Opvoeding en enigeen van die ondergenoemde vakke - by voorkeur 'n skoolvak.

(ii) Verpligte vakke.

Afrikaans-Nederlands I of Engels I; Higiëne I of Fisiologie I of Dierkunde I; Sosiologie I;

(iii) Aanbevole vakke.

'n Keuse van twee kursusse uit die volgende lys: Kunstgeskiedenis en waardering; Musiekgeskiedenis; Biblioteekkunde; Maatskaplike Sorg; een naturelletaal¹⁾; Sielkunde.

(iv) Aangepaste leergang vir Liggaamlike Opvoeding.

Kursus I: Teorie.

- 1) Die Terrein van die Liggaamlike Opvoeding.
- 2) Die Doel van Liggaamlike Opvoeding.
- 3) Die Grondslae van Liggaamlike Opvoeding.
- 4) Die Leerprogram vir Liggaamlike Opvoeding.
- 5) Geskiedenis van Liggaamlike Opvoeding.
- 6) Noodhulp - Laersertifikaat.

Praktiese werk. (mans en dames)²⁾

- 1) Spele
- 2) Gimnastiek
- 3) Atletiek
- 4) Watersport
- 5) Selfverdediging. (slegs vir mans).

Kursus II: Teorie.

- 1) Fisiologie van Liggaamlike Opvoeding.
- 2) Die geskiedenis vir Liggaamlike Opvoeding.
- 3) Korrektiewe Gimnastiek.
- 4) Sportmassage en sportbeserings.

Kursus III: Teorie.

In die derdejaar kan twee moontlikhede gevolg word.

Eerstens kan sekere afdelings van die leerstof gedifferensieer word vir onderwysdoeleindes én ontspanning.

/Of.....

-
- 1) Kandidate wat as ontspanningsleiers vir naturelle wil optree, word aanbeveel om Naturelleadministrasie, Volkekunde en een of meer Bantoetale in hul leergange in te sluit.
 - 2) Die praktiese werk vorm 'n deurlopende geheel van eerste tot derde jaar.

Of

'n Addisionele afdeling, „Ontspanningsleierskap" word by die bestaande werk gevoeg en een periode word per week daaraan gewy.

Die twee moontlikhede kan as volg aangebied word:

- 1) Toetsing en meting in die Liggaamlike Opvoeding.
- 2) Kinesiologie in die Liggaamlike Opvoeding.
- 3) Vraagstukke van die Liggaamlike Opvoeding - gedifferensieer.
- 4) Administrasie en organisasie van Liggaamlike Opvoeding - gedifferensieer.

OF

- 1) Toetsing en Meting in die Liggaamlike Opvoeding.
- 2) Kinesiologie in die Liggaamlike Opvoeding.
- 3) Vraagstukke van die Liggaamlike Opvoeding.
- 4) Administrasie en Organisasie van die Liggaamlike Opvoeding.
- 5) Ontspanningsleierskap.

Die leerplan van Ontspanningsleierskap sal die volgende belangrike onderdele beslaan:

- 1) Filosofie van Vryetyd en Ontspanning.
- 2) Geskiedenis van Ontspanning.
- 3) Die Kenmerke en Voordele van Ontspanning.
- 4) Leierskap in Ontspanning.
- 5) Die Administrasie en Organisasie van Ontspanning (aangepas).
- 6) Finansiëring van ontspanning.

(b) Aanpassing vir Universiteitslaerskoolonderwys-diploma en -opleiding (U.L.O.D.)

Die opleiding word aangepas by die Universiteitslaerskool-
onderwysdiplomakursus wat tans aan die Potchefstroomse Univer-
siteit vir Christelike Hoër Onderwys bestaan. Hierdie diploma-
kursus is geskik vir leerlinge wat nie toelating vir graad het
nie, maar nogtans in besit is van 'n matrikulasiesertifikaat.
In Transvaal sal dit veral van toepassing wees op leerlinge wat
die B-kursus of Eindkursus in die gedifferensieerde onderwys-
stelsel gevolg het.

Die volgende leergang word aanbeveel:

Eerste jaar.

Afrikaans-Nederlands IA.
Engels IA.
Liggaamlike Opvoeding I.
Sosiologie I.
Higiëne I of Fisiologie I.

Tweede jaar.

Liggaamlike Opvoeding II.

/Kunsgeskiedenis.....

Kunsgeskiedenis en -waardering I.
 Musiekgeskiedenis I.
 Rekenkunde vir die Laerskool.
 Algemene Wetenskap.
 Bordwerk en Tekene.
 Kunsvlyt of Naeldwerk.
 Noodhulp- Laersertifikaat.
 Proefonderwys.

Derde jaar.

Teoretiese Opvoedkunde.
 Praktiese Opvoedkunde.
 Empiriese Opvoedkunde.
 Historiese Opvoedkunde.
 Laerskoolmetodiek.
 Afrikaanse en Engelse Taalwerk.
 Ontspanningsleierskap.

Leerplan vir Ontspanningsleierskap.

Die leerplan wat volg, is baie breedvoerig saamgestel met die oog daarop dat 'n keuse vir aanpassing aan die verskillende universiteite gemaak kan word.

Die leerplan kan uit die volgende onderdele saamgestel word:

1. Algemene metodiek.
2. Gesondheidsopvoeding.
3. Besondere metodiek van die liggaamlike, sosiale en kulturele aktiwiteite.
4. Metodiek van buiteligontspanning.
5. Metodes van administrasie en organisasie.
6. Noodhulp - gevorderde sertifikaat.
7. Metodiek van programbeplanning en ander belangrike ontspanningsaspekte.
8. Veldwerk in ontspanning en proefonderwys.
9. Praktiese werk - 'n voortsetting van kursus I en II in Liggaamlike Opvoeding.

(c) Aanpassing vir die Universiteitsonderwysdiploma. (U.O.D.)¹

Die volgende leergang word vir studente voorgestel wat 'n graad met Liggaamlike Opvoeding as een hoofvak afgelê het en die Universiteitsonderwysdiploma wens te volg.

Teoretiese Opvoedkunde.
 Empiriese Opvoedkunde.
 Historiese Opvoedkunde.
 Praktiese Opvoedkunde.
 Afrikaans en Engelse Taalwerk.
 Kunsvlyt.
 Biblioteekkunde.
 Bordwerk.
 Metodiek van tweede hoofvak.
 Ontspanningsleierskap.

/Die.....

1) Die diploma word aan die universiteite verskillend benaam, maar is die ekwivalent van U.O.D. Stellenbosch bied byvoorbeeld die S.O.D., en Pretoria die H.O.D., aan.

Die leerplan vir ontspanningsleierskap is dieselfde as wat vir die Universiteitslaeronderwysdiploma voorgestel is (kyk p. 187).

(d) Algemeen.

Die leergange en leerplanne vir sowel die graad- as diplomaopleiding is so saamgestel dat studente se werkprogram ooreenstem met die opleiding soos dit tans is. Verder is getrag om die vakke so saam te stel dat studente gekwalifiseer is om sowel die onderwys- as ontspanningsveld op 'n bekwame wyse te betree.

2. Beroepsekuriteit vir ontspanningsleiers.

Die universiteite moet nie alleen opgeleide leiers voorsien nie, maar nyweraars (ook ander instansies soos munisipaliteite) dra die verantwoordelikheid om die nodige beroepsmoontlikhede vir hierdie persone te skep. Daarom is dit noodsaaklik dat nyweraars hieromtrent ingelig word. Hul moet egter verder daarop gewys word dat ontspanning nie alleen tot voordeel van hul eie saak is nie, maar dat ontspanning ook veel bydra om die fiksheidspeil van 'n volk te verhoog (p. 2) en dat hulle ten opsigte daarvan ook 'n verantwoordelikheid dra. Dit is dus hul plig om fasiliteite en ander ontspanningsgeriewe vir hul werkers te voorsien, en dit onder toesig van 'n opgeleide persoon te plaas wat sal toesien dat dit nuttig gebruik word. Hoewel nyweraars in Suid-Afrika hul plig ten opsigte van fasiliteite en ander geriewe in 'n groot mate nakom (vergelyk fasiliteite pp. 132-136) maak hulle nie van die beste leiding gebruik nie. Hiervoor dien die lae deelnamesyfers in die verskillende aktiwiteite as bewys (vergelyk deelnemerslys pp. 122 - 125). Hul behoort veral meer gebruik te maak van vroulike ontspanningleidsters.

Om 'n balans te verseker moet universiteite en nyweraars saamwerk en moet eersgenoemde die versekering verkry dat die produk wat vir ontspanning gelewer word, in die praktyk opgeneem sal word. Daarom word aanbeveel dat hierdie verantwoordelikheid onder die aandag van nyweraars (ook ander instansies) gebring moet word. Dit kan byvoorbeeld deur die pers, radio en ander

kommunikasie-middele, asook deur persoonlike verbinding geskied.

Aangesien met die nyweraars in hierdie ondersoek in hierdie verband onderhandel is, is die behoefte na 'n bespreking terdeë beseft, en kan met groot gerustheid aanvaar word dat 'n algemene oproep aan ons nywerhede goeie reaksie sal uitlok.

Hierdie hele aangeleentheid het nie net op die blankes betrekking nie, maar dieselfde beginsels raak ook die ontspanning van nie-blankes.

3. Aanmoediging tot groter deelname.

'n Algehele poging moet aangewend word om die entoesiasme van die werkers te prikkel tot deelname. Nie alleen sal die teenwoordigheid van 'n bekwame leier veel daartoe bydra nie, maar van nywerheidsweë kan eweëns opgetree word en wel op die volgende wyse.

(a) Publisiteitsmetodes.

Metodes moet beplan en hulpmiddels gevind word om die belangstelling van albei geslagte van werkers, asook van verskillende ouderdomsgroepe, ten opsigte van ontspanning vas te stel. Op hierdie wyse kan fasiliteite dan dienooreenkomstig voorsien en toegerus word.

Deur voorgenoemde optrede te volg, verskil dit van die huidige toestand (pp. ¹¹⁴⁻115) en versoeke van die kant van die werkers aan die nyweraars moet gerig word om nuwe aktiwiteite aan te vul. Deur middel van die voorgestelde plan word laasgenoemde toestand nie alleen uitgeskakel nie, maar werknemers sal sien dat hul werkgewers hul belange meer op die hart dra en dit sal as prikkel dien om werknemers meer belangstellend jeens ontspanning in te stel en hul makliker tot deelname te laat oorgaan. Sodoende sal die deelnamasyfers nie alleen in die liggaamlike aktiwiteite toeneem nie, maar kulturele en sosiale, sowel as buitelugontspanning, kan meer tot hul reg kom en die aantal aktiwiteite, sowel as die ledetalle, kan toeneem.

Die volgende metodes en hulpmiddels word aanbeveel om genoemde uitbreidings aan te bring:

/Eerstens.....

Eerstens kan die sogenaamde „interest finders“ deur vraelyste tussen werkers gesirkuleer word, waarop 'n lys van aktiwiteite verskyn en voltooi word. Aangesien sommige van die gelyste aktiwiteite aan werkers onbekend sal wees, kan die vraelyste voorafgegaan word deur saamgestelde brosjures waarin 'n uiteensetting van die aktiwiteite kortliks gegee word. Hierdie metodes kan deur demonstrasie aangevul word.

Tweedens kan publisiteitsmiddels nuttig gebruik word. Deur middel van pamflette, tydskrifte, aanplakborde, betaal-koeverte, omsendbriewe en derglike vorme van publisiteit, asook die bioskoop, kan die aktiwiteitsprogram en besonderhede daarvan aan die werkers bekendgestel word.

Voorligtingslesings kan ook waardevol aangewend word. Gedurende werktyd of pouses kan met behulp van kommunikasie-stelsels en/of persoonlike optrede, na gelang van die omstandighede, sekere aspekte periodiek uiteengesit, en sodoende bekendgestel word. Persoonlike besoek oor 'n langtermynperiode sal egter die ideale toestand wees. Dit kan egter verskeie probleme oplewer. Nie alleen is dit tydrawend nie, maar sal ook steurend gedurende werksure wees, en sal werkers nie die nodige aandag kan skenk nie.

(b) Beginnersklasse.

Beginnersklasse is een van die beste metodes om die belangstelling te prikkel. Volgens huidige toestande het baie persone van hul jeugjare, tot selfs in die hoë ouderdom, aan slegs een sportsoort deelgeneem en sodoende nooit kennis gemaak met die spelmetodes en reëls van ander aktiwiteite nie. (Voorbeelde hiervan is rugby, sokker en atletiek.) Die gevolg is dat sulke persone geheel en al passief raak na staking van deelname en belangstelling verloor, omdat hul heel dikwels skaam is om 'n nuwe sportsoort op 'n gevorderde leeftyd aan te leer, of niemand gretig is om so 'n persoon die reëls en elementêre tegnieke van so 'n sportsoort, te verduidelik nie. Georganiseerde beginnersklasse kan hierdie probleme grootliks /uitskakel.....

uitskakel, veral as dit in ouderdomsgroepe ingedeel word.

Hulpleiers met kennis en ervaring van spesifieke aktiwiteite kan gebruik word, om onder leiding en toeligting van die ontspanningsleier, hierdie klasse waar te neem.

Op dieselfde beginsels as die beginnersklasse kan ook leiding en afrigting aan die gevorderde deelnemers gegee word om hul spel te verhoog.

Beginnersklasse kan op die verskillende gebiede van ontspanning, liggaamlik, sosiaal, kultureel en buitelandse ontspanning toegepas word.

Nywerhede behoort in die toekoms ook meer van gespesialiseerde afrigters gebruik te maak. Groter nywerhede kan verskeie sulke persone wat onderrig in slegs een aktiwiteit, of waar die belangstelling dit nie regverdig nie, in meer aktiwiteite gee, aanstel. Dit geld vir sowel beginners as gevorderdes. Indien van hierdie afrigters gebruik word, sal die hulpleiers, waarvan melding gemaak is, hul bystaan.

(c) Verbetering van familie-ontspanning.

Gesamentlike familie-ontspanning is aan die nywerhede ter plaatse baie swak. Een van die grootste oorsake, na my mening, is die feit dat vrouens van werknemers nie veel van die geriewe gebruik maak nie. Daarom moet doelbewuste pogings aangewend word om hulle te betrek, en dit sal op die wyse slaag, indien vroue leidsters wat deur besondere toewyding na die belange van die vrou kan omsien, gebruik word. Hierdie moontlikheid geniet tans nog maar baie min aandag. Die metodes en middels wat gebruik moet word, is in ooreenstemming met die wat in die vorige paragrawe reeds beskryf is.

4. Beter programbeplanning.

Swak programbeplanning is een van die belangrikste oorsake vir die lae deelnamesyfer in die meeste aktiwiteite. Werkers word nie op hoogte gestel van die program van aktiwiteite wat deur die ontspanningsvereniging aangebied word en hoe dit beplan is nie. Daarom is dit noodsaaklik dat gesistematiseerde

dag-, week-, maand- en jaarroosters opgestel moet word waarop 'n seisoen-, dag-, uur- en plekindeling van elke aktiwiteit gemaak word. So 'n rooster moet dan onder die aandag van werkers deur een of meer van die publisietsmetodes gebring word.

Met die opstel van 'n rooster moet die volgende sake in aanmerking geneem word: botsings van aktiwiteite wat van dieselfde fasiliteite gebruik maak; tye van deelname vir beginners, sowel as gevorderdes, moet voorsien word; ouderdomsgroepe moet, waar nodig, geskei word; die aantal deelnemers van elke aktiwiteit moet in ag geneem word; seisoene waarin aktiwiteite beoefen word, moet vasgelê word.

5. Verbetering van algemene administrasie en organisasie.

Benewens beter beplande programme kan die administrasie en organisasie van veral die ontspanningsaktiwiteite sigself uitgebrei word. Kaarte en verslae wat die funksionering van elke aktiwiteit aandui; byvoorbeeld, ledetal, kontrole van deelname van lede, reëlings van wedstryde, inventaris van apparaat, voorbereiding van velde vir mededinging of ander samekomste, soos vergaderings, funksies en so meer, moet aangebring word. Dit sal die ontspanningsleier op hoogte van die bedrywighele van elke aktiwiteit hou en sy algemene beplanning en werkprogram vergemaklik. Sodoende kan die leemtes en behoeftes van aktiwiteite makliker vasgestel word.

6. Aanvang van Pouseontspanning.

Aangesien hierdie deel van ontspanning geheel en al agterweë gelaat word, en tans geen belangstelling in ons nywerhede geniet nie, sal in die toekoms besondere aandag daaraan gegee moet word en 'n doelbewuste aksieprogram opgestel word. Die beste wyse van aanvang en funksionering daarvan, moet ondersoek word volgens die omstandighede aan elke nywerheid en dienoreenkomstig moet fasiliteite voorsien word. Om hierin te slaag is georganiseerde leiding 'n vereiste en daarom moet opgeleide ontspanningsleiers voorsien word.

Nywerhede sal ook mettertyd aan die voordele en noodsaaklikheid.....

likheid van nywerheidsgimnastiek aandag moet gee en dit by die ontspanningsprogram byvoeg. Ek is egter van mening dat hieraan eers aandag gegee moet word nadat na-werkseontspanning en pouse-ontspanning op 'n stewige grondslag geplaas is, omdat die grootste behoeftes tans in daardie rigtings bestaan.

7. Finansiële beleid.

Nywerhede is tans te veel ingestel op die winste wat uit drankverkope verkry word en wat tot euwels, soos drankmisbruik en huisverwaarlosing lei. Inderdaad word die ontspanningsmotief op hierdie wyse verbygegaan en heilig die middel nie altyd die doel nie.

Deur noukeurige beplanning kan die inkomstes op velerlei ander maniere geïen word en kan hierdie afkeurenswaardige toestand uitgeskakel word. Die volgende paar aanbevelinge kan aangewend word om die inkomstes te verhoog:

(a) Aangesien lidmaatskapsgelede tans nie so hoog is nie, kan dit in 'n geringe mate opgeskuif word. Dienooreenkomstig kan die nywerhede op 'n R-vir-R- basis bydra, benewens ekstra verpligtinge wat deur die nywerheid, in plaas van die ontspanningsvereniging, gedra kan word. Dit sluit byvoorbeeld sekere salarisse, soos ^{van} ontspanningsleiers, pensioengelede, siektefondse, werkloosheidsfondse en verlofbonusse van alle werkers by die ontspanningsklub in. Nyweraars moet egter in alle gevalle die kapitaalbesteding van geboue, terreine en fasiliteite dra.

(b) Toegangsgelde kan 'n groot bron van inkomste wees. Nywerhede maak tans baie selde hiervan gebruik. Indien byeenkomste beter bekendgestel en georganiseer word, byvoorbeeld, meer byeenkomste vir die verskillende aktiwiteite gereël word - veral onder spreiligte - kan die inkomste van indiwiduele klubs, sowel as die ontspanningsklubs, aansienlik styg.

(c) Deur fasiliteite en gebou(e) aan private persone en instansies meer dikwels te verhuur, kan dit as 'n belangrike bron van inkomste dien.

8. Verdere studie.

Die doel van hierdie studie was om nywerheidsontspanning oor die algemeen in Suid-Afrika te ondersoek en nie sekere aspekte daarvan na te gaan nie. Die gegewens wat versamel is (kyk Hoofstuk IV) dui daarop dat verdere studie in besondere rigtings van nywerheidsontspanning noodsaaklik is vir aanpassing hiervan vir Suid-Afrikaanse toestande.

'n Paar voorbeelde waerin studie onderneem kan word, is die volgende:

(a) Aangepaste programme vir verskillende soorte nywerhede: sekondêre en primêre nywerhede; groot en klein nywerhede; myne; staalnywerhede; motornywerhede, en so meer.

(b) Leergange en leerplanne vir die opleiding in ontspanningsleierskap.

(c) Die plek wat pouse-ontspanning en nywerheidsgimnastiek in nywerheidsontspanning moet inneem.

(d) Onderzoek in die finansiële aspek van nywerheidsontspanning.

(e) Koördinering van nywerheidsontspanning met ander ontspanningsinstansies, soos munisipaliteite, jeugorganisasies en privaat-instansies.

(f) Die administrasie en organisasie van ontspanning aan die nywerhede.

(g) Die bydrae van nywerheidsontspanning tot volksgesondheid en fiksheid.

(h) Die uitleg van terreine, geboue en fasiliteite vir nywerheidsontspanning.

(i) Die noodsaaklikheid en organisasie van buitelugontspanning as deel van die ontspanningsprogram.

BIBLIOGRAFIE.

1. Anderson, Jackson, M. „A Survey of Recent Research findings in Industrial Recreation.” Research Quarterly, 22:3 (Oktober 1951), 273-285.
2. _____ Industrial Recreation. McGraw-Hill Book Company, Inc. N.Y., London, 1955.
3. _____ „Industrial Recreation”. The Journal of Health, Physical Education and Recreation, 21:9 (November 1950), 26-27.
4. Barker, Ernest. The uses of leisure. British Institute of Adult Education, London, (Onbekend).
5. Berends, J.J. „Bedryfs-Liggaamlike Opvoeding”, XV:2. Vigor, (Maart 1962), 16-19.
6. Bosman, V. Industrial Development in South-Africa. Government Printer, Pretoria, S.A., 1936.
7. Boyd, William. The Challenge of Leisure. New Education Fellowship, London, 1936.
8. Brockman, C. Frank. „Toespraak by die vergadering van die S.A. Natuurunie in Pretoria”. Die Transvaler, 24:253, (Donderdag 27 Julie 1961), 4
9. Brownell, C.L. & Hagman, E.P. Physical Education-Foundations and Principles. McGraw-Hill Book Co., Inc. N.Y., 1951.
10. Burns, C.D. Leisure in the Modern World. George Allen & Urwin, Ltd., London, 1932.
11. Butler, G.D. Introduction to Community Recreation. McGraw-Hill Book Company, Inc., N.Y., 1940.
12. _____ Playgrounds: Their Administration and Operation. A.S. Barnes, & Co., 1936.
13. _____ Recreation Areas: Their Design and Equipment. A.S. Barnes & Co., 1947.
14. Corbin, H.D. Recreation Leadership. Prentice-Hall, Inc. N.Y., 1953.
15. Crossan, J.R. „Leadership”, Vigor, XV: 2 (Maart 1962.), 8 - 14.
16. Curtis, H.S. Education Through Play. The MacMillan, Company, N.Y., 1915.

17. Davis, J.E. Play and Mental Health.
A.S. Barnes & Co. N.Y. 1938.
18. Dubin, R. The World of Work.
Prentice-Hall, Inc. N.Y., 1958.
19. Duggins, G. Herbert and Eastwood, Floyd. R. Planning Industrial Recreation.
Purdue University, Lafayette, Indiana, 1941.
20. Dulles, F.R. America Learns to Play.
Peter Smith, N.Y., 1952.
21. Durant, Henry The Problem of Leisure.
George Routledge & Sons Ltd., London, 1938.
22. Erlank, W. du P. „Toespraak by die afsluitingsbyeenkoms van die Afrikanerklub in Bloemfontein.“
Dagbreek en Sondagnuus, 16:22 (Sondag 2 Desember 1962), 10.
23. Erwee, J.J. „Nywereheidsontspanning.“ Vigor, II : 1. (Desember 1948), 10-11.
24. _____ „Nywereheidsontspanning.“ Vigor, II : 2 (Maart 1949), 40 - 42.
25. _____ „Nywereheidsontspanning“, Vigor, II : 3 (Junie 1949), 40 - 43.
26. _____ „Nywereheidsontspanning“, Vigor, II : 4 (September 1949), 50-51.
27. Fitzgerald, G.B. Community Organization for Recreation, A.S. Barnes and Company, N.Y., 1948.
28. _____ Leadership and Recreation. A.S. Barnes & Co., N.Y., 1951.
29. Frankl, P. Machine-Made Leisure;
Harper & Brothers Publishers, N.Y. & London, 1932.
30. Friedmann, E.A. and Havithurst, R.J. The meaning of work and retirement.
The University of Chicago Press, Chicago, 1954.
31. Friedmann, G. Industrial Society. The Free Press Publishers, Glencoe, Illinois, 1955.
32. Hjekte, G. The Administration of Public Recreation. The MacMillan Co., N.Y., 1940.
33. Hughes, W.L. & Williams, J.F. Sports - Their Organization and Administration.
A.S. Barnes & Co., N.Y., 1944.
34. Hutchinson, John L. Principles of Recreation.
The Roland Press Co., N.Y., 1951.
35. Industrial Welfare Society. Recreation in Industry. Industrial Welfare Society, London, 1949.

36. Jacks, Lawrence P. Education Through Recreation. University of London Press, Ltd., London., 1932.
37. Jenny, John H. Introduction to Recreation Education. W.B. Saunders Co., Philadelphia & London, 1955.
38. Jones, A.J. Principles of Guidance, and Pupil Personal Work. McGraw Hill, N.Y., 1951.
39. Jones, A.M. Leisure Time Education. Harper & Bros., N.Y., 1946.
40. Kallen, H.M. Education The Machine and The Worker, New Republic., Inc., N.Y., 1925.
41. Kimball, D.S. & Kimball D.S. Principles of Industrial Organization, McGraw-Hill Book Co., Inc., N.Y. & London, 1939.
42. Lee, M. The Conduct of Physical Education: Its Organization and Administration. A.S. Barnes & Co., N.Y., 1937.
43. Lindeman, Eduard C. Leisure - A National Issue. Association Press, N.Y., 1939.
44. Lipovetz, F.J. Recreation: A Handbook of Playground, School and Adult Recreation. Burgess, 1941.
45. Lundberg, G.A.; Komarovsky, M.; McInery, M.A. Leisure: A Suburban Study, Columbia University Press, N.Y., 1934.
46. May & Petgen. Leisure and its Use., A.S. Barnes & Co., N.Y., 1928.
47. Meyer, H.D. & Brightbill, C.K. Community Recreation. Prentice-Hall, Inc., New Jersey, 1956.
48. Meyer, Harold D, & Brightbill, Charres K. Recreation Administration: A Guide to its Practices. Prentice-Hall, Inc., New Jersey, 1956.
49. Miller, D.C. & Form, W.H.: Industrial Sociology. Harper & Brothers, N.Y., 1951.
50. Missen, Leslie R. The Employment of Leisure. A. Wheaton & Co., Ltd., London, 1936.
51. Mitchell, J.B. & Mason, M.S. The Theory of Play. A.S. Barnes & Co., N.Y., 1948.
52. Nash, Jay B. Philosophy of Recreation and Leisure. The C.V. Mosby Co., St Louis, 1953.
53. _____ Spectatoritis. A.S. Barnes & Co., N.Y., 1937.
54. _____ The Organization and Administration of Playgrounds and Recreation. A.S. Barnes & Co., 1927.

55. National Recreation Association. Recreation for Workers. National Recreation Association, N.Y., 1944.
56. _____ Recreation for Industrial Workers. Nat. Recr. Ass., N.Y., 1945.
57. _____ Recreation Services for Industrial Workers. National Recreation Association, N.Y., 1942.
58. Neumeier, M.H. & Neumeier, E.S. Leisure and Recreation. A.S. Barnes & Co., N.Y., 1949,
59. Pack, A.N. The Challenge of Leisure. The MacMillan Co., N.Y., 1936
60. Petrill, J. After the Whistle Blows. The William-Frederick Press. N.Y., 1949.
61. Pieper, Josef. Leisure The Basis of Culture. Faber & Faber, Ltd., London, 1952.
62. Pound, A. The Iron Man in Industry. The Atlantic Monthly Press, Boston, 1922.
63. Rainwater, C.E. The Play Movement In the United States. The University of Chicago Press, Chicago, 1922.
64. Reaney, M.J. The Place of Play in Education. Methuen, London, 1927.
65. Romney, G.O. Off The Job Living. A.S. Barnes and Company, Publishers, N.Y., 1946.
66. Sharman, J.R. The Teaching of Physical Education. A.S. Barnes & Co., 1939.
67. Shaw, J.H., et all Individual Sports for Men. W.B. Saunders Co., London, 1950.
68. Simnett, W.E., Leisure - How To Enjoy It. George Allen & Unwin Ltd., London, 1946.
69. Slavson, S.R. Recreation and the Total Personality. N.Y. Association Press, 1948.
70. Solomon, B. Leadership of Youth. Youth Service, Inc., N.Y., 1950.
71. Staley, E. Creation and Industrial Civilization. The Bodley Head, London, 1952.
72. Steiner, J.F. Americans at Play. McGraw-Hill Book Co., Inc., N.Y., 1933.
73. Stone, Walter L. The Field of Recreation. The William - Frederick Press., N.Y., 1949.
74. Tead, O. The Art of Leadership. MacGraw-Hill Book Co., Inc., N.Y., 1935.
75. The Athletic Institute. A Guide for Planning Facilities for Recreation, Physical & Health Education. The Athletic Institute, Illinois, 1947.

76. The Athletic Institute. Essentials for Developing Community Recreation.
The Athletic Institute, Illinois, 1953.
77. Theron, E. Fabriekswerkers in Kaapstad.
Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad, S.A., 1944.
78. Veldkamp, B. Bedriyfs - Lichamelijke Opvoeding.
Uitgeverij Schuyt, N.V., Baarn, 1953.
79. Vorster, B.J. „Rapport oor toespraak gelewer by die opening van 'n algemene vergadering van die S.A.Natuurunie in Pretoria." Die Vaderland,
XXVI : 7639, (26 Julie 1961),
6.
80. Walker, L.C. Distributed Leisure.
The Century Co., N.Y. & London, 1931.
81. Weber, C.E. & Weber, M.A. Fundamentals of Education Leadership. Exposition Press, N.Y., 1961.
82. Weis, L.H. Europe at Play.
A.S. Barnes & Co., N.Y., 1937.

BYVOEGSEL.PHYSICAL EDUCATION IN A FEW SOUTH AFRICAN INDUSTRIES.1. THE PROBLEM AND THE PURPOSE OF THIS RESEARCH.

Manufacturers in various countries like America, Germany, France, Sweden, Norway, Belgium and the Netherlands realized especially after the First World War (1914-1918) that the growing industrialisation causes more strain on the employees and thus lowers their working capacity. The employers have recognised recreation as an important means of developing the physical and mental ability of the employee.

Because industrialisation in South Africa has greatly extended during the past few decades, this research has been undertaken with the following purposes:

- (a) to determine the present extent of industrial recreation in South African industries;
- (b) to survey the needs for recreation in the industries;
- (c) to make recommendations suitable to the needs.

2. THE METHOD OF THE RESEARCH.

For the collection of the data for the research, three methods were applied:

- (a) the questionnaire- separate questionnaires were drawn up for employees and employers;
- (b) personal interview- discussions were held with several authorities, and this method was combined with the questionnaire;
- (c) personal observation- this method was not applied over a long period, but was used supplementary to the above mentioned methods.

Various aids were used in addition to the basic methods. Except for the study of literature in connection with the subject in other countries, important sources were consulted in the various industries, e.g. pamphlets, constitutions, records and reports.

Seven industries were included in the study, namely two
/mines.....

mines, three steel industries and two secondary industries—a tobacco and clothes factory.

3. THE RESULTS AND RECOMMENDATIONS OF THE RESEARCH.

The data have drawn attention to the following facts:

(a) that industries pay much attention at present to industrial recreation, provide good facilities and are anxious to expand in the field of recreation;

(b) qualified recreation leaders is the most prominent need in industrial recreation at present in South Africa, and their employment can contribute much to better planning of programmes, administration and organisation and more participation of workers and their families;

(c) that universities should train leaders for industrial recreation. A curriculum adapted to that of Physical Education and the Teachers' Diploma at the University of Potchefstroom for C.H.E. is suggested;

(d) that no attention is paid to lunch-hour recreation and that industries should include this in their programmes;

(e) that further study is essential in this field of research.
